

DIE KOMMISSIE HERVAT OP 23 MEI 1990.

VOORSITTER: Ja, mnr. Hattingh?

VERDERE KRUISONDERVRAGING DEUR MNR. HATTINGH: Ek moet net een regstelling maak na aanleiding van 'n stelling wat ek gister aan u gemaak het met 'n verskoning. Ek het gister aan jou gestel dat jy ook in die onderhandelinge met generaal Webb probeer het om die bomskade van die weermag te verhaal. Hy het my na die verdaging kom - kom sien en my meegedeel dat dit nie so is nie. So, dit was my fout gewees. Net voordat ons (10) voortgaan na die koerantberig, het ons ook bietjie verder inligting ingewin aangaande sekere aangeleenthede waarmee ons gister gehandel het. Eerstens, die aanrandings deur u op die swartmanne, die Boyce is geraadpleeg laas nag en indien dit nodig is, indien die Kommissie dink dis nodig dat hy getuig, sal hy getuig dat u hom by twee geleenthede aangerand het. Een keer in die teenwoordigheid van drie ander BSB-lede in 'n hotelkamer. -- Ek sal dit waardeer as hy kom getuig.

Het u - het u hom een keer in die teenwoordigheid van drie lede in 'n hotelkamer aangerand? -- Ek het hom nie (20) aangerand nie. Ek het hom by 'n vorige geleentheid aangerand waarvan op daardie stadium mnr. Cory Meerholz kennis gedra het. Die voorval was met mnr. Verster bespreek. Ek het hom nie in 'n hotelkamer aangerand nie.

Die een van die persone wat daar teenwoordig was, was mnr. Du Plooy. -- Dit mag so wees. Dis mnr. Du Plooy se bewering. Dis bloot toevallig mnr. Du Plooy wat ook hier in gedrang is.

Ja. Goed. Hy sal later indien hy kom getuig die ander name, administratiewe name noem van die ander persone wat (30) teenwoordig was. Hy sal getuig dat u hom aangerand het. Dat

u nou /...

u nou vir Boyce aangerand het in die eerste instansie omdat hy geweier het om finansiële verrekeningsdokumente in blanko te onderteken. Dit was die aard van die dokument wat ek gister na verwys het. -- Dit is - dit is 'n bewering op hierdie stadium van hulle kant af. Ek het niks daarop om te sê nie. Dit is nie die waarheid nie. Dit is wat ek om te sê het - het om te sê.

En in die tweede geleentheid in die hotelkamer, het u 'n merieteverslag oor hom geskryf wat hy moes onderteken. Hy het dit gelees en gesê dit is nie waar wat u daar oor hom geskryf het nie en geweier om dit te onderteken en daarop het u hom aangerand. -- Bloot toevallig skryf ek nie sy meriete nie. Dis die eerste feit. Die tweede feit is, ek het hom nie aangerand nie. (10)

VOORSITTER: Ja?

MNR. HATTINGH: Nou nog 'n aangeleentheid. Die 18 persone waarna u verwys in u eis, ek word meegedeel dat daar geen magtiging was vir die indiensneming van enige sodanige 18 persone wat vooraf nodig was alvorens betalings aan hulle kon gemaak word nie. -- Dis 'n bewering wat gemaak word. Ek het nie die lêers om dit te kan bewys aan hierdie Kommissie nie. (20)

As u die lêers kry, sal u daai 18 persone se name daar kan uithaal? -- Ek kan daardie persone se name uithaal, indien die dokumentasie nie van die lêers verwyder is nie. Dit was een van die punte wat 'n probleem was tussen my en generaal Webb. Daar was persone wat die lêers na my toe gebring het en die eerste lêer wat ek gevat het, was dokumentasie verwyder vanaf die lêer en ek het dit aan hom gestel dat daar dokumentasie verwyder was en daarom ek daardie lêer nie afgeteken het nie. En ook die ander lêers nie afgeteken het nie. (30)

VOORSITTER /...

VOORSITTER: Ja.

MNR. HATTINGH: Mnr. Verster, het u nou die - ag, mnr. Botes, het u nou die koerantberigte weer nagegaan en net gemerk wat verkeerd was? -- Ek het gemerk wat na my sin nie in my woorde gesê was nie, ja.

Ja. My aandag word daarop gevestig, het u nie afskrifte van hierdie dokumente gehou nie? Het - u het hulle dan juis gehou om die eise te kan bewys. -- Van watter dokumente?

Van hierdie eise van hierdie 18 persone.

VOORSITTER: Het - die, dit gaan nou oor die magtiging. -- Ek het die dokumentasie in my besit gehou, wat ek op die ... (tussenbei)

(10)

Sou dit magtigings insluit? -- Wat ek op 23 Augustus 1989 met die voorval tussen Verster en myself, op daardie stadium in my besit was. Ek het nie die ander magtigings gevat nie. Op geen stadium nie. Dit beteken dit wat ek toe in my besit gehad het, het ek vanoggend vir die Kommissie gebring.

Die magtigings wat jy toe gehad het, het nie betrekking gehad op enige van hierdie 18 persone nie. -- Nee.

(20)

Hulle - hulle s'n moet dan alles, almal in die lêers wees. -- Hulle moet in die lêers wees, ja.

Wat is die berigte wat u nou gemerk het? Kan ons nou net deurgaans weer, asseblief?

VOORSITTER: Het - het u nou 'n afskrif van die gemerkte?

MNR. HATTINGH: Ek het nie 'n afskrif van die gemerkte ene nie. -- Kan ek een kry, dan merk ek hom vir mnr. die Voor-sitter. Ek het myne gemerk, dan kan ek syne net vinnig op dieselfde waardes merk.

VOORSITTER: Ek - ek wonder, u weet, as ons ... dit gaan baie moeilik. Gaan dit nie makliker wees as u, as u na die gemerkte

(30)

ding /...

ding kyk nie?

MNR. HATTINGH: Of as - ja, dit sal seer sekerlik makliker ...
(tussenbei)

VOORSITTER: Of, of moet ek verdaag dat julle afskrifte merk?
Goed, ek sal vir 'n rukkie verdaag.

MNR. HATTINGH: Dankie.

DIE KOMMISSIE VERDAAG. DIE KOMMISSIE HERVAT.

VOORSITTER: Ek gaan mnr. Botes se verklaring as C36 merk.
Hierdie uittreksels uit die Vrye Weekblad van 11 Mei as C37 en (10)
die uittreksels uit 18 Mei as C38. Dankie vir u moeite, mnr.
Botes. Ja, mnr. Hattingh?

VERDERE KRUISONDERVRAGING DEUR MNR. HATTINGH: Dankie. Sover
ek my herinner, het ek gister - ek wil nou nie onnodig herhaal
nie, het ek gister gekom ... (tussenbei)

VOORSITTER: Ja.

MNR. HATTINGH: Tot hier aan die einde van die eerste kolom.
Kan nie onthou of ek verder as dit gekom het nie. Nee. Nee,
dis die einde van die bladsy. Met die Lubowski verkeerdelik
vermoor is, ek, ek vermoed dat ons so ver gekom het. (20)

VOORSITTER: Wel, ek dink nie wat - ek lei af, mnr. Botes dat
wat u - wat u onderstreep het of gemerk het, is dele wat u sê
die inligting nie van uit - op daai wyse gekom het nie. -- Dis
korrek.

Of dat dit verkeerd is. -- Dis korrek, ja.

Goed, mnr. Hattingh, ek dink nou nie dis nodig dat ons
elke en iedere van hierdie goeters moet behandel nie, want
eintlik is ek nie besig met 'n - met so 'n ondersoek nie.

MNR. HATTINGH: Nee, ek - ek het begrip vir daardie standpunt.

Mag ek miskien die gedeeltes van die berig hanteer wat ek ... (30)
(tussenbei)

VOORSITTER /...

VOORSITTER: Ja.

MNR. HATTINGH: Meer tersaaklik is en ek meen dat sommige van hierdie gemerkte dele sal waarskynlik daaronder ressorteer. Mnr. Botes, ek gaan eerstens met u die berig van 11 Mei 1990 behandel. Voordat ek daarmee handel, gaan ek aan u 'n stelling maak. Ek gaan aan u stel dat u in hierdie berig deurgaans uit u pad uit gegaan het om vir mnr. Verster voor te stel as 'n onbekwame, magsbeluste persoon wat tot die - wie se optrede tot die disintegrasie van die BSB gelei het. Dat u uit u pad uit gegaan het om hom te probeer beswadder. -- Ek het nie uit my pad uit gegaan nie. Dit is nie waar nie. Ek het dit vertel soos wat ek dit op daardie stadium gesien het. (10)

Goed. Kom ons kyk na u bewering op - in die eerste kolom, die laaste asterisk wat daar verskyn:

"Die BSB het in 'n sirkus ontaard nadat Verster die bevel as besturende direkteur aan die einde van 1988 oorgeneem het."

Daardie deel is nie verkeerd gemerk nie, so dit is wat u gesê het, nie waar nie? -- Die strekking van my woorde was so, ja. (20)

Ja. Nou het mnr. Verster die bevel as besturende direkteur aan die einde van 1988 oorgeneem? -- Nee, hy was reeds in bevel in 1988.

So daardie stelling dat hy aan die einde van 1988 as besturende direkteur oorgeneem het, is verkeerd. -- Dis korrek, ja.

U het dit nie verkeerd gemerk nie. -- Hy was reeds op daardie stadium die besturende direkteur.

Korrek. Hy was van die begin af besturende direkteur. Nie waar nie? -- Ek het dit gister aan die Kommissie so gestel, ja. (30)

Ja /...

Ja. Hoekom het u daardie nie as verkeerd gemerk nie? Dit is een van die voorbeelde wat daarop dui dat u uit u pad uit gaan om te wil voorgee dat mnr. Verster onbekwaam, onbevoeg was en dat vandat hy oorgeneem het, het dinge verkeerd geloop en toe moes u dit so stel, want van - volgens u het die dinge begin verkeerd loop toe die organisasie siviël geword het, nè? -- Dinge het begin verkeerd loop na die oornam van generaal Webb terwyl dit siviël was, ja.

En nou maak u asof dit ook die tydstep is wat mnr. Verster oorgeneem het as besturende direkteur. Nie waar nie? -- (10)
Nee, ek het dit vantevore gesê, mnr. Verster was reeds die besturende direkteur.

Die - ek wil nou nie ingaan op die geskil wat aanleiding tot die beëindiging van u betrokkenheid by die BSB gegee het nie, ek wil net in kort aan u stel: Dit het gegaan oor - hoofsaaklik gegaan oor verslag doen oor finansiële aangeleenthede. Verrekening van bestedings. Nie waar nie? -- Dit het gegaan oor ouditnavrae van die vorige boekjaar.

Met ander woorde, dit het gegaan oor verrekening van finansiële aangeleenthede. -- Dit het nie gegaan oor die verrekening nie, dit het gegaan oor ouditeurnavrae. Dit was (20)
reeds verreken. Die ouditeur het sekere navrae gehad. Ek het die navrae na die lede wat op daardie stadium nie lede meer van BSB was nie, gehanteer. Dit is waaroor dit gegaan het.

En as u sê daar was min finansiële beheer, waarvan praat u? -- Waar? Wys my net daar op die paragraaf asseblief? Die rekord.

Wel, kom ons - voordat u dit lees, klink dit vir u vreemd dat u so iets sou kon gesê het? -- Ek - ek wil net graag bykom (30)
op die paragraaf, dat ek ook sien waar dit geskryf is.

VOORSITTER: Nee, maar die vraag, was daar min finansiële beheer? Kom ons antwoord ... (tussenbei) -- Daar was, daar was finansiële beheer.

MNR. HATTINGH: Wat - en, en as u dan nou na dieselfde paragrafie kyk:

"Die BSB het in 'n sirkus ontaard nadat Verster die bevel as besturende direkteur aan die einde van 1988 oorgeneem het. Daar was min beheer oor agente en operateurs, min finansiële beheer en swak beplanning van moordteikens." (10)
Verster word beskryf as 'n magsbeluste man wat ongewild onder baie manskappe was. Was daar swak of min finansiële beplanning?

VOORSITTER: Beheer.

MNR. HATTINGH: Beheer? -- Nee, daar was finansiële beheer.

Ekskuus tog?

VOORSITTER: Voldoende? -- Daar was voldoende finansiële beheer.

MNR. HATTINGH: Ja. So hierdie stelling is dus ook verkeerd. -- Dis verkeerd, ja. (20)

En stel ook vir mnr. Verster in 'n swak lig, nie waar nie? -- Dit kan, ja.

En ek sien u het die woordjie "manskappe" onderstreep. -- Ek het nooit gepraat van manskappe nie.

Waarvan het u dan gepraat? -- Ek het altyd gepraat van lede.

Van lede? -- Persone of lede, ja.

En u sê hy was ongewild onder baie lede. -- Dis korrek, ja.

Dit was juis mnr. Verster se poging om finansiële beheer /... (30)

beheer te bewerkstellig wat aanleiding gegee het tot die dispuut tussen u en hom, nie waar nie? -- Nee, dit is nie waar nie.

Goed. Ek gaan nie daaroor met u argumenteer nie, die dokumente spreek vir sigself. -- Die dokumente spreek nie vir hulleself nie. Dit het gegaan oor 'n ouditnavraag wat ek gehanteer het, wat deur die finansiële bestuurder gesien was.

Die dokumentasie was aangeheg. Ek sal dit waardeer as ons dit bespreek, dan kan die feite hier aan die lig kom.

VOORSITTER: Ek dink, mnr. Hattingh, ek - u het u punt gemaak, die getuie het sy punt gemaak. Ek dink nie dis sinvol om - vir my doeleindes om verder daarop in te gaan nie. (10)

MNR. HATTINGH: Goed. Op bladsy - op die, in die tweede kolom sê u dat daar 'n streek vir Europa is wat 'n rekening met R10-miljoen tot sy beskikking het. Is dit verkeerd? -- Dis verkeerd. Ek het nie 'n bedrag gegee nie.

En later word daar weer van hierdie 10-miljoen gepraat, nie waar nie? -- Dis korrek, ja.

En daardie - later in die berig word daar gesê dat hierdie R10-miljoen onlangs, of sal ek die presiese woorde kry, onlangs gelede oorgeplaas is na Europa toe. Nie waar nie? -- Dit kan wees. (20)

Nou, vind u dit nie eienaardig dat die verslaggewer met wie u die onderhoud gevoer het, twee keer 'n fout maak met betrekking tot die R10-miljoen nie? -- Ek het in die eerste plek dit nie vir hom gesê nie en dit is waar die verslag begin is en ek het volstaan daarby, by die feit dat ek dit nie aan hom so gestel het nie. Daar was wel fondse verskuif, ek het nie 'n bedrag van R10-miljoen aan hom genoem nie. En ek het ook nie die woord "onlangs" aan hom genoem nie. (30)

Botes sê ... op bladsy 3 van die verslag:

"Botes sê daar is oor 'n tydperk minstens R10-miljoen na 'n rekening in Europa verskuif waarvoor Verster onder meer beheer het."

Weer word mnr. Verster gekoppel aan beheer oor 'n bedrag van R10-miljoen wat in die buiteland lê.

VOORSITTER: Waar lees u nou?

MNR. HATTINGH: Bladsy 3 van die - van die, die heel laaste kolom onder die opskriffie "Uitgebrei". So, die tweede paragraaf van daardie beriggie, onder die titel "Uitgebrei". (10)

VOORSITTER: Ja, goed. Gaan maar aan na iets volgende.

MNR. HATTINGH: Goed. As u my 'n oomblik sal vergun. U het nie - my afskrif is nie baie duidelik nie, maar op die derde bladsy, onder hierdie opskriffie "Uitgebrei" waar daar gepraat word van:

"Botes sê daar is oor 'n tydperk minstens R10-miljoen na 'n rekening in Europa verskuif waarvoor Verster beheer gehad het."

... (tussenbei)

(20)

VOORSITTER: Onder meer beheer gehad het.

MNR. HATTINGH: Onder meer beheer gehad het. Daar het u, daar het u niks gemerk nie. Niks verkeerd gemerk nie.

VOORSITTER: Is dit verkeerd? -- Dit is verkeerd, soos wat ek reg op bladsy 1 uitgewys het.

As wat u - ja. So daar is nog foute wat u nie uitgewys het, of - of twee keer uitgewys het nie. -- Die foute wat ek uitgewys het, as ek dit een keer uitgewys het, dan verskil ek daarvan en dan het ek dit nie pertinent weer agterna uitgelig nie.

(30)

Ek sien. Ja.

MNR. HATTINGH /...

MNR. HATTINGH: Nou dan ook, die aankope van wapens. Hierdie berig praat verskeie kere van - of ten minste meer as een keer van die aankoop van wapens wat sowat R2-miljoen gekos het.

VOORSITTER: Ja, ek dink dis gemerk as verkeerd op my afskrif.

MNR. HATTINGH: Ja, mag ek net enkele vrae hieroor vra? Waar kon hierdie verslaggewer hierdie inligting vandaan gekry het? -- Ek het aan hierdie verslaggewer 'n sogenaamde "shop-ping list" gewys wat deur BSB aan my verskaf was vir die aankoop van die wapens. Die totale bedrag, die totale aan-kooplys se waarde was plus minus R2-miljoen. Daar was wel 'n lys aangeheg wat ek gelewer het gedurende Augustus vir BSB. As ek die korrekte bedrag onthou, ek het 'n handtekening daarby aangeheg en as ek reg onthou, is die dokument nou in besit van die Kommissie, was sowat R146 000. Dit is waaroor dit gegaan het. (10)

So hy - hierdie berig skeep 'n totale wanbeeld wat daardie aspek aanbetref? -- Hierdie aankope is 'n wanbeeld, ja.

En u koppel dan ook nou hierdie arsenaal van wapens - ek meen u het dit ook as verkeerd gemerk, ek sal net die plek kry - maar in die berig word dit gekoppel as 'n aanduiding van die moontlikheid dat BSB beheer oor die regering wil oorneem. (20)

VOORSITTER: Kan oorneem.

MNR. HATTINGH: Kan oorneem. -- Dit is 'n bespiegeling en ek het dit as sulks aangewys. Daar's nie gesê ek sê hulle gaan die regering oorneem nie.

Wat het u dan gesê? -- Hulle het gesê hulle kan die regering oorneem. Dis bespiegeling.

Werklikwaar. Hulle kan die regering oorneem met hierdie arsenaal.

VOORSITTER: Maar dan is dit reg wat hier staan. Dan is - dan het /... (30)

het u dit verkeerdelik verkeerd gemerk, want dit is wat die skrywer gesê het, daar dan so 'n arsenaal gebruik kan word om die regering oor te neem, indien dit nodig sou word. -- Dit - dit is korrek, dit is soos dit gestel is. Dit is moontlik dat dit gedoen kan word.

Ja. Met ander woorde, u het dit verkeerdelik verkeerd gemerk.

MNR. HATTINGH: Nou hoekom het u dit - daardie moontlikheid genoem? -- Die vraag was aan my gevra, is dit moontlik en ek het op die vraag gereageer en ek het gesê ja, dit kan gedoen word, dit is moontlik. (10)

Dat hierdie groepie manne met - met wat u nou sê 100, ietsie oor R100 000 se wapens, R146 000 se wapens die regering kan oorneem.

VOORSITTER: Met - met daardie arsenaal?

MNR. HATTINGH: Met daardie arsenaal, ja. Met hierdie, net hierdie 40 AK-1 gewere en 40 Tokarev/Makarov pistole, 20 Scorpion masjienpistole, en so meer, daarmee kan die BSB nou die regering oorneem? -- Nee. Dit is wel ... (tussenbei) (20)
Dis wat u gesê het. -- Dit is wel moontlik met die wapens wat hulle tot hulle beskikking kan hê, om dit te doen. Ek het ... (tussenbei)

Daar, maar u het die wapens aangekoop. Wat se ander wapens het hulle tot hulle beskikking gehad? -- Ek weet nie watter ander wapens het hulle tot hulle beskikking nie.

Maar u weet wat u aangekoop het. -- Ek weet wat ek aangekoop het, ja.

U het in totaal nie naastenby eers 'n miljoen rand se wapens aangekoop nie. Nie waar nie? -- Dis korrek, ja. (30)
En u moes ook rekening - u moes ook die wapens wat u aangekoop /...

aangekoop het, moes u in 'n register aanteken, nie waar nie?

-- Die wapens wat aangekoop was, was oorhandig aan die BSB.

Ja. En dan is dit ... (tussenbei) -- Dan teken ek dit nie in 'n register aan nie. Dan teken die ontvanger ... (tussenbei)

Maar dan word dit in 'n register aangeteken. Dit word in ... (tussenbei) -- Dis korrek, ja.

As 'n bate in 'n register aangeteken. -- Nie noodwendig nie. Dit word afgeskryf, met mnr Verster se handtekening, dan gaan dit nie op 'n bateregister nie. (10)

Ja. Ek het inligting verkry van die rekenaar van BSB dat u nie noodwendig vir - dat u vir BSB wapens aangekoop het van 'n - teen 'n totale waarde wat aan u uitbetaal is, of wat uitbetaal is van ongeveer R150 000. -- Dit kan meer bedra, ja. Ja.

En daarbenewens het u wapens aangekoop, oënskynlik vir u eie streek, oënskynlik uit begrotings wat vir die streekprojekte goedgekeur was by een geleentheid van R17 820, by nog 'n geleentheid R10 020 en dan by 'n verdere geleentheid vir R1 500. -- Daardie wapens was aangekoop met Streek 2 se begroting vir oorhandiging aan 'n ander streek. (20)

Ja. Maar dit is die totaal van wapens wat u aangekoop het. Hetsy dit nou vir die BSB in die breë was, of vir u streek. -- Dit is die wapens wat ek aangekoop het, ja.

Ja. En sover u weet, was u die persoon wat wapens aangekoop het. U het die kontak gehad. -- Ek was die persoon in Streek 2 wat die wapens aangekoop het.

Maar nie net vir Streek 2 nie. -- Nie net vir Streek 2 nie. (30)

Korrek. -- Maar ek kan nie sê dat ek die enigste persoon

vir /...

vir BSB was wat wapens aangekoop het nie. Daar kon ook ander persone gewees het wat wapens aangekoop het.

En dan in die berig sê u:

"Botes sê dat Verster totale beheer oor die arsenaal wapens het."

-- Dit is korrek, ja. Hy is die enigste man wat daai wapens kan afskryf. Hy is die man wat die magtiging gee om daai wapens na enige streek of enige persoon te skuif en dit mag afskryf. Niemand anders kan dit afskryf nie.

(10)

Moet hy nie generaal Webb se magtiging daarvoor kry nie?

-- Na my wete is dit nie nodig nie. Ek glo by die tyd wat hy die finansies gekry het vir daardie wapens.

Weet - weet u of dit nodig is dat generaal Webb se magtiging verkry moet word, of nie? -- Nee, ek weet nie.

En tog gaan sê u hy het totaal beheer daaroor. -- Hy het beheer daaroor binne BSB, ja.

Weer eens 'n aanduiding dat u alles op hom probeer afskuif, nê? -- Ek sê weer eens vir u, binne BSB het hy totale beheer. Hy is die enigste man wat kan teken om daardie wapens af te skryf binne BSB.

(20)

VOORSITTER: Wat bedoel u met afskryf? -- Dit beteken daar word 'n dokument geskryf wat mnr. Verster teken, indien daardie wapens op die bateregister was, word hulle van die bateregister verwyder. Indien daar goed gekoop was en nie op die bateregister verskyn het nie, word hulle direk afgeksryf. Dit beteken daardie wapens word nie op 'n bateregister as 'n bateêrens getoon nie.

Ja.

MNR. HATTINGH: Kan u my 'n oomblik vergun. En dan, ek het reeds hiermee gehandel, maar ek wil u nog hieroor vra. Dan sê

(30)

u /...

u Botes, jammer.

"Hy glo dat die rol van die BSB veel verder gaan as net die uitwissing van die vyand."

Het u dit gesê? -- Kan ek net teruggaan na die paragraaf toe?

Waar is dit, asseblief?

Dis weer op bladsy 2, onder die - net nog deel van dieselfde paragraaf waar u sê dat Verster totale beheer oor die arsenaal wapens het.

VOORSITTER: Wat word - wat?

MNR. HATTINGH: Wat hy sê ... (tussenbei)

VOORSITTER: Hy glo dat die rol van BSB veel verder gaan ... (tussenbei)

MNR. HATTINGH: Veel verder gaan as net die uitwissing van die vyand.

VOORSITTER: Is dit reg, of is dit verkeerd? -- Nee, dis - dis nie korrek nie, dis verkeerd.

MNR. HATTINGH: Maar dis 'n - dit is 'n - dis 'n verskriklike bewering wat oor die BSB gemaak word, ja. Nie waar nie? Dit sê in soveel woorde hulle wis nie net die vyand uit nie. Nie waar nie? -- Dit kan so geïnterpreteer word, ja.

Dit kan net so geïnterpreteer word. Nie waar nie? -- Nee, dis nie waar nie. Dit kan ook anders geïnterpreteer word. Dit kan ook gesien word in die lig van BSB se blou, sogenaamde blou plan wat baie verder strek as net die eliminerings van mense.

VOORSITTER: Ja, maar ek dink nie dit kan hier oor die blou plan gaan nie, want u praat van wapens. Die blou plan gebruik nie van wapens nie. Is dit nie so nie? En - en u weet dat die rol van BSB op die blou plan gaan verder. U sou dit nie net - u glo dit nie net nie. -- Ek wil net graag die paragraaf

kry /...

kry. Ek bedoel, ek is nie by op die paragraaf nie, asseblief.

Kom ons - hy sê ... (tussenbei)

MNR. HATTINGH: Dis op bladsy 2. -- Ja.

Dis in die laaste kolom. BSB se arsenaal. Onder die opskrif "BSB se arsenaal" en dit is sowat twee derdes in daardie kolom af. Die paragraaf begin met: "Botes sê Verster het totale beheer oor die arsenaal wapens." Het u dit? -- Ek het dit. (10)

Ja? -- Dit - dit is die konteks waarin ek dit gesien het.

Laer af ... (tussenbei)

Wat is die konteks waarin u dit gesien het? -- Blou en rooi en laer af, as ek dit reg het, word daar wel gepraat van blou en rooi in dieselfde ... (tussenbei)

Agge nee, mnr. Botes.

VOORSITTER: Ampte gegenerer. Maar al punt wat ek - ek dink al wat die advokaat wil weet, is het u gesê dat u glo dat die rol van BSB verder gaan as - as net die uitwissing van die vyand. -- Gesien in dit wat net laer af in die, in dieselfde stuk gesien word, gaan - word daar gesê van die rooi en die blou plan. In daardie lig, ja. (20)

Ja, maar u't - nee, maar u't geweet dat die rol van die BSB verder gaan, deurdat daar 'n blou plan is. So, u sou nie gesê het ek glo dat hulle 'n blou plan het nie. -- Ja.

So - so, as u daai begrip gebruik het "ek glo", dan beteken dit dat dit gaan oor 'n geloof en nie oor 'n wete nie. So of u het dit gestel naastenby soos dit hier is, of - of u moes, u't net vir die man gesê man, daar is 'n blou plan. (30)

Blou plan het nie betrekking op die uitwissing van die vyand

nie. Of u moes vir hom gesê het ons het - ons het 'n arse-
naal, maar ons gebruik dit nie net, ek is seker, ek glo dit
word /...

K66.20

- 1880 -

BOTES

word nie net vir die uitwissing van die vyand gebruik nie. --
Nee, die arsenaal het - ek het dit nie so gestel dat die arse-
naal as sulks nie net vir die uitwissing van die vyand gebruik
word nie.

Met ander woorde, u sê die skrywer van hierdie artikel
sou gedop het as dit 'n toets was. -- Ja. (10)

Ek volg.

MNR. HATTINGH: As u my 'n oomblik vergun. Dan, mnr. Botes,
kom hier onder die opskriffie: "BSB baas Joe Verster is
magsdronk" ... (tussenbei)

VOORSITTER: Watter - waar lees u nou?

MNR. HATTINGH: Dis op bladsy 3, dis onder 'n redelike groot
opskrif.

VOORSITTER: Ja.

MNR. HATTINGH: "BSB baas Joe Verster is magsdronk". Nou wat
het u daarmee bedoel? -- Ek het nie die woord "BSB baas Joe
Verster is magsdronk" gebruik nie. Na my mening, en dis my
mening, het die verslaggewer hier self besluit om dit sy op-
skrif te maak. (20)

VOORSITTER: Maar - maar het u die woord gebruik dat hy mags-
belus is? 'n Magsbeluste man is? -- Nee, ek het dit nie so
gebruik nie.

Maar u sien, op bladsy 1 die eerste kolom, die laaste
reël word gesê dat Verster word beskryf as 'n magsbeluste man
wat baie ongewild is onder die manskappe. -- Ek neem aan dis
die indruk wat die verslaggewer gekry het uit dit wat ek hom
vertel het. Ek het nie daai woorde so gebruik nie. (30)

Ja, maar het - wou u daai indruk oordra? Dis eintlik die punt. -- Ek wou daai indruk waarskynlik oordra, ja.

Ja?

MNR. HATTINGH /...

K66.21

- 1881 -

BOTES

MNR. HATTINGH: U het ook nie die magsbeluste beskrywing as verkeerd gemerk nie. -- Nee, ek het dit nie verkeerd gemerk nie. Alhoewel ek die woord nie gebruik het nie.

Hier's nog baie foute in hierdie berig wat u nie verkeerd gemerk het nie. (10)

VOORSITTER: Nee, ek dink die getuie sê dit is bloot - hy, hy stem saam dat dit die indruk is wat hy wou gee. Dit is die - dit is nie verkeerd nie.

MNR. HATTINGH: Hy wou die indruk - wou oordra, ja. Nou maar hoekom wou u daardie indruk oordra? -- Omdat dit my indruk was.

Dan, aan die hand waarvan het u daai indruk gekry? -- Aan die hand van die situasie waarin BSB hom op hierdie stadium bevind, na die oorname van generaal Webb teen die einde van Augustus 1988 was dit die situasie, na my mening. (20)

Hoeveel keer terwyl u - nadat generaal Webb oorgeneem het as voorsitter, het u met hom persoonlik te doen gehad? -- Tydens my diens by BSB voor die Verster-voorval, een keer.

So u weet nie wat sy rol in die BSB was nie? -- Twee, twee keer.

U weet dus nie wat sy rol in die BSB was nie? -- Ek weet wat sy rol veronderstel was om te wees. Ek was nie by met sy gesprekke met mnr. Verster nie.

U weet dus nie wat sy rol werklik was nie? -- Ek weet wat sy rol veronderstel was om te wees, ja. (30)

Ek wens u wil net my vrae antwoord. Ek vra u nie of wat

sy rol veronderstel was nie, ek vra vir u of u weet wat sy rol werklik was. Wat hy werklik gedoen het. -- Rakende Streek 2, ja.

Met die een keer wat - wat u met hom in verbinding was?

-- Ja /...

K66.2

- 1882 -

BOTES

-- Ja. Twee keer.

VOORSITTER: Maar die - u sê rakende Streek 2. Wil u daarmee te kenne gee dat u weet wat sy rol - wat - watter rol hy gespeel het in ander streke, of weet u ook nie? -- Nee. Wat ek daarby probeer sê, is rakende Streek 2, myself as sulks as Streek 2 ... (tussenbei) (10)

Ja. -- Weet ek wat sy rol was. Die ander streke weet ek nie.

MNR. HATTINGH: Nou u weet dus nie of hy 'n baie praktiese gesagsrol gespeel het in die organisasie wat die ander streke aanbetref nie? -- Nee, ek weet nie wat die ander streke aanbetref nie. Ek weet wat sy rol in Streek 2 was.

Maar u sê Verster is die magsbeluste man, of die - dit was u indruk, indruk gewees. Sê u - onder gesagsfiguur, sê u hy's een van die magtigste militêre gesagsfigure in Suid-Afrika. Het u dit gesê? -- In soveel woorde, ja. Ek het dit nie presies so gestel nie. Ek het die indruk geskep, ja. Dit is waar. (20)

Wat het u met daardie indruk bedoel? In watter opsig is hy een van die magtigste militêre - hierdie siviele organisasie waarvan hy nou aan die hoof gestaan het, hoe maak dit hom een van die magtigste militêre figure? -- Hierdie berig is geskryf na generaal BSB amptelik - generaal Webb BSB amptelik aan my aangebied het as 'n militêre organisasie. (30)

Toe word dit ... (tussenbei) -- En as sulks is daardie

woord militêr gebruik.

Toe word hy ... (tussenbei) -- Toe word dit 'n militêre organisasie, nadat hy my militêr verwys het na die regsafdeling van die weermag. Voor dit was die weermag nooit as sulks ter sprake nie. BSB was ter sprake.

Maar /...

K66.23

- 1883 -

BOTES

Maar voor dit, sou u hom as 'n magtige figuur in die siviele lewe ... (tussenbei)

(10)

In die BSB organisasie beskryf het, ja.

Beskryf het. Maar nou beskryf u hom as een van die magtigste militêre figure. -- Dis reg, ja.

Het dit beteken dat hy in die hele weermagopset een van die magtigste persone is. -- Gesien in daardie lig, ja.

En ons het nou gehoor dat BSB maar 'n klein vertakking van spesmagte is en spesmagte is op sy deel maar weer 'n vertakking van die weermag in die breë. Nie waar nie? -- In die rol wat BSB speel as 'n klein vertakking globaal, dink ek is baie groot. Is nie so klein as wat u dit graag vir die Kommissie wil aanbied nie. Gesien in die lig van die werk wat hulle gedoen het.

(20)

Ja. Dan gaan u voort en u sê dat sy mag en status is verwerwe bo sy kolonelskap en hy verdien glo die salaris van 'n generaal. Het u dit as verkeerd gemerk? -- Ek weet nie.

VOORSITTER: Dis net onder die woord "gesagsfiguur", wat groot gedruk is in die tweede kolom. -- Nee, ek het dit nie as verkeerd gemerk nie.

MNR. HATTINGH: Is dit verkeerd? -- Dis bespiegeling. Dit word nie gegee as 'n feit nie.

(30)

Wie se bespiegeling? -- Dis glo ... (tussenbei)

Wie se bespiegeling? -- Op hierdie stadium van die

wedstryd die verslaggewer se bespiegeling.

Maar waar kry hy die basis vir so 'n bespiegeling? -- Ek weet nie, hy het ook met 'n ander lid van BSB of lede van BSB gepraat waar ek nie teenwoordig was nie.

Wat u dus sê, dat daardie bespiegeling van hom is nie gebaseer op inligting wat u verskaf het nie? -- Nee, ek het nie vir /...

K66.24

- 1884 -

BOTES

vir hom inligting gegee daarop nie.

(10)

En dan is dit ook mos 'n verkeerde bewering wat hy daar maak. Dis nie ... (tussenbei) -- Dit kan nie in daardie lig verkeerd gesien word nie, hy het ook met ander lede van BSB gepraat, 'n lid of lede voordat hy met my gepraat het. Dit kon deur hulle genoem gewees het.

Maar hy sê hierso 'n - jammer.

VOORSITTER: Nee, maar u sien, die probleem is, as mens na die paragraaf kyk, dan sê dit:

"Verster (45) is deur Botes beskryf."

En dan gaan die beskrywing aan. En dan sal u sien, dis Botes, Botes, Botes. Elke paragraaf is Botes. Dit klink half of dit van u af kom. (20)

MNR. HATTINGH: Hierdie hele berig, hierdie hele drie bladsye vol is geskryf na aanleiding van 'n onderhoud wat hy met u gevoer het. Hy praat nêrens in hierdie hele aantal berigte van enige ander bron waaruit sy - van waar hy sy inligting verkry het nie. -- Op bladsy 2 links onder, heel laaste paragraaf,

"Willie van Deventer het verlede week - het verlede week in London vertel dat hy 'n lid van BSB was en betrokke was by binnelandse en buitelandse operasies. Hy't gesê dat dokter ..."

(30)

... (tussenbei)

Ja. Dit hou nie verband met die res van enige van hierdie bewerings nie. Hy sê nie dat Van Deventer vir hom gesê het dat, vir - dat ... (tussenbei) -- Hy, hy noem wel vir Van Deventer hier as 'n bron wat gepraat het voordat ek met hom hierdie gesprek gevoer het.

Mnr. Botes, u het nie vir hom gesê dat hy - sy mag en status ver verhewe bo sy kolonelskap is en dat hy verdien glo die /...

K66.26 - 1885 - BOTES
(10)
die salaris van 'n generaal nie? -- Ek kan nie onthou dat ek dit woordeliks so aan hom gesê het nie. Die indruk wat ek het is dat dit wel so is.

Maar kon u, kon u dit ... (tussenbei) -- Dit kon so gewees het, ja.

Nou sê u dit kon weer so gewees het. -- Dis reg, ja.

En op grond waarvan, as u dit kon gesê het, sou u dit gesê het? -- As gevolg van sy status in die BSB struktuur as sulks.

Maar op daardie ... (tussenbei) -- Wat sou Verster se volgende aanstelling gewees het? Kom ons vra dan die vraag, as ons bespiegel. (20)

Ja, wat sou dit gewees het, na kolonel? -- Dis korrek.

Wat? -- Hy was nie 'n kolonel nie, hy was 'n meneer. Daar was een pos bokant die van Verster as besturende direkteur en dit was die pos van voorsitter. Daar was nie 'n alternatief gewees nie.

Ja, maar u praat hierso van ver verhewe bo sy kolonelskap. En u het dit nie verkeerd gemerk nie. -- Ek het nie kolonelskap genoem nie. Onder geen omstandighede aan - die kolonelskap aan die verslaggewer as sulks nie. (30)

Het u die ... (tussenbei) -- Ek het van Verster, mnr.

Verster - Joe Verster as persoon gepraat.

Het u gepraat van 'n salaris gelykstaande aan dié van 'n generaal? -- Ek het gesê dit is wat ek hoor.

En waar't u dit gehoor? -- Ek het dit van die rekenaar af gehoor.

O. Het u toegang tot die rekenaar gehad? -- Ek het toegang gehad tot die mense wat op die rekenaar gewerk het.

En dis nou die dame wat gister hier gesit het, nie waar
nie /...

K66.28 - 1886 - (10)
BOTES

nie? -- Onder andere, ja.

Ja. Terloops, net - as ek net so 'n oomblik mag afwyk, hierdie dame indien sy sou kom getuig, sal sê dat sy, nadat BSB siviël geword het, talle oproepe van u gehad het waar sy in die spesmagte Kop gesit het, waar u vir haar lêers aangevra het en dat u soms geld aangevra het en dat sy soms geld van die Speskop af gebring het en aan u oorhandig het. By BSB se kantore soms en selfs een keer langs die pad sover sy kan onthou. -- Die geld wat die dame voor verantwoordelik was om my te oorhandig, is waar. Dit was die salarisse van BSB direkte lede. (20)

Maar u het geweet dit kom ... (tussenbei) -- Ons het dit verskeie kere gedoen. sy het op geen stadium voorskotte namens my getrek nie. Dit wat sy aan my moes verskaf, het sy verskaf. Dit is waar. Sy het my verskeie plekke ontmoet om BSB-lede se salarisse aan my te oorhandig. Dit was haar werk.

En lêers te oorhandig? -- Onder geen omstandighede het sy lêers getrek nie. Sy mag nie BSB-lêers hanteer het nie en sy kon dit nie getrek het nie, want sy het nie toegang daartoe gehad nie. (30)

Maar kom ons bly by die geld. U het geweet sy werk by

die Speskop en u het geweet daai geld vir salarisse kom van die militêre instansie, Speskop af. Nie waar nie? -- Ons het almal aanvanklik by die Kop gewerk. Sy het later ook nie by die Kop gewerk nie, soos die res van ons.

Ag, mnr. Botes, u is - u ontwyk die vraag so, u weet ... (tussenbei) -- Ek ontwyk nie die vraag nie, dis feite. Ons was almal aanvanklik by die Kop.

Ja. Luister mooi na my vraag. -- Ons was later nie meer by die Kop nie.

Luister /...
(10)

K66.29

- 1887 -

BOTES

Luister mooi na my vraag. Nadat u by die Kop weg is, nadat BSB 'n siviele organisasie geword het soos wat u dit beskryf, het u hierdie dame gebel en het u geld van haar ontvang van waar sy by die Speskop gewerk het? -- Dit is korrek, ja.

Ja. So u het geweet sy kom van 'n militêre kantoor af met geld. -- Ek wil dit vir u stel dat ons gister gesê het dat hierdie oorskakeling nie oornag was nie, maar oor 'n tydperk ingefaseer was en dat dit oor hierdie tydperk gebeur het. (20)

Ja. Dan gaan u voort in dieselfde kolom waar ons - waar u verwys het na die feit dat hy - jammer, nee, ek dink nie dis dieselfde kolom nie. Ek het ongelukkig die passate waaroor ek wil kruisondervra op my - my afskrifte gemerk en het ek toe nog nie die een gehad nie, so ek ... Goed. U gaan voort. Onder die opskriffie "Gesagsfiguur" sê u:

"Verster wat glo nie sy dienseksamen die eerste keer kon deurkom nie ..."

Dit het u verkeerd gemerk. -- Dis korrek, ja.

Waar sou die verslaggewer aan so iets gekom het? -- Ek weet nie, ek het dit nie aan hom so gesê nie. (30)

Iets ook - ook iets wat hy uit sy duim uit gesuig het? --

Hy kon dit by 'n ander bron gekry het, ek het dit nie so gesê
nie.

Maar dan gaan u voort en u sê:

" ... kom van 5 Verkenningsregiment af, hoewel hy volgens

Botes nooit 'n operasionele soldaat was nie."

Het u dit gesê? -- Dit het ek wel gesê, ja.

Op grond waarvan het u dit gesê? -- Na my wete was hy 'n
bevelvoerder en nie 'n operasionele soldaat nie.

U sal ... (tussenbei) -- En by operasionele soldaat in
hierdie sin, bedoel ek, bedoel ek fisiese operasies op die
grond /... (10)

K66.30

- 1888 -

BOTES

grond.

Ja, ja. Ek verstaan dit ook so. -- Na my wete, ek het
dit so gesê.

Ek verstaan dit ook so. Gister het ek u gevra wat weet u
van mnr. Verster se militêre loopbaan af. Onthou u dit? --
Dis reg, ja.

En ek het gesê ek kom terug daarna. -- Ja.

Wat het u toe gister gesê? -- Ek het toe gister gesê dit
wat ek nou gesê het. Ek weet dat hy by Valskermbataljon was
en later by 5 Verkenningsregiment en het u - u dit toe aan my
gestel het dat ek bitter min weet en ek gesê ja, in die lig
gesien van die normale beweging van persone soos Verster, wie
is waar. Dit was dié wat ek geweet het waar is wie en wat
gaan aan. (20)

Het u geweet dat hy as lid van 'n valskermataljon opera-
sioneel opgetree het? -- Ek en Verster het saam gewerk in Val-
skermataljon.

Antwoord die vraag, asseblief. -- Operasioneel in watter
lig gesien? (30)

In die lig waarin u dit verstaan. -- Nee.

U was nie heeltyd verbonde aan die valskermataljon terwyl hy daar was nie. -- Nee, ek was nie. Ek was nie.

So u weet nie of hy in die tyd wat u nie daar was nie, wel operasioneel kon opgetree het nie. -- Dit kan wees, ja.

Hy was 'n adjutant in die valskermataljon gewees, nie waar nie? Eh - die adjutant gewees. Tweede in bevel, nie waar nie? -- Nee, na my wete was hy die kompanjieberoerder van B-kompanjie.

Hy't opleiding verskaf aan - aan valskermsoldate. -- Dit kan wees, ja. (10)

Ja /...

K66.31 - 1889 - BOTES

Ja. Het u geweet dat hy twee keer in Beirut operasionele opleiding gehad het? -- Nee, ek het dit nie geweet nie.

Het u geweet dat hy drie-en-'n-half maande by die Special Warfare School in die Republiek van Sjina opleiding gehad het? -- Nee, ek het dit nie geweet nie.

Het u geweet dat hy deur die Selouse Scouts van die destydse Rhodesië opgelei is en ook saam met hulle operasioneel opgetree het? -- Nee, ek het dit nie geweet nie. (20)

Het u geweet dat hy die stigtersberoerder van 5 Verkenningskommandement was? -- Ja, ek het dit gehoor.

U het dit gehoor. -- Ja.

En het u geweet dat hy dikwels saam met hierdie verkenningskommando operasioneel opgetree het in Angola? -- Nee, ek het dit nie geweet nie.

Nie geweet nie. Dat hy dikwels in Angola geveg het? -- Nie na my wete nie. (30)

Dat hy dikwels operasioneel in die destydse Suidwes-Afrika as soldaat opgetree het? -- Wat beteken dit?

Dat hy operasionele optredes gehad het as 'n soldaat.
Nie geweet nie? -- Nie geweet nie.

Dat hy ook in sy hoedanigheid as lid van die BSB operasioneel as 'n soldaat opgetree het? Het u dit geweet? -- Nie as 'n lid van die BSB nie, as 'n lid van spesmagte, ja.

Dat hy die Suiderkruismedalje vir uitmuntende diens verwerf het? -- Nee, ek het dit nie geweet nie.

En ... (tussenbei)

VOORSITTER: Wat het u van hom geweet, as ek mag vra? -- Net wat ek gesê het wat ek van hom geweet het.

(10)

Maar - maar waarop het u dit gebaseer, dat hy nooit operasionele soldaat was nie? Het u maar geraai? -- Na my wete

... (tussenbei) /...

K66.32

- 1890 -

BOTES

... (tussenbei)

Ja, maar ... (tussenbei) -- En ek het dit aan die verslaggewer so gestel, ek het vir hom gesê ek het nie detail kennis nie. Na my wete. Dit is soos wat ek dit aan hom gestel het.

(20)

Ja, maar as u iets nie weet nie, hoe kan u sê na u wete?

Ja, gaan maar aan.

MNR. HATTINGH: Dankie. Net - en dat hy hierdie Suiderkruismedalje gekry het vir uitmuntende diens in sy bevelvoering oor 5 Verkenningskommando gedurende operasies in Angola. Nie geweet nie? -- Nee, ek het nie geweet nie.

Dat hy juis as gevolg van sy operasionele ondervinding by spesmagte beland het. Het u dit geweet? -- Nee, ek het dit nie geweet nie.

Dat hy die hoof van die weermag se aanprysingsmedalje vir diens aan die weermag verwerf het. -- Ek aanvaar dat hy dit sou verwerf het as hy 'n Suiderkruismedalje gekry het.

(30)

Dat hy ook die Pro Patriamedalje met die Kunene gespe wat beteken dat hy deelgeneem het in die oorlog in Angola verwerf het. -- Ek het dit nie geweet nie.

Dat hy twee - hy kan nie eers onthou nie - twee of drie getroue diensmedaljes verwerf het en dat hy daarbenewens verskeie kursusse in die weermag met sukses voltooi het. Het u dit geweet? -- Dit het ek geweet. Ek aanvaar dit, dit moet ... (tussenbei)

Ja. En nou's - die prentjie wat 'n mens hier kry is van 'n man wat sy eerste kursus gedop het. -- Ek het nie gesê hy't sy eerste kursus gedop nie. (10)

Wat geen operasionele - hoe't u dit gestel? Wat nooit 'n operasionele soldaat was nie. -- In die lig wat ek dit sien, is /...

K66.34

- 1891 -

BOTES

is 'n bevelvoerder wat daar was en agter gesit het.

Hy't seker net daar gekom. -- Groot verskil 'n lid wat operasies op die grond bedryf het fisies het, fisies uitgevoer het. (20)

Hy't seker nou in die weermag aangesluit as 'n bevelvoerder. Hy was nooit 'n soldaat gewees nie. My 'n oomblik sal vergun. U gaan voort in dieselfde paragraaf en u sê: "Hy sê die lede van die BSB se lojaliteit lê nie by Verster nie, maar wel by die organisasie."

-- Dis korrek, ja.

Het u dit gesê? -- Ek het dit gesê, ja.

En vir watter lede het u nou eintlik gepraat? -- Hoe meen u vir watter lede het ek gepraat?

Vir watter lede van BSB kon u hierdie stelling maak? (30)
Namens watter lede kon u so 'n stelling maak? -- Die lede aan my bekend.

En dis die paar in u streek. -- Dis die paar in my streek.

En tog stel u dit hierso asof dit al die lede is van die BSB. -- Ek het op geen stadium namens al die lede van die BSB gepraat nie.

Maar u sê die lede. Hy sê die lede. -- Ek praat namens die lede aan my bekend.

Ek moet u dan nou enkele vrae vra oor die interne ondersoek wat gehou was na die voorval wat tot u beëindiging van diens aanleiding gegee het. Het u na hierdie voorval met 'n persoon wie se administratiewe naam Ernie was, gaan praat oor die voorval? -- Na watter voorval? Na die Verster-voorval? (10)

Ja. -- Nee, ek het nie. Die lid Ernie was nie meer 'n lid van BSB nie.

Ja /...

K66.37

- 1892 -

BOTES

Ja, korrek. Maar ek wil dit aan u stel, u het met hom gaan praat. -- Ek het nie met hom gepraat nie.

En daardie persoon indien nodig, sal kan kom getuig. -- Hy kan kom getuig, ek het nie 'n probleem daarmee nie. (20)

Ons het onderneem aan ons geleerde vriend mnr. Bertelsmann dat hy insae in hierdie lêer kan verkry. Ons het net al die name - want tydens die - die ondersoek was daar hoofsaaklik van werklike name gebruik gemaak. Die name uitgegee en ek gaan dalk nou 'n probleempie hê om maklik by - by die heer se verklaring uit te kom. Ek word gesê hy's gemerk as "Ernie". Ja, ek het dit dankie. Die persoon wie se administratiewe naam Ernie was, het self ook in hier - 'n beëdigde verklaring afgelê as deel van hierdie ondersoek. Was u daarvan bewus? -- Nee, ek was nie daarvan bewus nie. (30)

Wel, hier is hy. Ek is nie seker of hy beëdig is nie,

maar hier is in iedere geval 'n verklaring deur hom onderteken. -- Ek het die lid Ernie gesien vir ouditnavrae voordat ek en Verster 'n probleem opgetel het en dit was een van die lede oor wie die ouditnavrae gegaan het en die dokumentasie deur Ernie is ingehandig aan die Kommissie. In sy handskrif soos op die datum wat hy dit afgehandel het.

O. So u sê u het hom voor die voorval gaan sien? -- Dis korrek, ja.

VOORSITTER: Ekskuus tog, kan ek net die prentjie kry. Moet ek aflei dat u diens is beëindig by BSB? -- Dis korrek.

(10)

En dit is vanaf die kant van die BSB gedoen, in die sin dat hulle u ontslaan het? -- Nee, ek het bedank amptelik by die BSB en ek het 'n dokument as sulks geskryf dat hiermee dien ek my bedanking in op 28 Februarie 1990.

U - u't bedank. Nou, voor daardie tyd? -- Voor daardie tyd /...

K66.39

- 1893 -

BOTES

tyd, ja.

Wat het aanleiding gegee tot u bedanking? Is u gesê om, om - om te bedank? -- Ek is nie gesê om te bedank nie. Die aangeleentheid tussen my en mnr. Verster het aanleiding gegee aan die einde van die dag tot hoekom ek bedank het.

(20)

Maar u't nie u salaris gekry, het ek afgelei ... (tussenbei) -- Ek het salaris gekry.

Aanvanklik, direk nadat - na u konfrontasie met mnr. Verster. -- Ek het salaris gekry, ja.

Elke maand? -- Elke maand. Dit was ... (tussenbei)

Ek dog - ek dog u't ge- ... (tussenbei) -- Aan die einde van die dag aan my betaal.

(30)

Nee, ek praat - luister as ek met u praat. -- Ja.

Ek - u't gister gesê hulle het later vir u betaal. -- Dis

korrek, ja.

Maar u't nie u salaris gekry soos u dit moes gekry het nie. -- Nee, dis korrek, ja. Ek het dit nie so gekry nie.

Nou dit kon alleen nou gewees het op die basis dat u geskors is in diens. -- Ek was nie geskors nie.

Wat was die doel van die interne ondersoek? -- Ek weet nie. Ek was nie betrokke by die interne ondersoek nie. Ek het wel 'n interne finansiële ondersoek aangevra, na aanleiding van as ek reg onthou, het ek dit gister gesê - die sogenaamde Skuur. 'n Projek wat beplan was ... (tussenbei) (10)

Ja, nee, goed. -- Op my privaat naam. Dit - dit is ... (tussenbei)

Goed. Ja nee, al wat ek wil weet, is ... (tussenbei) -- Ek het verder geen betrokkenheid gehad nie.

Was daar nie 'n interne ondersoek na die vraag of u diens beëindig moet word nie? -- Ek weet nie. Ek het geen betrokkenheid /...

K66.40

- 1894 -

BOTES

betrokkenheid gehad by die interne ondersoek nie. (20)
MNR. HATTINGH: Het u nie 'n verklaring afgelê in verband met hierdie voorval nie? -- Ek het 'n verklaring afgelê in verband met die voorval.

Wat was die doel van daardie verklaring gewees? -- Om die voorval te ondersoek.

Die voorval as sodanig? -- Die voorval as sodanig.

Ja. -- En dit is waaroor ek 'n verklaring gedoen het.

En weet u dat ander lede ook verklarings gemaak het? -- Nee, ek weet nie dat hulle verklarings gemaak het nie.

Dat die verklarings toe aan - aan brigadier Swart voorge- (30)
lê is. -- Dit kan wees, ek weet nie daarvan nie.

Vir beoordeling. Ekskuus? -- Dit kan wees, ek weet nie

daarvan nie.

Goed. -- Ek het 'n verklaring gemaak wat aan brigadier Swart voorgelê was.

Nou u sê u het vir Ernie gaan sien voor die insident met mnr. Verster. -- Dis korrek, ja.

En in watter verband het u hom gaan sien? -- In verband met ouditnavrae wat op hom betrekking gehad het van die vorige boekjaar.

En op daardie stadium was daar nog geen wrywing en die uitval tussen u en mnr. Verster het nog nie plaasgevind nie. - (10)
- Daar was nie wrywing tussen my en Verster nie.

U was nog glad nie van plan om te bedank uit die BSB ... (tussenbei) -- Nee.

Of die diens van die BSB te verlaat nie? -- Nee.

En nadat u met hom gepraat het, het u toe die nodige informasie wat u by hom wou kry, wel gekry? -- Dis korrek, ja.

En dit was die laaste keer wat u met hom kontak gehad het /...

K66.41 - 1895 - BOTES
(20)
het. -- Dis korrek, ja.

Het - hierdie persoon Ernie, was hy 'n vriend van u gewees? -- 'n Vriend in die sin van ek het hom na hy BSB verlaat het, by twee geleenthede gesien.

Ja. En weet u van enige rede waarom hierdie persoon 'n valse verklaring teenoor u sal aflê? -- Nee, ek weet nie.

Nou hierdie persoon het inderdaad 'n verklaring afgelê en wat gedateer is 8 Desember 1989. In hierdie verklaring maak hy verskeie stellings wat ek dan nou aan u wil stel. Hy sê:

"Teen die einde van Augustus 1989, hy kan nie die presiese datum onthou nie, het 'n persoon bekend aan my as Bobby ... "

(30)

Dit was u administratiewe naam, nie waar nie? -- Dis korrek, ja.

"... by my huis aangedoen. Ek ken hom uit hoofde van ons gemeenskaplike werk in die organisasie voordat ek bedank het."

-- Dis korrek, ja.

Nou het u hierdie besoek aan hom aan die einde van Augustus gebring? -- Nee, ek het dit nie aan die einde van Augustus gebring nie. Ons kan die presiese datum vasstel op die dokumentasie wat hy ingehandig het vir die oudit.

(10)

Hy sê dan voorts:

"Hy het my meegedeel dat hy ook nou weg is uit die organisasie, na 'n argument met die besturende direkteur."

-- Dis nie waar nie. Wat wel kan gebeur, is dat Bekker en 'n lid met die naam van Greyvenstein, sy alias, deel 'n besigheid in die stad na my wete. En hulle twee is vriende en ek en Greyvenstein was direk verbonde aan mekaar in Streek 2. En hulle is vriende wat op 'n weeklikse basis gereeld bymekaar kom /...

(20)

K66.42

- 1896 -

BOTES

kom. So Greyvenstein kon dit in enige tyd vir hom in soveel detail uitgespel het. Hy't die hele storie geken, hy was direk aan my verband gehou, betrokke. Dis waaroor ... (tussenbei)

Maar dit wat hy dan hier sê, is onwaar. Hy sê u het hom besoek en hom persoonlik meegedeel dat u u verbintenis met ... (tussenbei) -- Ek het hom besoek voor die voorval. Ek het hom nie daarna gaan besoek nie.

VOORSITTER: Ja, maar kyk, daar's net een probleem met u verduideliking wat u gee. Is die volgende: U kon dit ook nie vir Greyvenstein gesê het op u weergawe nie, want daai verkla-

(30)

ring soos u netnou gehoor het, is gemaak op 9 Desember en u -
en, en u sê u is eers weg op 28 Februarie van die daaropvol-
gende jaar. So op u weergawe kon u tog nie vir Greyvenstein
gesê het dat u is weg by die organisasie voor 9 Desember nie.
-- Op daardie stadium wat ek weg is by BSB, is deur Grey-
venstein en die ander lede aanvaar, aangesien ek 'n aanbod ge-
maak was om by 'n ander organisasie, en ek onder andere met
Cory Meerholz daarvoor gaan praat as ek 'n aanbod ...

(tussenbei)

Ja nee, nee, nee. Goed, dit weet ... (tussenbei) -- So (10)
dit was op daardie stadium aan die einde van Augustus aanvaar
ek is weg by BSB en dit is so aan Greyvenstein gestel.

Ek sien. -- Asook aan die ander lede en Greyvenstein het
direkte kontak gehad.

Nee, nee. Nee, goed, dan verstaan ek. Ja, gaan voort.

MNR. HATTINGH: Hy gaan voort en hy sê:

"Hy het gesê dat hy en Jack ... "

Dit is mnr. Verster se administratiewe naam, nie waar nie? --
Dis korrek, ja.

"... oor /...
(20)

K66.43

- 1897 -

BOTES

"... oor en weer op mekaar geskree het en dat Jack sou gesê
het dat hy die vermoë het om hom wat Bobby is, te
elimineer."

So hy praat van die insident. -- Ek het dit nou aan die Kom-
missie gestel dat die insident in detail aan Greyvenstein aan
hom verduidelik kon gewees het, aangesien Greyvenstein in
detail die insident se detail ken.

Ja. Maar hy - hy sê u vertel dit vir hom. -- Ek (30)
het dit nie aan hom vertel nie. Ek het u vantevore
gesê.

So hy - dis 'n blatante leuen wat hy hier vertel. -- Die feit dat hy sê ek hom besoek het na die einde van Augustus, is nie waar nie. Is 'n blatante leuen.

Ja, goed. -- Ek was wel voor die tyd by hom.

Hy gaan voort en hy sê:

"Daarop sou hy (dis nou u) gereageer het deur Jack met geweld te dreig."

En dan in aanhalingstekens:

"'Ek sal jou donder!'"

-- Dit staan geskrywe in my dagboek. Ek sê dit weer aan die Kommissie, dat ek hom nie gesien het na die einde van Augustus na die voorval nie. (10)

VOORSITTER: Nee, nee, nee, nee. Nee, nee, nee. Ek - ons aanvaar dit nou as u getuienis. Die volgende vraag is, het u gesê, maak nie saak of dit nou aan Greyvenstein is en of aan Ernie is nie, dat u het toe vir ... (tussenbei) -- Ek het dit aan Greyvenstein gesê.

Ja.

MNR. HATTINGH: Die persoon wie se naam u nou genoem het, wat ons seker nou maar kan noem Cory Meerholz, is oorlede. Nie waar /... (20)

K66.45 - 1898 - BOTES

waar nie? -- Dis korrek, ja.

Ons weet dit. Goed. Waar het hy destyds gewoon? -- In Phalaborwa gewoon.

Het u nadat u die geskil met mnr. Verster gehad het, 'n besoek aan hom in Phalaborwa gebring? -- Dis korrek, ja.

Direk na die geskil? -- Na die geskil, ja.

Het u dit vir Greyvenstein vertel? -- Ek weet nie of ek dit vir Greyvenstein vertel het nie. (30)

Kan u onthou wie ... (tussenbei) -- Ek het wel openlik op

daai stadium nog met Greyvenstein geskakel en ek glo hy het geweet daarvan, ja.

Hierdie persoon sê:

"In die hitte van die argument, het Bobby die kantoor per motor verlaat en na Phalaborwa gery waar hy met Cory Meerholz die aangeleentheid bespreek het."

-- Dit is nie waar nie. Ek het Meerholz gaan sien nadat ek in gesprek was met generaal Webb en hy 'n aanbod aan my gemaak het.

VOORSITTER: Ja, nou goed. Ja? -- So ek het nie na die hitte van die stryd gegaan nie. (10)

MNR. HATTINGH: Ja, hy praat daarvan. Hy sê:

"Hy beweer - hy het beweer dat cory hom werk in die eenheid aangebied het. Hy het ook 'n dokument aan my getoon waarop Cory bevestig het dat Bobby vir 'n spesifieke tydperk in die organisasie onder sy bevel gewerk het en dat hy werk van hoogstaande gehalte gelewer het."

-- Dit is nie waar nie.

Het u so 'n dokument gehad? -- Dis - dis 'n leuen. Ek het 'n dokument wat ek op 'n heelwat later stadium gekry het. So die dokument het nie toe bestaan soos wat hy nou beweer nie /... (20)

K66.46

- 1899 -

BOTES

nie.

Maar het u dit aan hom getoon? -- Nee, ek het dit nie aan hom getoon nie.

Hoe kon hy geweet het van so 'n dokument? -- Greyvenstein kon hom vertel het van die dokument.

Ek sien.

"Cory het ook in die brief aangetoon dat die werk waarna verwys word, ekwivalent is aan weermagsdiens, aangesien (30)

die organisasie 'n frontorganisasie vir die weermag is."
-- Dit is nie waar nie. Die dokument is tot die beskikking van die Kommissie. Daarin word dit gestel dat ek as 'n siviele lid vir hom as persoon gewerk het.

Hy sê:

"Die implikasie hiervan is dat Bobby in besit van 'n dokument is wat die organisasie openlik aan die weermag koppel."

-- Dit is nie waar nie. Daardie dokument koppel my aan Cory Meerholz.

(10)

Nie aan die weermag nie? -- Dis op 'n weermag briefhoof geskryf. Dit koppel my direk aan Meerholz en hy sê daar dat ek in siviele hoedanigheid vir hom gewerk het, as ek reg onthou. Ek sal bly wees as ons die dokument kan uithaal, dan kan ons aan die Kommissie voorlees presies wat daar staan.

VOORSITTER: Nou, kan u maar uithaal? Haal hom asseblief uit. Nou, dit is 'n brief op 5 Verkenningsregiment se briefhoof gedateer Augustus 1989 vanaf kolonel Meerholz. Mnr. P. Botes, sertifikaat van diens.

"Mnr. P Botes was oor die periode 1 November 1987 tot 31

(20)

Desember 1988 onder my beheer werksaam in 'n nie-militêre pos. Lid het homself gedurende die periode onderskei as 'n deeglike /...

K66.48

- 1900 -

BOTES

'n deeglike en ywerige werker met goeie bestuurseienskappe en het hiervoor merietesalarisverhogings ontvang. Mnr. Botes kan met vrymoedigheid aanbeveel word."

MNR. HATTINGH: Kan ek net weer die datum kry asseblief?

VOORSITTER: Dis net geteken, is Augustus 1989. Dit is nie 'n spesifieke datum nie.

(30)

MNR. HATTINGH: Het u vir Cory Meerholz 'n getuigskrif gaan

vra? -- Ek het, ja.

En hy't dit op 'n militêre briefhoof aan u gegee. -- Hy het dit, ja.

Goed. -- Hy was op daai stadium die bevelvoerder van 5 Verkennings- ... (tussenbei)

Goed. U kan nie verduidelik hoe Ernie te wete kon gekom het van 'n dokument wat by Meerholz gekry is, waar ... (tussenbei) -- Ek het verduidelik hoe Ernie te wete kon gekom het.

Ernie en Greyvenstein skakel na my wete ten minste een keer 'n week oor 'n privaat besigheid wat hulle deel of gedeel het. Hulle kon dit onlangs verkoop of geskei het. (10)

Ek gaan nie die hele verklaring met u behandel nie, dit sal vir insae beskikbaar wees. Het u vir hom gesê - hy sê: "Hy het gesê dat Jack moet hoop dat hy, Bobby, nie nou om een of ander rede moet doodgaan nie."

Het u dit vir hom gesê?

VOORSITTER: Vir Greyvenstein. -- Ek het dit nie vir hom gesê nie. Die gesprek het nooit plaasgevind nie.

Nee, maar kom ons aanvaar nou u het 'n gesprek met Greyvenstein gehad. Het u so iets vir Greyvenstein gesê? -- Ek het 'n gesprek met Greyvenstein gehad waar ek vir hom in detail verduidelik het wat presies gebeur het. (20)

Nee, maar luister ... (tussenbei) -- En ook wat my woorde aan /...

K66.49

- 1901 -

BOTES

aan Jack was ... (tussenbei)

Nee, maar ... (tussenbei) -- En wat die implikasies daarvan was.

Nee, luister nou net. Lees net weer die sin, en dan vra - sê u of u dit vir Greyvenstein gesê het. (30)

MNR. HATTINGH:

"Hy het gesê dat Jack moet hoop dat hy, Bobby, nie nou om een of ander rede moet doodgaan nie."

-- Ek kan nie onthou dat ek dit aan Greyvenstein gesê het nie, dit is moontlik dat ek dit aan Greyvenstein gesê het.

Het u enige dokumente aan u bankbestuurder oorhandig? -- Nee, ek het geen dokumente aan my bankbestuurder oorhandig nie.

Of aan u advokaat? -- Wel aan my prokureur, ja.

In 'n verseëlde koevert? -- Dis korrek, ja.

En wat se - was die aard van hierdie dokumentasie gewees? (10)
-- Die aard van hierdie dokumentasie was BSB dokumentasie wat vandag aan die Kommissie beskikbaar gestel was.

Met die name van lede, en so meer? -- Met die name van lede en so meer.

Ja. -- In die verseëlde koevert, soos dit nou gestel was.

Het u dit ooit vir Greyvenstein gesê? Dat u dit gedoen het, dat u vir - vir u prokureur so 'n dokument gegee het? So 'n koevert gegee het. -- Ek kan nie onthou of ek dit vir Greyvenstein gesê het nie. Dit is moontlik, ja.

Want hy gaan - die persoon gaan voort en hy sê:

"Aangesien sy bankbestuurder en advokaat elk 'n verseëlde koevert het waarin dokumente en inligting vervat is wat Jack en die organisasie tot 'n val sal bring." (20)

-- Dit is nie waar nie. In die eerste plek het die bankbestuurder /...

K66.50

- 1902 -

BOTES

bankbestuurder - het ek nooit met enige bankbestuurder onderhandel oor die saak nie. In die tweede plek het geen advokaat ooit 'n verseëlde koevert van my gehanteer nie.

Baie mense raak verward tussen prokureur en advokaat. -- Dit klink vir my of hy totaal verward was, want daai gesprek (30)

het nooit plaasgevind nie.

VOORSITTER: Ja, maar die feit is die persoon het geweet dat u 'n verseelde koevert oorhandig het aan iemand. -- Dit is korrek, ja.

Ja, daai persoon het dit in Desember verlede jaar geweet. -- Daardie?

Persoon het dit in Desember verlede jaar geweet. -- Ek kan nie nog hoor nie?

Ek sê daai persoon het dit al Desember verlede jaar geweet, dat u so iets gedoen het. -- Ja, dit is moontlik. (10)
Twyfel nie.

Ja.

MNR. HATTINGH: U sê dis moontlik dat u vir - vir ... (tussenbei) -- Vir Greyvenstein daarvan gesê het, ja.

Vir Greyvenstein daarvan gesê het. -- Ek en Greyvenstein het openlik skakeling nog gehad.

In hierdie selfde strekking, dat, dat Jack of mnr. Verster moet hoop dat u nie doodgaan nie, want u het hierdie koevert aan u prokureur oorhandig. Het u dit vir Greyvenstein so gestel? -- Ek het dit nie vir hom so gestel nie. (20)

VOORSITTER: Het u dit so geïmpliseer aan hom? -- Ek het dit so geïmpliseer met die verduideliking wat ek gegee het en soos wat ek dit in my dagboek aangeteken het, dat die rede daarvoor was baie eenvoudig. Verster het gedreig om my dood te maak en ek het voorsiening gemaak, indien hulle my sou doodmaak, sou daar /...

K66.51

- 1903 -

BOTES

daar van my eksterne lede teen Verster spesifiek optree. Dit was na die bomvoorval en dit was so ja. Ek het die nie in soveel woorde wat ek kan onthou, aan Greyvenstein vertel nie, (30)
maar dit is die feite van die saak, ja.

MNR. HATTINGH: En hoe sou - hoe sou hierdie dokumente nou te-
weeg gebring het dat u lede na u dood teen mnr. Verster sou
opgetree het? -- Die dokumente sou niks daarmee te doen gehad
het nie.

Nou maar dit is dan die verduideliking wat u nou so pas
gee. -- Nee, dis nie die verduideliking wat ek gegee het nie.

Ek het gesê die dreigement, dis waaroor dit gegaan het. Ver-
ster het gedreig om my dood te maak, waarna ek tydens hierdie
argument vir Verster gesê het hy het 'n vermoë en ek het 'n
vermoë.

Waarom het u die dokumente in 'n verseëlde koevert aan u
prokureur gegee? -- Omdat ek dit nie wou laat rondlê nie en ek
bang was hulle in my huis sou inbreek.

U bang was dat? -- Hulle in my huis sou inbreek.

En die dokumente sou kry? -- Dis korrek, ja.

Nie omdat u BSB wou in - impliseer of aan die kaak stel
nie? -- Met dit wat ek tot my beskikking gehad het, kon ek nie
veel aan BSB as sulks doen nie.

Ja. -- ek dink dit sal blyk uit die inligting wat daarin
vervat word.

Want BSB het nie - BSB het nie rêrig geweet wat u gehad
het nie. -- Of BSB geweet het en of hulle nie geweet het nie,
weet ek nie. Maar dit wat beskikbaar was, is nou tot die be-
skikking en ek dink ons kan dit in daardie lig sien.

Maar dit ... (tussenbei) -- Dat dit wat tot - tot die
beskikking is, dat dit geopenbaar word dan, as dit moet.

Was /...

K66.52

- 1904 -

BOTES

Was dit nie u - was die oorhandiging van die koevert met
dokumente wat nie, waarvan BSB nie kennis gedra het nie, was
dit nie u versekeringspolis gewees nie? -- Dit was die doku-

(30)

mente wat moes ter sprake kom in die onderhandelingsproses en dit het spesifiek gegaan onder andere oor die ouditnavrae wat nog in my besit was waaroor ek en Verster gestry het en wat Verster gesê het nooit gedoen was nie. Dit is die dokumente wat in die koevert was onder andere.

Dit moes nie dien as u versekeringspolis nie? -- Dit moes dien as die waarheid as my versekeringspolis. Indien ek dit sou oorhandig aan BSB, dan het ek geen voet gehad ... (tussenbei)

VOORSITTER: Nee, nee, nee, nee. Nee, ekskuus tog. Ek dink u (10)
en die advokaat praat by mekaar verby. Die indruk wat ek dink geskep is oor wat u tot dusver gesê het, is dat u't 'n koevert vir die prokureur gegee in die konteks dat u gesê het dat u moet net nie nou iets oorkom nie, want dan gaan mnr. Verster aan die pen ry. -- Nee.

Nou wil die advokaat weet of daar 'n verband is tussen die koevert en die feit dat u nou niks moet oorkom nie. -- Nee.

Daar's nie 'n verband - daai verband is ... (tussenbei)
-- Daar's, daar is nie 'n verband daar nie. (20)

Dan het u gesê, dit was 'n ander vraag wat die advokaat u gevra het, is daar 'n verband tussen wat u eksterne lede sou gedoen het en die koevert. -- Nee, daar is - die enigste verband is sou ek iets oorkom, sou eksterne lede optree.

Ek sien. -- Dit is die enigste.

So het u so reëlins getref dat die - dat die eksterne lede namens u sou wraak neem? -- Dit is korrek.

Ek /...

-- Ek praat van onbewustelike indirekte lede.

MNR. HATTINGH: Praat u van twee swartmans in Suidwes-Afrika? Namibië? -- Nee, ek praat nie van twee swartmans in Namibië nie.

Goed. Hy gaan voort en hy sê:

"Die koeverte sou as versekeringspolis vir hom dien."

Het u dit vir Greyvenstein gesê? -- Nee, ek het dit nie vir Greyvenstein gesê nie.

Hy het genoem dat daar 'n naamlys in elk van die twee koeverte is, maar hy het nie verder daaroor uitgewy nie. -- (10)
Daar was geen naamlys nie en daar bestaan vandag nog nie 'n naamlys as sulks in daardie vorm nie.

Was daar 'n reeks name in daardie dokument? -- Daar was nie na my wete - daar was 'n reeks name versprei deur die dokumente, soos wat dit hier beskikbaar is, maar daar was nie 'n lys name soos wat daar beweer word nie.

Ja. Het u ooit vir Greyvenstein inligting gegee oor wapenopslagplekke? -- Nee, ek het nie.

Vir enigiemand anders in die streek inligting gegee oor wapenopslagplekke? -- Nee, ek het die wapens persoonlik hanteer. (20)

Goed. -- Die ander wapens wat hanteer was, was deur lede hanteer en waar daai wapens ge-"cash" was sogenaamd, was aan daai lede spesifiek bekend gewees.

Hy gaan voort en hy sê die volgende:

"In aansluiting by bogenoemde, het hy gesê dat hy oor kennis beskik oor sensitiewe projekte."

Het u dit vir Greyvenstein gesê? -- Dat wie oor kennis ...

(tussenbei) /...

Dat u oor kennis beskik oor sensitiewe projekte. Het u so iets aan enigiemand gesê? -- Die kennis - die kennis waaroor ek beskik, is dit wat hier geblyk het. Ek beskik oor geen ander sensitiewe projekte nie.

VOORSITTER: Ja, maar, maar - ja, maar kom ons, kom ons vra nou maar net. Is dit sensitiewe inligting waaroor u kennis beskik? -- Ja, maar in - in dieselfde konteks het Greyvenstein presies geweet in die verhouding wat ek geweet het. So hy't geweet wat dit is.

Ja.

(10)

MNR. HATTINGH: Kom ons gaan voort.

"Hy't gesê dat hy betrokke was by die stig van 'n opslagplek wat deur Untag gelig is."

-- Dis nie waar nie.

Waar kom hy aan hierdie inligting? -- Ek weet nie waar hy daaraan kom nie. Daar het geen gesprek tussen ons twee plaasgevind nie.

Was u ooit betrokke by die stigting van 'n opslagplek? -- Nee, ek was nie.

Wat deur Untag gelig is? -- Nee, ek was nie.

(20)

"In die opslagplek is 'n hotelkaartjie of iets dergelyks per ongeluk gelaat wat 'n spesifieke persoon daaraan koppel."

-- Ek het dit aan u gestel dat ek niks van die voorval weet nie.

Het u nooit aan enigiemand so iets gesê nie? -- Nee, ek het nie so iets gesê nie.

Het u - weet u iets van 'n kaartjie wat by 'n opslagplek gelaat was? -- Nee, ek weet niks daarvan af nie, ek het nie

kaartjies /...

(30)

kaartjies daar gelaat nie en ek weet niks daarvan af nie.

"Hy, Bobby, kan met hierdie inligting die organisasie se aandeel in die stigting van die opslagplek bekend maak en dit bewys."

-- Dis nie waar nie. Ek het dit verskeie kere vir u gesê.

Die gesprek het nie plaasgevind nie. Ek dra geen, hoegenaamd geen kennis van sogenaamde voorval nie.

En hierdie persoon wat - met wie u bevriend was, wat geen rede hoegenaamd het om so iets van u te sê nie, vertel hierdie blatante klomp leuens. -- Hierdie - hierdie persoon praat daar en hy spesifiseer niks. Hy maak sekere bewerings. (10)

Leuenagtige bewerings. -- As hy oor die feite beskik het sogenaamd, hoekom kom hy nie daarmee vorendag in sy verklaring nie? Dit is nie waar nie.

Leuenagtige bewerings, nie waar nie? -- Dis leuenagtige bewerings, ja.

Ja. Maar kan u dink hoekom hy dit van u sê? -- Nee, ek weet nie.

Ja. -- Ek weet nie wat sy betrokkenheid vandag by BSB is nie. (20)

Dieselfde as wat dit was toe u met hom gepraat het. Hy was - hy's nog steeds nie lid van BSB nie. -- Dit kan wees en dit kan ook nie wees nie, ja. Lede binne BSB het wel amptelik bedank en buite gaan sit en steeds vir BSB gewerk, terwyl almal onder die indruk verkeer het dat hulle nie meer BSB-lede is nie en hy sou dan as sulks hanteer word. Ek het geen bewys dat hy wel vir BSB gewerk het op daai stadium gehad nie.

Het u aan enigiemand gesê dat u persone in u onderbou hetsy bewustelik of onbewustelik, gewerf het wat aan u getrou is? -- Ja.

(30)
En /...

En ook so in Suidwes-Afrika? -- Ja. Die lede in Suidwes-Afrika is bloot toevallig direkte lede en ek glo daardie lede was getrou aan my.

Het u geen onbewuste lede in Suidwes-Afrika gehad wat aan u getrou is? -- Ja, ek het gehad.

U het gehad. Het u gesê - vir enigiemand gesê soos wat hierdie persoon beweer u aan hom gesê het, naamlik:

"Hy het verder beweer dat hy in Suidwes-Afrika twee persone gewerf het wat 'uit sy hand eet'."

In aan-, dit staan in aanhalingstekens, so dit was u presiese woorde, sê hy. -- Dit was nie my woorde nie. Ek het nie persone gehad, in Suidwes gewerf, wat uit my hand geëet het nie.

Die persone wat in Suidwes gewerk het wat ek direk mee kontak gehad het, was nie in Suidwes-Afrika Namibië gewerf nie.

En dis onder andere hierdie persone wat nou so getrou aan u is, wat nou wraak namens u sou neem. -- Dit is nie waar nie.

Want hy sê:

"Hy het gesê dat as hy sy vinger klap, sou hulle teen Jack optree."

-- Daai man wat daai verklaring gemaak het, leef in 'n droomwêreld.

U het ook volgens hierdie persoon dreigemente wat ek nou nie sal uitlees nie, geuiter teenoor lede van mnr. Verster se gesin. -- Dit is nie waar nie.

Het u ooit teen enigiemand gesê dat hy ook groen koring op die land het? -- Ek het telefonies persoonlik vir mnr. Verster so gesê. Ek het dit teenoor niemand anders gesê nie.

Dat hy groen koring op die land het? -- Dat hy ook kinders het. Na die bomvoerval het ek dit persoonlik en ek het dit telefonies vir Joe Verster en nie vir iemand anders

gesê /...

gesê nie na hy my geskakel het.

Bedoelende dat - bedoelende dat indien daar iets met u gebeur, daar ook teen sy familie opgetree sal word? -- Dis korrek, ja. Aangesien daar 'n bom by my plek was, 'n week - minder as 'n week na ons twee 'n dispuut gehad het.

Ja. In die nag, toe u nie daar was nie. -- Dis korrek, ja.

En u dreig toe daarna dat u teen sy familie sal optree, indien nodig. -- Ek het vir hom gesê dat wat vir my gaan, gaan vir hom. Hy't op daai stadium my familie bedreig deur daardie bom. Dit was op daardie stadium 'n bekende feit dat my vrou die bestuurder van daardie besigheid was, hoewel dit my besigheid was. (10)

Het u geweet waar mnr. Verster woon? -- Nee, ek het nie op daai stadium geweet waar mnr. Verster woon nie.

Weet u op hierdie stadium? -- Nee, ek weet nie op hierdie stadium waar mnr. Verster woon nie.

Het u 'n idee gehad waar hy woon? -- Nee, ek het nie 'n idee gehad nie. Ek het wel geweet waar hy voorheen gewoon het. (20)

Waar hy voorheen gewoon het? -- Dis korrek, ja.

Ja, het jy ... (tussenbei) -- Ek was by hom aan huis en hy't my persoonlik soontoe geneem.

Het u telefoonnommers van hom gehad? -- Ja, ek het 'n telefoonnommer van hom gehad.

Wat was die ... (tussenbei) -- Dit was 'n radiotelefoonnommer.

Behalwe die radiotelefoonnommer, enige ander telefoonnommers? -- Nee, ek het nie 'n - ek - ek het die kantoor nommers gehad. Ek het geen huisnommer vir mnr. Verster gehad nie. (30)

Want /...

Want hierdie persoon beweer dat u die volgende gesê het:
"Hy het verder gesê dat hy weet waar Jack bly."
-- Ek dink ons het nou lank genoeg met die onderwerp gehandel.
Die man maak bewerings. Ek sê vir u die gesprek het nie
plaasgevind nie. Ek het nie geweet waar mnr. Verster gewoon
het op daardie stadium nie.

Die huis wat u van geweet het, was dit naby aan die plek
waar u gewoon het of waar u woon? -- Dis korrek, ja.

Ja. -- Die plek was in Wingate Park gewees.

(10)

Hoe sou hierdie persoon, hierdie Ernie, dit geweet het?
-- Ernie was aan die organisasie verbonde terwyl mnr. Verster
daar gewoon het en hy het 'n geruime tyd vir BSB gewerk. En
ek neem aan dit is hoekom hy geweet het waar mnr. Verster
gewoon het. Aangesien hy die inligtingsoffisier vir Streek 2
was.

U moet - u moet nou maar geduldig wees. -- Ek is gedul-
dig.

Want ek gaan al hierdie bewerings aan u stel, want hier-
die persoon sal so kom getuig indien dit nodig is. -- Ons -
ons sal hulle, hy moet kom getuig. Ons sal hulle almal
aanhoor.

(20)

Hy gaan voort en hy sê dat, ek lees ver die sin:
"Hy het verder gesê dat hy weet waar Jack bly, glo naby aan
waar hy bly en 'n telefoonnommer en die nommer ver- skyn
hier gegee: 345-2681."

-- Dit kan die nommer wees, ek weet nie wat die nommer was op
daai stadium nie.

Het - dit is - u, ken u hierdie nommer? Het u hom op 'n
stadium geken? -- Ek kan nie die nommer onthou nie. Ek kan
hom in my telefoonboekie gaan kyk wat sy nommer op die stadium

(30)

was /...

was wat ek dit gehad het.

"Volgens hom, sou hy dus maklik iemand teen Jack kon laat optree."

-- Dis nie waar nie.

As ek iemand teen hom wou laat optree, kon ek dit doen. Ek het nie geweet waar hy woon nie. Ek sou hom waarskynlik teen hom opgetree het in werkshoedanigheid, waar ek 'n idee gehad het waar hy beweeg het.

Maar u het in teenwoordigheid van ander persone vir mnr. Verster gesê hy is nie die enigste persoon wat mense het wat hom ondersteun nie. -- Dis korrek, ja. (10)

En hierdie is maar 'n herhaling van 'n soortgelyke bewering. -- Dis korrek, ja. En hierdie inligting ... (tussenbei)

Het u dit net op daai een geleentheid gesê? -- Hierdie inligting was in detail aan drie persone oorgedra. Die - wat plaasgevind het tussen my en Verster, was drie persone. Shane du Plooy, Kevin Ross en Greyvenstein. Ek het na die voorval die saak met hulle bespreek en gesê: "Menere, die volgende het gebeur, dit is die feite, dit is presies soos wat dit gebeur het. Ek sê vir julle op hierdie stadium, ek is hier om af te handel. Ons skakel tot tyd en wyl, ek het 'n aanbod om weg te gaan, dit is die basis waarop dit gedoen word." (20)

Maar ook vir hulle gesê ... (tussenbei) -- So daardie lede het kennis gedra in detail oor wat tussen my en mnr. Verster gebeur het.

VOORSITTER: Nee, maar daar - daar's 'n groot verskil tussen, tussen wat tussen julle twee gebeur het, naamlik 'n rusie en 'n daaropvolgende beplanning, soos dit vir my lyk, as is dit ook maar net in 'n beginstadium nog op 'n - op 'n, op 'n gebeurlikheidsbasis /... (30)

gebeurlikheidsbasis om mnr. Verster om dit sagkens te stel, leed aan te doen. Het u dit ook vir hulle gestel? -- Ek het dit vir hulle gestel presies wat my woorde was. Hulle het die omvang daarvan besef. Hulle kan maak daarmee wat hulle wil.

Ja.

MNR. HATTINGH: En u sê dat as hierdie persoon dit te wete gekom het, moes hy dit van een van daardie persone verneem het. -- Hy kon dit van een van hulle gehoor het, ja. Daardie persone het - van hulle het na my wete skakeling gehad met hom. (10)

"Hy het ook 'n nommer aan my gegee, 374-2032 en gesê dit is die organisasie se kantoor nommer."

-- Dis nie waar nie.

Is dit die nommer van die kantoor? -- Dit was op 'n stadium die nommer van die kantoor, terwyl na my wete Bekker nog vir die organisasie gewerk het. Bekker, sogenaamd Ernie. Ernie Bekker.

Is dit sy administratiewe van gewees? -- Dit was sy administratiewe van gewees. (20)

Het u ooit persone in u onderbou gehad by name Sidney en Green? -- Ja.

Het Bekker daarvan geweet? -- Ja, Bekker het beide van hulle geken.

Het u aan enigiemand melding gemaak dat hierdie twee persone teen mnr. Verster sou optree? -- Nee, ek het nie.

Hierdie Sidney en Green, is hulle in Suidwes-Afrika? -- Nee, hulle is nie na my wete nie.

Waar is hulle dan?

VOORSITTER: Is hulle die twee persone wat u gesê het wat ... (30)

(tussenbei) -- Nee, beide Sidney en Green is direkte BSB-lede.

Swart /...

Swart BSB-lede. Dit is wat hulle is.

MNR. HATTINGH: As u sê direkte lede, lede met kontrakte wat salarisse ontvang? -- Dit is korrek, ja.

Want hier, hierdie persoon beweer dat u gesê het dat Sidney en Green twee indirekte lede onder u beheer is. -- Dis nie waar nie. Bekker het beide daai lede baie goed geken na my wete. Hy het met hulle saamgewerk en hy was so goed soos ek bewus van presies wie en wat hulle was.

Het - was hulle twee van die persone wat nie deur mnr. Verster betaal is nie, of deur BSB betaal is nie? -- Nee, na my wete was hulle betaal. Ek weet nie of hulle betaal was nie, ek glo hulle was betaal. (10)

Dis nie van die persone waarvan u gepraat het wat nie betaling ontvang het nie. -- Dis nie indirekte lede nie, dit was direkte BSB-lede.

Het u - hy, hy beweer ook dat u vir hom vertel het van die bominsident. -- Ek het vantevore aan u gestel dat ek nie 'n gesprek met hom gevoer het nie. Ek het die bominsident wel bespreek met Greyvenstein en Ross en Du Plooy. Ons was besig met die afhandeling van die administrasie na daardie voorval. (20)

Hierdie persoon Bekker het ook - u het reeds gesê hy's, hy's in besigheid betrokke met - met Greyvenstein. -- Dis korrek, ja.

'n Soortgelyke besigheid as die wat u vrou namens u bedryf het? -- Dis - dis korrek, ja.

Hy sê hierso:

"Hy is bewus daarvan dat ek en (en dan is hier name uitgewis) vennote in 'n personeelagentskap is. Na aanleiding daarvan het hy my gewaarsku dat (en weet iets se naam uitgeblok) die agentskap aan die organisasie koppel, omdat /... (30)

omdat hy deurdat hy die organisasieprojekte bedryf terwyl hy die agentskap noem ten einde 'n dekking te verskaf."

-- Dit is nie waar nie.

So iets is nooit met u bespreek nie? -- Wat wel bespreek was in die verlede, mnr. Verster het vir Greyvenstein opdrag gegee om te breek na my wete met Bekker. Dit sou beteken dat hy homself moes uitkoop, of sy aandeel van die besigheid verkoop. Dit het mnr. Verster nie aangestaan dat terwyl Bekker dan, volgens amptelik my kennis, nie meer 'n lid van BSB was, direk in besigheid was met Greyvenstein nie. (10)

Hy sê dat tydens hierdie gesprek wat u nou ontken, was u emosionele toestand, aanvanklik het u baie selfvoldaan voorgekom en daarna het u u opgewerk tot 'n staat van woede teen Jack spesifiek.

"Tot 'n punt dat hy in my persepsie onverantwoordelik voorgekom het."

VOORSITTER: Ja. Ek dink, ek dink dit help nie om, om daai soort vrae te vra nie.

MNR. HATTINGH: Goed. Net kyk. Het u ooit te kenne gegee dat u bereid sou wees om selfs die ander lede van BSB op te offer deur die, die - die bedrywighede van die BSB openbaar te maak? (20)
-- Nee, ek het nie.

VOORSITTER: Maar u het dit darem gedoen. -- Die lede wat direk by hierdie spesifieke voorval betrokke was. Die res van die lede was tot nog toe almal beskerm deur my.

Ja.

MNR. HATTINGH: Het u op enige stadium, nie noodwendig die stadium van hierdie gesprek hier nie, die gesprek voor die insident met - met mnr. Verster teenoor hierdie Bekker gepraat van eise wat u het? -- Nee, ek het nie. Die eise het op daai (30)

stadium /...

stadium nog nie bestaan nie. Die eise was geformuleer op 7 Desember 1989, toe die rekening aangebied was aan generaal Joubert.

Ek, ek net seker maak of hier nog aspekte uit ander verklarings is. U het nooit die verklarings ter insae beskikbaar gehad wat deur persone afgelê is na aanleiding van die insident tussen u en mnr. Verster nie? -- Nee, ek het nie.

U eie verklaring, was dit beperk tot hierdie insident gewees? -- Na my wete, ja. Ek het nie 'n afskrif daarvan nie. (10)
Ek het dit aan brigadier Swart oorhandig.

En hoe sê u, wat was die doel van die aflê van u verklaring gewees? -- Om die voorval wat plaasgevind het tussen my en mnr. Verster aan generaal Webb aan die einde van die dag te verduidelik, deur bemiddeling van brigadier Jakes Swart.

Het iemand vir u spesifiek vir 'n verduideliking gevra? -- Ja.

En het u dit nie beskou as deel van 'n ondersoek na die voorval nie? -- Dit is - die verklaring was deel van die ondersoek na die voorval en dit is waaroor die verklaring gegaan het en ek was as sulks uitgevra en vrae gevra daarvolgens deur brigadier Swart. (20)

Tydens die voorval, was daar baie vloekwoorde gebruik, nie waar nie? -- Dis waar, ja.

Soveel so dat een van die dames naderhand ingekom het en gesê het hier is darem dames en u het haar toe op 'n kru manier aan ... (tussenbei) -- Sy het op geen stadium ingekom nie. Sy het in 'n vertrek gestaan terwyl ons op pad was uit.

En met u gepraat oor die taal wat u gebesig het? -- Sy het vir my gesê en die dame se naam ... (tussenbei) (30)

U moet nie die naam noem nie, asseblief. Ook nie eers

die /...

die administratiewe bynaam nie. Die dame is Petro - Petro Viljoen. Administratiewe bynaam, nie waar nie? -- Noem maar daai naam ... (tussenbei)

Goed. -- Niemand het dit gebruik nie. Dit daar gelaat.

Wat het u vir haar gesê? -- Sy het vir my gesê hou in gedagte hier's dames.

Ja. -- Ek, my woorde teenoor haar was: "Bly stil, die saak het niks met jou te doen nie." Ek was ... (tussenbei)

Bly stil? -- Dit het niks met jou te doen nie.

(10)

Bietjie meer - in bietjie meer luisterryke taal, nie waar nie? -- Nee, dit was my woorde teenoor haar. Die luisterryke taal was tussen my en mnr. Verster gebruik gewees.

VOORSITTER: Ja, goed. Ek dink nie ons hoef daarop in te gaan nie, asseblief.

MNR. HATTINGH: Goed. Nou, ken u die volgende name, as u my 'n oomblik sal vergun.

VOORSITTER: Het hierdie gebeurtenis nou daar by die kantoor plaasgevind? -- Dis korrek.

MNR. HATTINGH: Nee, ek is jammer. Ek sien in tussentyd is die name ook uitgekrap, so dit lyk vir my ek mag ook nie daarvoor vra nie. Hier't persone wat deel van u onderbou was verklarings gelê, dit afgelê dat hulle minder ontvang het van u as wat u voor verrekening gedoen het. (20)

VOORSITTER: Ja, hy, ek - asseblief, ek dink nie dat dit deel van my onder- ... (tussenbei) -- Ek wil net graag daarop antwoord deur te sê indien dit waar was, was die ondersoek afgehandel waarna ek 'n finale staat van betaling en my geld ontvang het. Indien dit waar was, glo ek dat die betaling wat aan my gedoen was, nooit gedoen kon gewees het nie. (30)

MNR. HATTINGH: Dan kan ons net kortliks kyk na die volgende

uitgawe /...

uitgawe van die Vrye Weekblad.

VOORSITTER: Dit is die een van 18 Mei?

MNR. HATTINGH: Dis reg, ja. Die gedeelte op bladsy 12. Myne is in geel gemerk. Ek weet nie of u s'n ook so is nie. Ek het hom in geel gemerk en ook onderstreep. In die tweede kolom. Die paragraaf begin met:

"Die BSB is soos 'n slang waarvan net sy vele koppe uitsteek"
Het u dit? -- Ek het dit, ja.

"Kap een af en 'n ander groei in sy plek uit. Die lyf bly
ongestoord voortbestaan." (10)

Dit sê u is verkeerd. -- Ek sê dis verkeerd, ja. Ek het dit nie so gestel nie. Ek het dit nie so gesê nie.

Hoe het u dit dan gestel? As u sê u het dit nie so gestel nie? -- Ek het dit - ek het dit nie gesê nie.

U het glad nie so 'n stelling gemaak nie? -- Nee.

Nie eers naastenby so 'n stelling nie. -- Wat ek wel gesê het, is BSB kan voortbestaan ... (tussenbei)

Hierdie verslaggewer ... (tussenbei) -- Met sekere voorbehoude, maar ek het dit nie gestel soos dit hier geskryf staan nie. (20)

Hierdie verslaggewer het hierdie beskrywing ook weer uit sy duim gesuig. -- Ek weet nie of hy dit uit sy duim gesuig en of hy dit uit sy kop uitgehaal het nie, maar die feit is net ek het dit nie so aan hom gestel nie.

Goed. En dan die volgende onderstreepte gedeeltetjie:

"BSB-lede werk by die S.A. Polisie in Escom."

Dit is ook onderstreep. Dit neem ek aan is dus verkeerd? -- Ek het nie skriftelike bewyse daarvoor nie.

Het u dit gesê? -- Nee, ek het dit nie gesê nie.

(30)
Hoekom /...

Hoekom sê u dan nou u het nie skriftelike bewyse daarvoor nie? Het u dit geïnsinueer? -- Nee, ek het nie.

Waar kom hierdie man daaraan? Weet u? -- Ek weet nie.

Goed. Nog laer af sê u, sy fondse afgesny en sy inligtingsbronne weggeneem. U sê:

"Botes sê BSB is so uitgewerk, dat hy kan bly voortbestaan, al word sy topstruktuur afgedank, sy fondse afgesny en sy inligtingsbronne weggeneem."

Nou net die laaste gedeel van die sin - gedeelte van die sin, (10)
is deur ... (tussenbei) -- Dis reg. Dis onmoontlik vir 'n organisasie soos BSB om voort te bestaan sonder enige fondse en dis wat die man hier sê.

En dit het u ook ... (tussenbei) -- En sonder enige inligtingsbronne.

Dit het u ook nie vir hom gesê nie. -- Ek het dit nie vir hom gesê nie. Want dis onmoontlik. BSB kan nie so voortbestaan nie.

Maar het u vir hom gesê dat BSB so uitgewerk is dat hy kan voortbestaan al word sy topstruktuur afgedank? -- Dit is (20)
moontlik, ja.

VOORSITTER: Maar die topstruktuur ... (tussenbei) -- BSB kan voortbestaan, al word ... (tussenbei)

Ja, maar die topstruktuur is tog mnr. Verster en generaal Webb. -- Dit is korrek. Dit - dit ... (tussenbei)

Wil u vir my sê dit kan voortbestaan sonder hulle? -- Dit is korrek, ja.

MNR. HATTINGH: Wie sal dan beheer neem? -- Ek weet nie wie dan beheer sal neem nie. Dit hang af van die situasie op daai stadium.

VOORSITTER: Maar dis dus nou op die basis net eenvoudig dat (30)
iemand /...

iemand anders in hulle plekke aangestel word, vermoed ek. -- Dit is korrek. Dit mag ook op 'n laer vlak dan gebeur, dat die hele organisasie BSB so groot soos wat hy tans onder daai topstruktuur bestaan, nie dan as een organisasie voortbestaan nie, maar dit is moontlik dan dat hy op 'n kleiner skaal as streke of as selle kan voortbestaan.

Enigste probleem ... (tussenbei) -- Hoe groot dit ookal dan mag wees.

Enigste probleem wat ek met u hele stelling het, is - (10)
kyk, dis alles nou baie interessant en, en teoreties. Maar per slot van rekening, aangesien die finansies soos u gesê het van die topstruktuur af kom, as daar nie 'n topstruktuur is nie, is die fondse afgesny. -- Goed. Wat, wat nou hier gebeur, is daar is nou generering volgens die blou plan van eie fondse. En dit is dat wat kan veroorsaak dat dit kan voortbestaan. So sou hulle dan daardie fondse afsny, dan is daardie alternatiewe fondse wat dan gegenerer word, tot beskikking vir aanwending.

Ja, met ander woorde dan het u heel waarskynlik gesê wat (20)
- wat u sê u nie gesê het nie. Hy kan met ander woorde voortbestaan, al is sy fondse afgesny. -- Nee, as - fondse afgesny sien ek, dan's alle fondse afgesny.

O. Ja?

MNR. HATTINGH: Op, op - op my afskrif is hier langs hierdie spinnekop, is hier so 'n streep en wat in geel gemerk is. Is dit 'n streep wat u getrek het, of was hy op die oorspronklike? -- Ek het die streep getrek op myne. Ek het nie daardie uitleg soos hy daar is aan die verslaggewer gegee nie. Dit is iets wat hy self uitgedink het en geteken het. (30)

VOORSITTER: Die hele uitleg? -- Die hele uitleg. Dit is

hoekom /...

hoekom ek dit so wyd net omkring het.

O.

MNR. HATTINGH: Vind u fout met die uitleg? -- Die uitleg is nie soos wat ek hom sou doen nie. Ek vind wel fout met die uitleg, ja.

En dan op bladsy 13 is daar ook 'n organogram of 'n uiteensetting van - van die beheer en dit is ook 'n sirkel omgetrek. -- Dis korrek. Dis ook deur die verslaggewer gedoen. Dit is ook nie soos wat ek dit gedoen het of sou doen nie.

(10)

VOORSITTER: Ja?

MNR. HATTINGH: Die hele diagram daarso is nie soos wat u dit gegee het nie. -- Daar is foute in die diagram, ja.

Dan het u op bladsy 13 in die - lyk soos die tweede kolom, dit mag dalk die eerste een wees as gevolg van die fotokopiëring - het u ook dele gemerk wat nie waar is nie. U praat van die - daar word gesê gesiene mense soos byvoorbeeld die Mosambiekse minister wat die viskoppe kwota aan ons verkoop het.

VOORSITTER: Nee, dis nie viskoppe nie, maar ... (tussenbei)

(20)

MNR. HATTINGH: Viskwota, jammer. Goed. -- Ek het op geen stadium van, van 'n Mosambiekse minister gepraat nie. Ek het gepraat van 'n senior persoonlikheid.

En het hierdie senior persoon 'n viskwota verkoop? -- Hy't nie die viskwota verkoop nie, hy't die viskwota gegee in ruil vir vyf persent van die opbrengs van die boot.

U sê u - die, die gebruik van die woord "klandestiniteit" is ook verkeerd. -- Ek het nooit so 'n woord gebruik nie.

En dan het u ook nog laer af:

"Botes was juis die hoof wapenaankoper".

Die woord hoof wapen is onderstreep. Wat is verkeerd daaraan?

(30)

-- Ek /...

-- Ek was nie die hoof wapenaankoper nie. Ek was 'n wapenaankoper. Ek weet nie wie die ander aankopers nie en of daar was nie.

En u sê u het ook glad nie gepraat van lugafweerkanonne en vuurpyl ... (tussenbei) -- Ek het dit vroeër gestel dat dit op die sogenaamde "shopping list" verskyn het. Dit sou aangekoop gewees het mettertyd. Ek het dit nie op daardie stadium reeds aangekoop soos wat hier beweer was nie.

Maar kom ons kyk nou met teenstelling met die eerste berig, word hier nie net gesê die wapens is aangekoop nie, (10)
 maar hier sê u, word u ook gerapporteer as sou u gesê het:
 "Hy weet nie wat van die wapens geword het of waar dit geberg word nie."

-- Dis korrek, ja.

Het u dit gesê? -- Ek het gesê ek weet nie waar die wapens is nie. Ek weet nie wat daarvan geword het na ek dit oorhandig het nie, ja.

Dit wat u gekoop het, wat u wel gekoop het. -- Dit wat ek wel gekoop het, het ek oorhandig. Ek weet nie waar dit is nadat ek dit oorhandig het nie. (20)

Ja. En, en in hierdie beriggie word daar gesê die R10-miljoen in die volgende kolom, is onlangs na die buiteland oorgeplaas.

VOORSITTER: Daar is niks, nie baie oorspronklikhede in die tweede berig nie. Dit lyk maar 'n verwerking van die eerste berig.

MNR. HATTINGH: Nee, dit lyk vir my of dit meer 'n verwerking is van die eerste een, ja. Laat ek net vlugtig kyk na die ander punte wat hy gemerk het. Dankie, ek het nie verdere vrae nie. Ek sien dis ook al na 13h00.

VOORSITTER: Dankie, ek sal verdaag.

DIE KOMMISSIE VERDAAG VIR ETE.

(30)

DIE KOMMISSIE HERVAT NA MIDDAGETE.

PETRUS JACOBUS BOTES nog onder eed:

KRUISONDERVRAGING DEUR MNR. BURGER: Mnr. Botes, as ek u getuienis reg verstaan het u nadat u met mnr. McNally gesels het tot die slotsom gekom dat daar niks is wat u vir die kommissie kan meedeel nie omdat u geen kennis gehad het aangaande binne-landse aangeleenthede nie. U kennis het net gestrek sover dit die buiteland aangaan, is dit korrek? -- Dit is korrek. Dit wat tot my beskikking was het ek op daardie stadium na my wete aan mnr. McNally meegedeel. (10)

Die volgende mense wat u toe gaan sien is die Vrye Weekblad, is dit reg? -- Ja.

En aan die Vrye Weekblad het u volledig vertel wat in u verklaring staan en wat in u verklaring staan vind ons ook in die uitgawes van 11 Mei en 18 Mei, is dit reg? -- Ja.

Met watter doel het u by die Vrye Weekblad eerstens die name van u oud-kollegas gaan verraai? -- Die name wat in die Vrye Weekblad gepubliseer was, is die name soos wat ek aan hom gegee het. (20)

Mnr. Botes .. -- Die verklaring as sulks was opgestel deur adv. Luitingh en oorhandig aan die kommissie en dié was na my wete nie vir die Vrye Weekblad gegee nie.

VOORSITTER: Nee, toe het die Vrye Weekblad-berig al klaar verskyn. -- Dit is korrek, ja.

U sien, dit help ons nie. Die vraag is hoekom het u die name aan die Vrye Weekblad van u kollegas gegee. Dit is wat die advokaat wil weet. -- Ek het die name gebruik wat betrokke was by dit wat ek die Vrye Weekblad vertel het.

Maar die vraag is hoekom. Dit is al wat die advokaat wil weet. Hoekom? -- Die name wat ek gebruik het, was die werklike name omdat ek/.. (30)

name omdat ek nie vals name kon gebruik nie omdat dit dan geen water sou gehou het indien enigiemand dit betwyfel het nie.

MNR. BURGER: Mnr. Botes, u het geweet u moes daardie name geheim hou, want hulle lewens is in gevaar. Ek vra vir u hoekom het u dit goed gedink om daardie mense se name te gaan openbaar met die gevolge wat dit vir hulle ingehou het? -- Omdat my naam geopenbaar was.

Is dit die moraliteit wat u daaraan heg, dat wanneer u onder die indruk is dat u naam bekend geraak het, dat u u mede-kamerade se name verrai? -- Ek was nie net onder die indruk nie, ek het geweet dat my naam bekend gemaak is, dit is hoekom ek 'n telefoonoproep gehad het en 'n man wat met my gepraat het. (10)

Kom ons aanvaar dit. Is dit u moraliteit dat wanneer u naam geopenbaar is u u mede-kollegas se name verrai? -- Die name wat ek daar geopenbaar het, is die name wat betrekking gehad het op dit wat ek gesê het, as dit verraad is.

U antwoord nie my vraag nie.

VOORSITTER: Hy sê as dit verraad is dan is dit ja. (20)

MNR. BURGER: Goed, dankie. Maar u het verder gegaan, u het ook buitelandse projekte aan die kaak gestel en u moes besef het, met u agtergrond en opleiding, dat u u land daarmee in gevaar gestel het.

MNR. FERREIRA: Mnr. die Voorsitter, ek tree hier in namens die getuie. Indien hy op daardie vraag antwoord gaan dit hom in 'n verdere mate inkrimineer ingevolge die Wet op Beveiliging van Inligting.

VOORSITTER: Ja, mnr. Burger.

MNR. BURGER: Stem u saam dat u u mag inkrimineer deur daardie vraag te antwoord? -- Ja. (30)

Nou kom ons/..

Nou, kom ons gaan kyk wat u onder eed gesê het waar u u-self nou nie meer kan inkrimineer nie. U het gister getuig dat generaal Joubert vir u 'n aanbod van 'n betrekking gemaak het, is dit reg? -- Dit is korrek, ja.

Soos daardie tyd, September 1987, was u in 'n tydelike hoedanigheid aangewend as 'n infanteris by sektor 10, is dit korrek? -- Nee.

Want dit is waar generaal Joubert genader is deur kolonel Eddie Viljoen. -- Dit is nie waar nie. Ek was op daardie stadium 'n siviele persoon. Ek het niks met die weermag te doen gehad nie. (10)

En het u vir generaal Joubert gesê u wil asseblief 'n werk hê want u het uitgeboer? -- Nee, ek het dit nie vir hom so gesê nie.

In paragraaf 17 van u verklaring het u nou reeds verduidelik, maar ek wil dit net aan u stel dat daardie reaksiespan het slegs in die buiteland opgetree. Kan u dit betwis? -- Ek gaan dit nie betwis nie.

En paragraaf 18, waar u weer 'n persoon se naam geopenbaar het, het u gesê dat hy was in bevel van 'n binnelandse streek en dat dit as 'n aparte streek beskou is. -- Dit is nie waar nie. Hy was, en ek sê hier baie duidelik, en dit is nie as 'n aparte streek beskou nie. So geleentheidsteiken wat my betref, sou onder hom ressorteer, dit is wat daar gesê word. (20)

Ja, dit is juis daarvoor wat ek wil praat. Daardie persoon het geen binnelandse operasionele verantwoordelikheid gehad nie, stem u saam? -- Na my wete was dit sy verantwoordelikheid. (30)

Het hy enige operasies binnelands beplan en uitgevoer

waarvan u/..

waarvan u kennis dra? -- Nee.

Nou, waarop grond u dan u wete? -- Op die feit dat hierdie span se bevelvoerder na my wete aan hom verantwoordelik was. Dit is waarop ek dit baseer.

Maar u kan nie ontken dat hy geen operasies binnelands uitgevoer het nie en geen binnelandse operasionele verantwoordelikheid gehad het nie? -- Ek weet nie of hy dit gedoen het nie.

Paragraaf 22 sê u dat sover u kan onthou is generaal Geldenhuys geskakel in verband met die voorlegging. In Vrye Weekblad het u verder gegaan, u het gesê u is seker alhoewel u dit nou gemerk het as 'n fout. -- Ek het op geen stadium gesê ek is seker nie. Ek het gesê ek dink. Ek dink dit is hier ook so gestel. Ek is nie meer seker presies aan wie dit gemaak is nie. (10)

Nee, u het gesê sover u kan onthou was dit hy. -- Dit is korrek, ja.

Ek stel dit aan u dit was nie hy gewees nie en dit kon nie hy gewees het nie. -- Dit is moontlik, dit is hoekom ek dit so gestel het. (20)

Want hy sou nie die persoon gewees het wat sou genader gewees het in elk geval nie? Is dit reg? -- Ek weet nie.

Nou hoekom vertel u goed aan die Vrye Weekblad waarvan u geen kennis het nie, mnr. Botes? -- Ek het dit nie aan die Vrye Weekblad vertel nie. Dit is hoekom ek dit gemerk het en dit uitgewys het.

Hoekom gaan u verder en u sit dit in u eedsverklaring? -- Ek het hier gesê ek is nie meer seker presies aan wie by HSAW dit gemaak is nie. (30)

Hoekom gebruik u generaal Geldenhuys se naam en sê dit

was hy/..

was hy sover u kan onthou as u nie eers weet wie moes gebel
gewees het nie? -- Meneer, ek het dit gestel dat daar 'n op-
roep gemaak was en ek het gesê - en ek het dit hier laat skryf
dat ek is nie seker aan wie dit gemaak was nie.

Maar u gebruik name links en regs sonder enige sekerheid?
-- Ek het nie die name links en regs gebruik nie.

Hoekom gebruik u dan generaal Geldenhuys se naam hier? U
het mos geweet dit gaan vir hom gevolge inhou? -- Die konteks
wat dit hierin gestel is, is presies soos wat ek dit gesê het. (10)
Ek is nie seker wie dit was nie en ek het dit so uitgespel.
Die waarskynlike persoon was hy gewees. Ek het nie gesê dit
was hy nie.

U het gesê sover u kan onthou was dit hy, mnr. Botes. Dit
is iets anderste as om te sê jy is nie seker nie. -- Ek het
nie gesê sover ek kan onthou nie. Ek het gesê ..

Dit staan in u eedsverklaring, lees dit self. -- Ek is
nie seker wie presies dit was nie.

"Ek is nie meer seker presies aan wie by HSAW dit gemaak
is nie, maar sover ek kan onthou was dit generaal Jan Gelden- (20)
huys." Dit is die volle sin. -- Ja.

Nou vra ek u hoekom gebruik u in 'n eedsverklaring 'n man
se naam waaroor u geen sekerheid het nie en ook nie wat u eers
weet of hy die verantwoordelike persoon was nie? -- Omdat ek
dit so gestel het hier dat dit aangebied was, maar ek nie kan
onthou aan wie dit aangebied was presies soos wat dit hier
geskrywe staan.

Hoekom het u nie net gesê ek weet nie wie dit was nie,
"full stop". -- Ek kon dit so gestel het. Ek het dit nie
woordeliks geskryf nie.

Nou goed, nou weet ons u kon dit so gestel het, maar u (30)

het verkies/..

het verkies om generaal Geldenhuys se naam te gebruik en nou vra ek vir u hoekom? -- Ek het nie verkies om generaal Geldenhuys se naam te gebruik nie en ek het dit ook so gestel aan die advokaat tydens my aanbieding aan hom, tydens die opstel van hierdie dokument, dat ek is nie seker wie dit was nie.

Ekskuus tog, was dit nou die advokaat se fout gewees, nie u s'n nie? -- Dit is, en ek dink dit is hier geskrywe soos wat ek dit aan hom gestel het, ek het nie geweet nie, ek was nie seker nie. Ek kan nie onthou nie en dit is so geskrywe na my wete hier. (10)

U sê in paragraf 23: "Dit volg dan ook dat die doelstellings van die verskillende streke uit die aard van die saak nie verskil het nie. Dit het ook gegeld vir Streek 6." Is dit reg? -- BSB het een doelstelling gehad, ja.

Nou stel ek dit aan u op daardie stadium was Streek 6 se doelstellings nog glad nie gefinaliseer nie. -- Ons praat op hierdie stadium aan die einde van Augustus 1989. Dit was wel aan my ... (tussenbei)

VOORSITTER: Nee, nee, u praat hierso op die ou sisteem. (20)

MNR. BURGER: U praat van die ou sisteem.

VOORSITTER: Kyk na u opskrif. -- Dit is verkeerd, dit is nie waar nie. Teen die einde van - teen 1989 geld dit. Dit het nie op daardie stadium gegeld nie.

MNR. BURGER: Nou, wie het die fout gemaak? U of die advokaat? -- Ek neem aan ek het die fout gemaak in die sin van die advokaat het my waarskynlik verkeerd verstaan en dit onder die ou bestel verstaan terwyl dit in die nuwe bestel so was.

Het u hierdie verklaring gelees voordat u hom geteken het? -- Ja, ek het hom gelees voordat ek hom geteken het. (30)

U het net die fout gemaak om nie die Vrye Weekblad te

lees nie/..

lees nie, is dit reg? -- Ek het die Vrye Weekblad gelees.

VOORSITTER: Maar u sien wat nou hierso, wat die implikasie van wat u hier sê is, ek weet nie of dit nou opsetlik die implikasie was of nie, is dat voordat die nuwe bestel in werking gestel is, het BSB mense in die Republiek doodgemaak. Dit is wat u sê. -- Ja, die implikasie hier is dan verkeerd.

MNR. BURGER: Nee, dit gaan verder as 'n implikasie, u sê dit in daardie selfde paragraaf "insluitende die doodmaak van mense". -- Ek sê met die oogmerk.

(10)

Maar, mnr. Botes moet nou nie dat ons spitsvondig raak nie. -- Ek sê nie hulle het die mense doodgemaak nie. Ek sê die doelstelling ... (tussenbei)

Die doelstellings is dieselfde as ... (tussenbei) -- Is die maksimale ontwrigting en dit het ingesluit ... (tussenbei)

Die doodmaak van mense? -- Die doodmaak van mense.

VOORSITTER: Ja, maar die punt wat ek teen u wil maak is wat hier gesê is, die wêreld ingestuur word, is dat voor einde '88 was dit 'n oogmerk van BSB om mense in die Republiek dood te maak. Nou sê u dit is nie so nie. -- Dit was wel so onder die nuwe bedeling, en nie onder die ou bedeling nie. Dit is foutief gestel hier.

(20)

MNR. BURGER: Maar onder die ou bedeling was daar nie 'n Streek 6 nie. -- Dit is korrek, ja.

Maar u noem spesifiek Streek 6 in paragraaf 23. Dit het ook gegeld vir Streek 6. -- Dit is pertinent soos ek dit nou hier uitwys dat dit foutief gestel is hier en dat dit wel onder die nuwe bedeling waaruit Streek 6 bestaan het, van toepassing is.

Nou, wanneer was dit Streek 6 se doelstellings om mense dood te maak? -- Dit was Streek 6 se doelstelling, soos BSB se

(30)

doelstelling/..

doelstelling die maksimale ontwrigting van alle vyande van die RSA en dit sluit eliminering in.

Mnr. Botes, asseblief, u het self gesê dat in die Mhlaba-geval wou u nie optree nie. -- Dit is korrek.

Want u het gesê dit is nie die doel of oogmerk van BSB om binnelands mense te elimineer nie. -- Ek het gesê dit is nie die doel van my as persoon by Streek 2 wat betrokke was nie.

VOORSITTER: Nee, nee, u het gesê dit is nie BSB se werk nie. U het gesê spesifiek nie BSB se werk nie.

(10)

MNR. BURGER: U het nog 'n baie lelike woord gebruik, 'n mens mors nie op jou eie stoep nie. Ek wil ook vir jou sê 'n mens plaas ook nie bomme voor jou eie deur nie. -- Dit is korrek. Ek het dit gebruik in die eie konteks van Shayne du Plooy was 'n lid van Streek 2 en as sulks het ek met hom gehandel en ons verantwoordelikheid was Streek 2 in die buiteland en nie binnelands nie. Dit was die rede daarvoor.

Mnr. Botes, wil u sê nou dat u het nooit gesê dat dit nie BSB se doelstelling was om binnelands mense te elimineer nie? -- BSB se doelstelling is die maksimale ontwrigting en dit staan so geskrywe, die maksimale ontwrigting van alle vyande van die RSA.

(20)

U antwoord nie my vraag nie, meneer. -- Dit word nie in daardie doelstelling gespesifiseer of dit binne- of buiteland is nie.

Mnr. Botes, u antwoord nie my vraag nie. -- Gee vir my weer die vraag.

Luister na my vraag want in die vervolg gaan ek vir u vra om die vraag te herhaal. -- Binne my vermoë sal ek antwoord.

Ek vra van nou af net een keer en u moet asseblief luister. Ek vra vir u wil u nou sê dat u nie getuig het in

(30)

hierdie/..

hierdie kommissie dat dit nie BSB se oogmerk was om binnelands mense te elimineer nie en u het spesifiek verwys na Streek 6.

-- In hierdie konteks soos dit op bladsy 6 geskrywe staan, paragraaf 23, nee, dit is foutief. Dit was wel op 'n later stadium van toepassing.

Dit was weer nie my vraag nie. Ek het vir u gevra of u in hierdie kommissie getuig het dat dit nie BSB se doelstelling was, en meer spesifiek Streek 6, om binnelands mense te elimineer nie? -- Ek gee vir u weer BSB se doelstelling. (10)

Nee, meneer, dit is nie my vraag nie. Ek ken BSB se doelstellings beter as u. -- Goed.

Antwoord my vraag, asseblief. -- Binne dit wat ek sien as BSB se doelstelling kon dit binnelands gedoen gewees het.

U antwoord nie my vraag nie, meneer.

VOORSITTER: Nee, ek dink - goed, mnr. Burger, gaan maar aan na 'n volgende vraag.

MNR. BURGER: Dankie, mnr. die Voorsitter. Ek stel dit aan u dat toe Streek 6 se doelstellings gefinaliseer was, sy doelstellings verskillend was van dié van die res van BSB. -- Na my wete was dit nie verskillend nie. (20)

Het u ooit Streek 6 se doelstellings onder oë gehad? -- Nee, ek het wel by gesit op vergaderings wat daar gehou was en waar die doelstellings verskeie kere bespreek was ten opsigte van die organisasie van BSB en die doelstelling van BSB was aangebied aan almal en nie aan enkele streke nie, as die maksimale ontwrigting van die vyande van die RSA.

En dit is tog seker vir u bygesê wat insluit die eliminerings van die vyand binne die grense van die RSA. -- Dit was nie aan my gesê nie. (30)

Dit is nou/..

Dit is nou maar net ietsie wat u ingelees het. -- Ek het dit nie ingelees nie.

En ek stel dit aan u pertinent dat dit nooit die oogmerk van Streek 6 was om mense binnelands te elimineer nie. -- Dit kan wees.

Nou kom ons nader. In paragraaf 27 sê u "Ek glo" en ons weet nou al ons moet versigtig wees met wat u glo "dat waar die eliminasië van 'n spesifieke teiken moonetlike politieke reperkussies en implikasies gehad het, goedkeuring vir die uitvoering van 'n sodanige projek op hoër vlak as die van die bevelvoerder van Spesmagte verkry moes word en inderdaad verkry is." Kan ons net eers gou hoor, watter gevalle weet u van waar die goedkeuring verkry is en waar u die handtekening gesien het vir die goedkeuring? -- Ek het geen handtekening gesien vir goedkeuring nie. Wat wel gebeur het sekere goed was goedgekeur, sekere spesifieke projekte was goedgekeur en gestop voor finale uitvoering as gevolg van die situasie wat ontstaan het waar daar politieke implikasies sou wees, waar die politieke situasie verander het met verloop van die tyd tussen aanbieding en die uitvoering van die projek. (10) (20)

Mnr. Botes, is die posisie nie dat hierdie net gegeld het vir buitelandse projekte en dat in alle gevalle goedkeuring verkry moes word? -- Dit is korrek, ja.

Is dit reg? -- Dit is reg, ja.

VOORSITTER: U sien, dit gaan nie net oor eliminasië nie. Dit gaan oor enige projek wat politieke reperkussies het. -- Dit is korrek.

Nou hoekom maak u asof dit net eliminasië is? -- Dit het hoofsaaklik gegaan in die uitvoering van my projekte oor die eliminasië en dit is waaroor ek gepraat het. (30)

Kan ek vir/..

Kan ek vir u die vraag vra, u hoef dit nie te antwoord nie, hoeveel daadwerklike eliminاسies het u verrig in die buiteland? -- Ek sal die syfer moet bevestig, mense wat dood is na my wete is ten minste ses.

Ek vra wat u geëlimineer het. -- Wat ek laat elimineer het. Wat ek betrokke was by die beplanning en die uitvoering van die projek.

MNR. BURGER: In paragraaf 29 ... (tussenbei)

VOORSITTER: Maar u het niemand self geëlimineer nie? -- Nee.

(10)

MNR. BURGER: In paragraaf 29 laat u weer dinge so 'n bietjie in die lug hang, dat 'n mens weer verkeerde afleidings kan maak. "Generaal Joubert het ook beheer uitgeoefen deurdat hy homself op hoogte van sake geplaas het oor teikens en die moontlike implikasies van die eliminاسie daarvan. Dit het van tyd tot tyd gebeur dat 'n potensiële teiken wat die BSB in die oog gehad het, deur iemand anders geëlimineer is" en dan sê u het generaal Joubert navrae gedoen. Dit het mos net in die buiteland gebeur? -- Dit is korrek.

Hoekom sê u dit nie? -- As ek dit reg het, het ek vroeër in die verklaring gesê om die agtergrond te gee oor waaroor ek praat en ek dit genoem het dat ek aan Streek 2 verantwoordelik was.

(20)

Nee, vroeër in u verklaring het u gesê Streek 6 elimineer ook in die binneland. Dit is wat u gesê het en hier los u die implikasie dat in generaal Joubert se tyd, as 'n man binnelands geëlimineer word dan sal hy navraag doen en dan sal daardie BSB-lid dit weet. Is dit nie so nie? -- Dit is nie wat ek bedoel het nie, baie beslis nie.

So, 'n mens moet u verklarings baie versigtig lees oor wat u nou werklik bedoel het, en ek stel dit aan u dat BSB

(30)

nooit ongemagtig/..

nooit ongemagtig opgetree het in die tyd van generaal Joubert nie. -- Na my wete nie.

Nou maar hoekom skryf u dan, hoekom verklaar u hierdie tipe van dinge? -- (Geen antwoord)

Het u 'n antwoord, mnr. Botes? -- Wat ek probeer verduidelik het hier is dat daar geen ongemagtighede was nie.

Maar hoekom sê u dit? -- Omdat dit nie plaasgevind het nie. Ek het nie gesê dat dit plaasgevind het nie.

U sê "In so 'n geval het generaal Joubert onmiddellik navrae gedoen". -- Dit is korrek. (10)

Nee hy sou nie, hy het. -- Indien daar 'n eliminاسie plaasgevind het wat deur iemand gedoen was, het ons onmiddellik die navraag gekry wie was verantwoordelik vir daardie persoon se dood.

Paragraaf 33, hierdie gifmetode van u, u het darem die weermagdokter se naam uit Vrye Weekblad uitgehaal en daar gesê dat was nie 'n weermagdokter wat dit verskaf het nie, is dit reg? -- Dit is korrek, ja. Ek het dit 'n BSB-dokter genoem.

Nou, oor die waarheid hiervan dra ek nou nie kennis nie, (20) maar indien dit sou gebeur het, stel ek dit aan u kon dit net in die buiteland gebeur het. -- Ek het in die buitelandse konteks gepraat, ja.

Nou, in paragraaf 35, en nou wil ek hê u moet u antwoord van netnou baie mooi in gedagte hou toe u gesê het Streek 6 tree binnelands op en dat u die onderskeidjie wou tref, ensovoorts, want hier sê u toe onder eed nadat u die hele operاسie beskryf het, in die laaste sin - of ons kom by die derde laaste sin:

"Ek het geweier om dit te doen. Ek het geweet van die bestaan van Streek 6. Ek het nie daarmee saamgestem (30)

nie/..

nie. Die rede was dat daar 'n ooreenkoms met die polisie bestaan het dat die RSA en Swaziland die polisie se verantwoordelikheid sou wees en om daardie rede was ek nie bereid om betrokke te raak by 'n potensiële dispuut tussen die weermag en die polisie nie." -- Dit is korrek, ja, in die konteks wat dit hier geskryf is, is nadat generaal Webb BSB aan my aangebied het as 'n weermagorganisasie en my verwys het na die weermag vir enige verdere onderhandeling en ek aanvaar het BSB op daardie stadium dan as sulks hier sal moet aangespreek word as die weermag. (10)

Mnr. Botes, baie vindingryk, maar hierdie is gedoen voor die gesprek met generaal Webb. -- Hierdie is nie gedoen voor die gesprek met generaal Webb nie.

Wil u vir my sê ... (tussenbei) -- Hierdie verklaring is gedoen na die gesprek met generaal Webb.

Hoe kan die gesprek ... (tussenbei)

VOORSITTER: Wag net so 'n bietjie. Kyk net na die paragraaf.

Lees net die hele paragraaf deur en wat daar staan, soos wat dit vir my lyk, is wat u sê is dat u het geweier om voort te gaan met Mhlaba se eliminering omdat u nie van Streek 6 se bestaan gehou het nie, omdat daar 'n ooreenkoms was met die polisie en u daarom nie betrokke - om daardie rede was ek nie bereid om betrokke te raak by 'n potensiële dispuut tussen die weermag en die polisie nie. Dit was op 4 Maart 1989. -- Dit is korrek. (20)

So, u antwoord was netnou verkeerd gewees? -- Die verklaring was gemaak na die gesprek met generaal Webb aan die einde van die dag wat ek nou aanvaar BSB is dan nou weermag as sulks. Op hierdie stadium was daar 'n ooreenkoms dat die (30)

veiligheidspolisie/..

veiligheidspolisie was verantwoordelik en dit was aan my so gestel deur mnr. Joe Verster formeel dat Swaziland en die Republiek van Suid-Afrika, rakende Streek 2, was die verantwoordelikheid van die polisie gewees.

Ja, maar u gaan verder. Lees net weer daardie laaste sin. U sê die rede was - nie die rede is nie - die rede was op 4 Maart verlede jaar dat daar 'n ooreenkoms met die polisie bestaan het dat die RSA en Swaziland die polisie se verantwoordelikheid sou wees en om daardie rede was ek nie bereid om betrokke te raak by 'n potensiële dispuut tussen die weermag en die polisie nie. Nou wil die advokaat weet as BSB geen verband met die weermag gehad het nie hoe kon u in 'n potensiële dispuut tussen die weermag en die polisie betrokke geraak het? -- Soos ek vir u sê aan die einde van die dag het generaal Webb die BSB aan my aangebied as weermag en na dit het ... (tussenbei) (10)

Maar as dit die antwoord is, dan was u rede nie verlede jaar wat u hier voorgegee het nie, is dit reg? -- Die rede verlede jaar wat ek hier aangegee het, was dat ek nie bereid was om binnelands op te tree nie omdat daar 'n ooreenkoms met die polisie was op daardie stadium wat my betref, 'n formele ooreenkoms. (20)

'n Ooreenkoms tussen wie en wie? -- Tussen BSB en die polisie.

O, tussen BSB, ek sien.

MNR. BURGER: So, die polisie was bewus van die bestaan van BSB, is dit wat u sê? -- Ek glo ... (tussenbei).

Is dit hoekom hulle hul opgesluit het ook? -- Ek weet nie of die polisie bewus was van die bestaan van BSB nie. Dit was wel deur mnr. Verster aan my formeel aangebied dat daar 'n (30)

ooreenkoms/..

ooreenkoms is binnelands en Swaziland is toegeken aan die polisie vir die veiligheidsituasie en dit nie ons verantwoordelike gebied was vir optrede nie.

Mnr. Botes, 'n mens sluit nie kontrakte met spoke nie. Die polisie moes bewus gewees het van BSB om met hulle 'n kontrak te sluit. -- Ek glo die polisie was bewus van BSB daarom was ons op 'n latere stadium, myself en nog 'n lid met die naam van Kevin Ross, deur die polisie vrygelaat by 'n voorval waarin ons betrokke was en dit geblyk het dat ons BSB-
(10)
lede te wees en mnr. Ross bekend was aan die polisiebevelvoerder en ons op daardie basis vrygelaat is.

Het julle gesê julle is van BSB? -- Dit is korrek, ja.

Was hulle ook oortuig julle was van BSB? -- Die man het ons woord aanvaar. Hy het ons binne sowat 'n halfuur nadat ons in sy kantoor aangekom het laat gaan as lede van BSB.

Mnr. Botes, het jy gesê jy is 'n lid van BSB? -- As 'n lid van BSB, ja. Ek het vir hom gesê ... (tussenbei).

Het jy vir die polisie gesê jy is 'n lid van BSB? -- Ek het so gesê en ek het gesê dat ek vir Joe Verster werk.
(20)
O, hy het jou seker gelos omdat jy vir Joe Verster werk, is dit nie? -- Ek glo so.

U weet, dit is werklik lagwekkend. -- Ek weet nie wat hy gedink het nie. Die feit was ek het vir hom gesê dat ek vir BSB en vir Joe Verster werk en op daardie basis was ons losgelaat.

Maar u weet, mnr. Botes, hierdie sinnetjie, hierdie paar sinnetjies gaan verder. U sê ook hier dat BSB mag nie binnelands opgetree het nie, want dit was die polisie se funksie. -- Dit is korrek, ja.

Nou, waar kom die ander storie vandaan? -- Watter storie?
(30)

Dat dit/..

Dat dit 'n doelstelling van Streek 6 was om mense binnelands te elimineer? -- Op hierdie stadium van die wedstryd wat ons hier gepraat het, was, soos ek dit aangebied het op daardie stadium, was dit daar was 'n formele ooreenkoms tussen my as 'n Streek 2 BSB-lid volgens mnr. Verster in opdrag. Hy het vir my gesê daar bestaan 'n formele ooreenkoms dat ons nie in die binneland sal optree nie en daarvolgens het ons dan ook vir Streek 2 gestruktureer om nie binnelands op te tree nie.

Maar Streek 6 tree nou nie binnelands op nie, is dit nou (10)
soos ek u moet verstaan? -- Ek weet nie wat Streek 6 doen nie. Streek 6 is bekend as die binnelandse Streek. Ek weet nie wat Streek 6 doen nie.

O, u weet nie. -- Ek weet nie.

Dit is beter as wat u netnou gesê het toe u die doelstellings so goed geken het. -- Ek het vir u netnou gesê wat BSB se doelstelling is.

Nee, nee, ek is tevrede, mnr. Botes, ons het agtergekom dat u nie weet nie. Ons weet u gee baie dinge voor wat u weet, maar dit is so moeilik om vas te stel wat u nie weet (20)
nie, maar baie dankie daarvoor.

Nou, u het netnou die R10 miljoen ontken, maar in paragraaf 38, bladsy 10 van u verklaring sê u "Die buitelandse fondse staan onder andere onder die beheer van Joe Verster en beloop etlike miljoen dollar". -- Ek het van etlike miljoen gepraat, ja. Ek het nie 'n spesifieke bedrag gegee nie, want ek weet nie wat die spesifieke bedrag is nie.

Hoeveel miljoen dollar is dit, mnr. Botes? -- Soos wat ek dit hier genoem het etlike, ek weet nie die presiese bedrag nie.

Is dit een of tien of twintig? -- Ek aanvaar in terme van (30)

dollar/..

dollar is dit meer as vier miljoen dollar.

VOORSITTER: Maar dan is dit mos meer as tien miljoen - dan is dit mos R10 miljoen.

MNR. BURGER: Dit is nou net waar die Vrye Weekblad sy bedrag gekry het. -- Ek het nie 'n bedrag genoem nie. Ek het die bedrag soos hier genoem - ek het gesê dit beloop etlike miljoen dollar.

Het u al die balansstate of die bankstate iewers gesien?
-- Nee, ek het nie.

Waar kry u die syfer van vier miljoen dollar? -- Ek kry die syfer uit die begrotings wat saamgestel was op 'n jaarlikse basis rofweg, van wat oor gesels was. (10)

Mnr. Botes, u weet mos dat die totale begroting van BSB word nie oorgeplaas in finansiële dollar nie. -- Dit is korrek, ja.

En dit word ook nie oorgeplaas in Switserse bankrekenings nie. -- Ek weet nie in wat se bankrekenings dit oorgeplaas is nie.

Daar word net fondse uitgeplaas soos wat dit nodig is, is dit reg? -- Ek weet nie. (20)

U weet nie. Hierdie is 'n klomp nonsens, onsin wat u verkoop het wat u weer geen kennis van dra nie, is dit reg? U raai. -- Ek raai, ja.

Onder eed. Is dit reg? -- Dit is reg, ja.

VOORSITTER: Nou, wat wil u daardeur bereik, mnr. Botes? Wat wou u daarmee bereik? -- Mnr. die Voorsitter, wat dit hier oor gegaan het, wat ek probeer sê het, is dit is moontlik om met hierdie fondse enigiets binnelands ... (tussenbei).

Ja, maar dit het voorveronderstel dat daar fondse is. Wat wou u daarmee bereik om te sit en in 'n beëdigde (30)

verklaring/..

verklaring vir hierdie kommissie 'n klomp goed te raai? As ek nou raai daar is twintig miljoen dollar oorsee, is my raai-skoot net so goed soos u s'n. Reg? -- Nee, ek dink nie dit is heeltemal op dieselfde basis nie.

Maar u het geraai. -- Ek het geraai.

En ek het geraai. Nou, waarvoor kry ek die raaiwerk? -- My syfers het ek afgelei uit gesprekke wat ek gevoer het met 'n Streek 5-lid.

MNR. BURGER: Net soos u geraai het u het 'n uiters geheime klaring, is dit reg? -- Ek het nie geraai dat ek 'n uiters geheime klaring het nie. (10)

Waar het u gehoor dat u dit het? -- Dit was goedgekeur, na my wete, voordat ek gaan werk het in Blennie op teikenstudies vir 44 valkskermbrigade.

Wie het vir u so gesê? -- Op daardie stadium kon ek nie daar gaan werk na my wete. Kolonel Jan Breytenbach het vir my gesê dit is goedgekeur, ek gaan daar werk op teikenstudies.

Hy het vir u 'n leuen vertel. As u hom weer sien sê vir hom so, hoor? -- Ek weet nie of dit 'n leuen was nie. (20)

U het 'n vertroulike klaring gekry op 18 September 1978 en dit is so ver as wat u gevorder het. -- Dit is baie interessant dat ek dan al die jare uiters geheime projekte kon gedoen het as ek nooit daardie klaring gehad het nie.

Dit is weer 'n afleiding wat u gemaak het, mnr. Botes, sonder dat u die feite gehad het, maar u sal nie weet of u 'n uiters geheime klaring het nie, is dit reg? -- Ek weet nie of ek een het nie. Ek het hom nie gesien nie. Ek behoort ten minste een te hê.

U sê dit onder eed.

VOORSITTER: Niemand het vir u gesê u het een nie. -- Dit is (30)

korrek/..

korrek.

So, u het weer geraai? -- Nee, daar is vir my gesê op daardie stadium deur kolonel Breytenbach voordat ek gestuur was na Blennie om teikenstudies te doen vir 44 brigade.

Wat het hy vir u gesê? -- Dit het gegaan oor 'n klaring ... (tussenbei)

Nee, al wat ek vir u vra is wat het hy vir u gesê. Het hy vir u gesê u kan maar die werk gaan doen? -- Ek kan die werk gaan doen. Dit beteken ek het uiters geheime klaring.

(10)

Het hy gesê u het uiters geheime klaring? -- Dit is korrek. Hulle het ... (tussenbei)

Het hy dit in daardie terme vir u gesê? -- Hy het dit vir my in daardie terme gegee, want hy het aansoek gedoen vir die klaring en dit het teruggekome dat dit goedgekeur was, want ek moes verwysings gee van persone wat op daardie stadium genader was vir daardie klaring.

MNR. BURGER: U weet, mnr. Botes, ek het nou hier gesit en luister hier eenkant, met eerbied u het nou net vir die agbare voorsitter gesê dat hy het vir u gesê u kan die werk gaan doen. Die implikasie was gewees dat u het dit daarvan afgelei. Toe vra die agbare voorsitter weer, en toe stel ek dit aan u, besluit u om 'n verdere leuen te vertel en gesê hy het gesê in soveel woorde u het dit. -- Meneer, ek het aansoek gedoen vir die uiters geheime klaring. Ek moes verwysings indien. 'n Persoon wat, onder andere, 'n verwysing was na my wete vandag is 'n kolonel in die polisie, hy was een van die verwysings en daarna het hulle teruggekome en daarna het ek die werk gaan doen.

(20)

U moet een van die min mense wees in die Suid-Afrikaanse Weermag wat self aansoek doen vir uiters geheime klaring. --

(30)

Ek moes/..

Ek moes verwysings gegee het vir die uiters geheime klaring.

Het u aansoek gedoen? Het hulle 'n voorgeskrewe aansoek-vorm? -- Ek weet nie hoe die vorm gelyk het nie. Daar was gesê ek moet verwysings gee vir 'n klaring.

Het u aansoek gedoen op 'n vorm of in 'n brief en met wat se briefhoof? Hoe het u aansoek gedoen? -- Ek het nie met 'n vorm aansoek gedoen nie. Daar was vir my gevra vir verwysings.

Maar u het nooit aansoek gedoen nie, mnr. Botes. -- Ek (10)
het nie 'n vorm ingevul om aansoek te doen nie.

VOORSITTER: Nee, die vraag is het u aansoek gedoen? Vergeet of daar 'n vorm was. -- Ek het nie aansoek gedoen nie.

MNR. BURGER: Nou hoekom sê u u het? -- Omdat daar verwysings gevra was, andersins sou ek nie verwysings gegee het nie.

Paragraaf 43 ... (tussenbei).

VOORSITTER: Ekskuus tog, kan ek net terugkom na hierdie ooreenkoms met die veiligheidspolisie. Ek sien in die Vrye Weekblad staan daar "Hoewel Swaziland onder sy groep geval het, het hy nooit in die land opgetree nie omdat hy (dit is nou u) (20)
'n ooreenkoms met die veiligheidspolisie gehad het. Swaziland was hulle weiveld, sê Botes." -- Ek het nie 'n ooreenkoms gehad nie. BSB na my wete ... (tussenbei).

Maar ek sien u het dit ook nie gemerk as iets wat vals is in die berig nie. -- Dan was dit 'n fout.

MNR. BURGER: In paragraaf 43 sê u: "As gevolg van bedrywighede in my Streek het ek met sekere persone kontakte opgehou wat onder andere inligting verskaf en take namens my verrig het." Dit is indirekte lede, nê? -- Korrek, ja.

Is dit korrek? -- Dit is reg, ja.

"Hierdie persone moes van tyd tot tyd met fondse betaal (30)

word wat/..

word wat deur die BSB as deel van my projekte verskaf is." --
Dit is korrek, ja.

Nou, het u hulle betaal? -- Ek het hulle betaal. Ek het van die lede die laaste maand, Augustus 1989, nie betaal nie omdat die fondse nie beskikbaar gemaak is nie.

Maar u sien in paragraaf 52 kom u en u gaan verder, met daardie indirekte lede handel u nou, en u sê "Die weermag het egter geweier om hierdie voorstel te aanvaar. Gevolglik moet my agente afbetaal word". -- Dit is korrek, ja. Dit is waar (10)
die rekening aan generaal Joubert vandaan kom.

Maar hoe betaal 'n mens 'n indirekte agent af? -- Jy betaal hom af deur te kompenseer vir dit wat hy uit die transaksie sou gekry het op daardie stadium.

O, soos wat u die vyf jaar geëis het, nè? -- Dit is korrek, ja. Ek het gevra neem hierdie mense oor, hulle werk vir die organisasie. Hulle was nie oorgeneem nie.

Maar indirekte lede word mos net betaal vir take wat hulle verrig. -- Dit is korrek, ja. Die aard van die werk wat hierdie mense gedoen het, het ek as van hoë waarde vir Streek (20)
2, BSB, beskou.

Maar dit het niks met die saak te doen nie. Dit het niks met die finansies te doen nie. Dit het niks met verpligtinge te doen nie, stem u saam? -- Ek dink as ons teruggaan en ons kyk in die rekening sal u sien daar staan dienste gelewer en was gevra neem die mense oor en as gevolg van die transaksies wat met hulle gesluit was, dink ek dit hou verband met finansies, ja.

Nou sê vir my hoeveel advokate het u gesien? U sê daar in paragraaf 53 "het deurentyd die advies van my prokureur en ad- (30)
vokate ingewin". Ons het nou al van twee senior advokate

gehoor. Hoeveel het u gesien? -- Ek het 'n prokureur gesien by die naam van Hennie van Zyl. Daarna het ek 'n advokaat gesien by die naam van Patrick Ellis. Ek het gepraat met 'n advokaat met die naam van Anton le Roux, 'n advokaat met die naam van Brian Southwood, 'n advokaat met die naam van, as ek reg onthou Willem Pienaar, was saam met my by generaal Webb en namens Patrick Ellis, op die oomblik hanteer die advokaat wat tans hier sit my saak.

VOORSITTER: Ek dink nie Patrick Ellis sal van daardie stelling (10)
hou nie, maar toemaar. -- Meneer, die voorsitter, ek wil net graag daarop ... (tussenbei).

MNR. LUITINGH: Mnr. die Voorsitter, as ek dit net kan uitklaar, dit is nie so nie. Ek het opdrag om te verskyn. -- Ek wil dit net graag aan u stel dat daar 'n probleem ontstaan het as gevolg van die afwesigheid van mnr. Ellis. Ek probeer nie ... (tussenbei).

VOORSITTER: Nee, nee, nee, ek verstaan. -- ... om die advokaat hier in enige swak lig te stel nie.

MNR. BURGER: Sê vir my hoekom het u nie vir advokaat Le Roux (20)
in diens geneem nie? U weet, ek het 'n besondere verering vir die man. -- Omdat dit spesifiek gegaan het oor die aanspreek van BSB oor die rekening gelewer aan generaal Joubert en ... (tussenbei).

Nee, sê maar net vir my hoekom het u hom nie in diens geneem nie? -- Omdat hy die houding gehad het van hy stel nie belang in my saak nie.

Ek het net so 'n verering vir die ander senior advokaat, advokaat Southwood, ook een van my geëerde kollegas. Hoekom het u hom nie in diens geneem nie? -- Omdat advokaat Southwood (30)
'n ander benadering gehad het as, wat nie was wat ek in

gedagte/..

gedagte gehad het nie.

Hy het ook nie belang ... (tussenbei) -- Ek het op daardie stadium 'n werksmening gaan raadpleeg. Ek het hom gaan raad vra. Ek was nie van plan om hom onmiddellik aan te stel nie.

Ek het gaan raad vra op daardie stadium by beide van hulle.

VOORSITTER: Ja, goed. Ek dink, mnr. Burger, u moet ophou met hierdie lyn.

MNR. BURGER: Net voor ek met die ander lysie begin, terwyl ek by betalings is, mnr. Cloete was ook een van u prokureurs, is dit reg? -- Dit is korrek, ja. (10)

En u het hom gestuur na die staatsprokureur toe waar hy onderhandel het met mnr. Minnaar, is dit reg? -- Ek het hom nie soontoe gestuur nie. Hy het uit eie uit daar gaan onderhandel na hy met my die saak bespreek het en gesê hy wil dit graag met hulle bespreek.

Ja, ja, nee, dit is goed, en ek gaan ook nou nie die inhoud van die onderhandelings openbaar nie, al wat ek wil sê is dat op daardie stadium het u 'n eis gehad van R1,8 miljoen, is dit reg? -- Dit is reg, ja. (20)

En dan ook 'n R40 000 eis vir skade aan u kantoor. -- Nee, dit is nie waar nie.

Wel, dit is die eis wat gestel is en dit stem per toeval ooreen met die bedrag wat u gister genoem het, tussen veertig en R50 000. -- Ek sal graag die eis wil sien as dit geskrewe was, as daar so 'n eis gemaak is.

Nee, nee, dit was mondelings gewees. -- Ek het nie so 'n eis gemaak nie. Ek het amptelik my prokureur aangestel as mnr Van Zyl en op 7 Desember het ons 'n skriftelike eis ingedien wat voorgelê was aan generaal Joubert as bemiddelaar met generaal Webb. (30)

Hoeveel was die skade aan u kantoor? -- Ons het gister

die saak/..

die saak bespreek. Die skade kon beloop het tussen veertig en 50 000, dit is 'n rowwe syfer wat genoem was gister. Ek het vanoggend die bestuurderes van die kantoor opdrag gegee, ek kon haar nie gisteraand in die hande kry nie, om vir my die dokumentasie beskikbaar te stel om 'n presiese syfer vas te stel.

Ja, en dit sal nog steeds hier in die omgewing van R40 000 beloop? -- Ons het dit gister reeds so bespreek, ja.

Ontken u dat u aan enigiemand gesê het dat u gaan na die pers toe indien die eis nie betaal word nie? -- Ek ontken dit. (10)
Dit was 'n opsie. Ek het nie gesê ek gaan pers toe nie.

VOORSITTER: Het u gesê u behou u die opsie voor? -- Ek het na die opsies - ek het die opsies met my prokureur bespreek.

Nee, maar het die prokureur dit vir iemand anders dan gesê of het u dit vir iemand anders gesê dit is een opsie wat u het? -- Ek weet nie of die prokureur dit aan iemand anders gesê het nie. Ek het met die prokureur die opsies wat ek gehad het bespreek en dit was een van die opsies, ja.

MNR. BURGER: Baie dankie daarvoor, meneer. En het u regsadvies ingewin voordat u met die Vrye Weekblad gaan gesels het? -- Nee, ek het nie. (20)

Is u baie seker daarvan? -- Ja, ek is baie seker daarvan.

Hoekom nie? Want u het tot u beskikking gehad 'n prokureur en advokaat, dit is nou een van u opsies om na die pers toe te gaan en u oefen nou daardie opsie uit. Hoekom bespreek u dit nie met u regsverteenvoerders nie? -- Omdat op daardie stadium ek dit nie nodig geag het om dit met my regsverteenvoerders meer te bespreek nie.

U het meer kennis daarvan as hulle uit die aard van die saak. Is dit reg? -- Nee, ek het nie so gesê nie. (30)

VOORSITTER/..

VOORSITTER: Kan u net vir my verduidelik hoekom was dit 'n opsie gewees? -- Mnr. die Voorsitter, daar was 'n paar opsies.

Wat was die opsies? -- Opsie een was om op wetvlak, soos wat ek opgetree het, deur middel van die prokureur hulle aan te spreek wat ek probeer doen het wat nie gewerk het nie, en dit was reg op dag een. Die alternatief was om vir die pers 'n groot storie te gaan vertel, dit was alternatief twee.

Nou, wat was die doel met alternatief twee? -- Die doel was doodeenvoudig aan die einde van die dag om die waarheid te probeer op die tafel kry wat myself betref. (10)

Nee, maar dit was nou 'n opsie om die geld te bekom. Nou vra ek vir u hoekom was dit 'n opsie gewees om die geld te bekom? -- Dit was nie 'n opsie soseer om die geld te bekom nie, hoegenaamd nie, op geen stadium nie. Dit was wel 'n opsie ... (tussenbei).

Maar u het dan gesê u het met die prokureur die opsies bespreek en dit was 'n opsie gewees. -- Dit is korrek, wat my optrede van dag een af moes wees, dit is waaroor die opsies gegaan het. (20)

MNR. BURGER: Het u aan mnr. Pauw van die Vrye Weekblad toe 'n dokument oorhandig met voorskrifte, soos wat dit beskryf word hier in enige metode toelaatbaar in die uitgawe van 11 Mei 1980? -- Ek het aan hom so 'n dokument gewys, ja.

U het seker ook besef dat daardie dokument geheim is? -- Daardie dokument ... (tussenbei).

MNR. FERREIRA: Mnr. die Voorsitter, hierdie vraag gaan eweneens die getuie impliseer of inkrimineer in terme van die Wet op Beveiliging.

VOORSITTER: Met ander woorde is dit - ja, goed.

MNR. BURGER: Stem u saam dat dit u gaan inkrimineer? -- Ja. (30)

En die/..

En die "shopping list" van die vuurwapens wat u moes aankoop, was dit ook 'n geheime dokument gewees, mnr. Botes? -- Nee, dit is 'n BSB-dokument wat aan my per hand gegee was persoonlik. Dit was nie 'n snaakse dokument gewees nie.

MNR. FERREIRA: Ag, mnr. die Voorsitter, ons het 'n versoek hierso. Die getuie het begin, miskien onbewustelik ...

VOORSITTER: Ja, mnr. Burger het harder begin praat en toe begin die getuie sagter praat.

MNR. VISSER: Ja, ek wil nou net sê hoe harder mnr. Burger praat hoe sagter praat die getuie. Ons hoor nou net vir mnr. Burger praat. (10)

MNR. BURGER: My verskoning, mnr. die Voorsitter, ek is bang my mikrofoon werk nie.

In die dagvaarding wat u in die vooruitsig stel, mnr. Botes, het u gister getuig dat u uself nie aan u agente openbaar het nie en dat u hulle ook nie betrek het by u eise teen die Suid-Afrikaanse Weermag nie, want, het u gesê hulle het geen weermagbetrokkenheid nie, is dit reg? -- Dit is korrek, ja. (20)

Dit het u gesê. -- Ja.

Is dit ook in feite reg? -- Na my wete, ja.

Nou, wat se weermagbetrokkenheid het u gehad? -- Ek het BSB-betrokkenheid gehad ... (tussenbei).

Nee, nee, dit was nie die vraag nie. -- Die eerste spraak van weermagbetrokkenheid het gekom by, soos wat generaal Webb dit aan my gebied het, dat ek indien ek 'n eis het ek dit aan die weermag moet aanbied. Dit is waarom die betrokkenheid gaan.

Maar u weet dan kan ek nie verstaan dat julle wil voortgaan met hierdie dagvaarding nie, want generaal Webb is nou (30)

jou noodsaaklikste/..

jou noodsaaklikste getuie.

VOORSITTER: Mnr. Burger, ek dink kom na 'n ander onderwerp, asseblief.

MNR. BURGER: Sê vir my, mnr. Botes, laat ek net reg verstaan verwyd u die BSB dat hulle bedrywighede moord, sabotasie en bomontploffings, ontwrigting, destabilisasie, omkopering ingesluit het sover dit die buiteland aangaan? -- Ek verwyd hulle nie.

In die uitgawe van die Vrye Weekblad van 18 Mei sê u dat die BSB hulle bevind in die Pretoriase Stadsraad, Departement van Buitelandse Sake en selfs nasionale intelligensie diens. Dit is nou nie onderstreep nie. Is dit waar? -- Dit is waar. (10)

Ek stel dit aan u dit is onwaar. -- Ek dink daar is dokumentasie gelewer aan die kommissie wat kom vanaf daardie departemente wat daardie stelling dan wel sal kan staaf.

Wanneer is hierdie mense aangestel? -- Ek weet nie wanneer hulle aangestel was nie. Ek was nie by met hulle aanstelling nie.

VOORSITTER: Weet u wie hulle is? (20)

MNR. BURGER: Ken u hulle? -- Ek weet wie twee van daardie persone is, ja.

VOORSITTER: Waar is hulle? -- Die een is by Nasionale Intelligensie en die ander een is na my wete by die munisipaliteit of die Stadsraad van Pretoria.

MNR. BURGER: Sal u asseblief hulle name aan die kommissie verskaf? -- Ek sal dit aan die kommissie verskaf.

VOORSITTER: Is dit bewustelike lede? -- Na my wete, ja.

MNR. BURGER: Hulle kry salaris aan die einde van die maand?

-- Ek weet nie of hulle salarisse kry aan die einde van die maand nie. (30)

Hulle het/..

Hulle het kontrak? -- Hulle verskaf wel die inligting aan BSB op 'n basis as lede.

Mnr. Botes, 'n bewuste lid het 'n kontrak met BSB en hulle kry 'n salaris, u is daarvan bewus? -- Ek weet nie of hy 'n kontrak het nie. Ek is bewus daarvan, ja. Ek weet nie of daardie mense kontrakte het nie.

Maar dan is dit moontlik dat hulle indirekte lede is. -- Na my wete is hulle direkte lede. Dit is moontlik dat hulle indirekte lede is, ja.

(10)

So, die sekerheid vervaag al weer. Ek het nie verdere vrae nie, dankie, mnr. die Voorsitter.

VOORSITTER: Mnr. Visser, het u enige vrae?

MNR. VISSER: Mag dit u behaag, mnr. die Voorsitter. Laat my toe net om by die aanvang aan te kondig dat ons opdrag tans uitgebrei is om ook op te tree vir die Minister van Wet en Orde in die verrigtinge hier voor u. Ons het voorheen net verskyn vir die polisie. Die span bly dieselfde.

VOORSITTER: Nee, nou verstaan ek glad nie. Ek het altyd gedog julle is vir die Minister van Wet en Orde.

(20)

MNR. VISSER: Ons het van die begin af vir die Suid-Afrikaanse Polisie verskyn.

VOORSITTER: O, het u net vir die Suid-Afrikaanse Polisie verskyn? Ek sien.

KRUISONDERVRAGING DEUR MNR. VISSER: Mnr. Botes, ek gaan met u net gesels oor die kwessie van u afspraak met mnr. Vlok en die ontploffing in die Butano-gebou. Is dit korrek dat nadat daar nou die ontploffing plaasgevind het wat u na verwys as 'n bom-ontploffing, was u toe honderd persent seker, soos u dit gestel het, dat mnr. Verster nou eintlik die persoon is wat daarvoor verantwoordelik was? -- Ek was oortuig dit was

(30)

mnr. Verster/..

mnr. Verster na die doodsdreigement, ja.

En het u toe besluit om werk daarvan te maak? -- Dit is korrek, ja.

En u het 'n prokureur gaan sien. -- Dit is korrek.

Mnr. Van Zyl? -- Dit is korrek, ja.

En u en u prokureur, het u toe op 29 Augustus ook 'n advokaat gaan sien? -- Nee, voordat ons die advokaat gaan sien het na my wete het die prokureur direk met die minister se kantoor geskakel.

(10)

Die vraag is het u 'n advokaat gaan spreek op 29 Augustus, mnr. Botes? -- Ek is nie seker van die datum nie. Ja, ek het 'n advokaat gaan spreek.

Wat was die doel van daardie afspraak? -- Die doel van daardie afspraak was om op daardie stadium 'n regsmeening in te win oor my situasie ten opsigte van BSB.

Wie was die advokaat gewees? -- Die advokaat was Patrick Ellis.

Is dit verkeerd om te sê dat u op daardie dag 'n beëdigde verklaring opgestel het of sou dit korrek wees? -- Ek kan nie onthou of ek op daardie dag 'n beëdigde verklaring opgestel het nie.

(20)

Het u 'n beëdigde verklaring opgestel na aanleiding van die ontploffing by die Butano-gebou in Verwoerdburgstad waar u met u prokureur en advokaat bymekaar was? -- Nie wat ek kan onthou nie, nee.

U kan nie een onthou nie. Die ontsteltenis by u oor hierdie ontploffing, kan u net vir die kommissie sê wat die rede daarvoor was? Het u gedink dit is 'n aanslag op u lewe? -- Ek het dit gesien as 'n dreigement, 'n waarskuwing.

(30)

'n Waarskuwing? -- Dit is korrek, ja.

Komende van/..

Komende van mnr. Verster? -- Dit is korrek, aangesien hy my die vorige week gedreig het om my te laat doodmaak.

Nou, as mnr. Verster u op hierdie wyse wou waarsku sou 'n mens aanvaar, sou 'n mens nie, dat hy sou weet waar hierdie besigheid was wat u 'n belang in gehad het? -- Ek glo so, ja.

Terloops dit is winkel nr. 7 of kantoor nr. 7 in die gebou, nie waar nie? -- Dit is korrek, ja.

En sou u gedink het dat hy sou geweet het wanneer u daar teenwoordig sou wees by die winkel om hierdie waarskuwing aan u te rig? -- Nee, nie noodwendig nie. Ek het op daardie stadium nie fisies by die winkel gewerk nie. (10)

Ek kan nie hoor nie. -- Ek het op daardie stadium nie fisies by die winkel gewerk nie. Dit sou nie noodwendig so gewees het nie.

Ja, ek wou u nog daarna ook vra. Is dit korrek dat u baie onreëlmatig by hierdie perseel aangedoen het? -- Dit is korrek, ja.

Wie se besigheid was dit nou eintlik? -- Dit is my besigheid. (20)

En het u vrou opgetree as die bestuurderes? -- Dit is korrek.

En 'n mens sou dink dat as mnr. Verster aan u 'n waarskuwing wou rig dat hy dan seker dit met die maksimum effek sou wou doen, nie waar nie? -- Dit is oop vir bespreking, ek weet nie.

En 'n mens sou ook dan veronderstel dat mnr. Verster toegang tot plofstowwe sou gehad het om dit mee te kon uitvoer. -- Dit is so, ja.

Het hy so 'n toegang gehad? -- Ja, hy het so 'n toegang gehad na my wete. (30)

Nou, u het/..

Nou, u het verwys na 'n afspraak wat deur mnr. Van Zyl met minister Vlok gemaak is. -- Dit is korrek.

Was dit op u aandrang of was dit sy voorstel? -- Dit was mnr. Van Zyl se voorstel.

Wat was die hele doel gewees om minister Vlok te gaan sien? -- Die doel om minister Vlok te gaan sien was om aanvanklik my betrokkenheid by BSB uit die pers uit te hou en ek geen verklaring op lae vlak teenoor die polisie wou maak nie. Dit is hoekom ek met minister Vlok gaan praat het.

U wou u betrokkenheid by BSB uit die pers uithou? -- Dit is korrek, ja. (10)

En hoe sou u dit doen deur minister Vlok te gaan sien? -- Ek sou dit doen deur minister Vlok te gaan sien om te probeer om die situasie wat op daardie stadium ontstaan het, soos wat dit toe was, 'n bomontploffing soos wat ek gesien het 'n saak vir die polisie was, deur minister Vlok te gaan sien deur dit op generale staf-vlak dan te probeer oplos of op 'n baie hoë vlak te probeer oplos en ek as persoon het self nie daardie toegang gehad nie, dit is hoekom ek 'n prokureur gevat het en minister Vlok gesien het om dit op daardie vlak te probeer oplos. (20)

Ek verstaan nie mooi nie. Die doel is om die hele kwessie van BSB uit die pers uit te hou? -- Dit is korrek, ja.

En u wou om dié rede minister Vlok gaan spreek? -- Dit is korrek, ja.

Hoe sou die afspraak met minister Vlok daardie doel bereik? Kan u net vir ons verduidelik.

VOORSITTER: Ek dink wat die getuie probeer sê is dat die ondersoek na die misdaad sou dan op generale staf-vlak plaasgevind het en dan het hy nou nie 'n verklaring aan 'n (30)

konstabel gemaak wat miskien met die pers sou gepraat het nie, is dit reg? -- Dit is korrek.

MNR. VISSER: Is die gedagte dat die konstabel op laer vlak sou geneig wees om dit vir die pers oor te dra, maar 'n generaal sou dit nie doen nie, is dit wat u sê? -- Die probleem wat ek gehad het, was om my BSB-betrokkenheid op lae vlak te openbaar en ek wou dit op daardie stadium nie doen nie. Dit is my mening, ja.

Mnr. Botes, is u bewus daarvan dat die afspraak by minister Vlok namens u gemaak is as 'n kieser in minister Vlok se kiesafdeling? -- Nee, ek is nie bewus daarvan nie. (10)

Sou u in geding tree daarmee as ek dit aan u stel, dat dit die basis is waarop u afspraak gemaak is by minister Vlok? -- Nee, ek kan dit nie sien nie aangesien ek nie 'n kieser is in minister Vlok se afdeling nie.

Wel, het u nie gewoon in sy kiesafdeling nie? -- Nee, ek het nie.

Is u besigheid nie in u kiesafdeling nie? -- Dit is korrek, die besigheid is in sy kiesafdeling, ja.

Goed, is u bewus daarvan dat daar 'n volksraadverkiesing was op 6 September 1989? -- Ja, ek is bewus daarvan. (20)

'n Week na hierdie voorval of binne 'n week na hierdie voorval. -- Ek is bewus daarvan, ja.

En u gaan nou vir minister Vlok sien en nou wil ek vir u net dit vra, u het wel gesê die ontploffing was 'n polisie-aangeleentheid, maar u het ook vir hierdie kommissie gesê wie u dink daarvoor verantwoordelik was en waar die ding, sy aanloop begin het, by die BSB, nie waar nie? -- Dit is korrek, ja.

Wat gaan soek u by minister Vlok as u na minister Malan (30)

toe kan/..

toe kan gaan? Is hy nie die regte minister om aan te gaan spreek nie? -- Ek het, omdat dit 'n bomvoorval was, na die polisie toe gegaan en spesifiek op aanbeveling van my prokureur, met minister Vlok gaan praat op daardie stadium.

Maar, mnr. Botes, ons weet daar is 'n ontploffing, maar u was die een persoon wat honderd persent seker was waar daardie ontploffing sy oorsprong vandaan gekry het, uit aangeleenthede betrokke by die BSB. -- Dit is reg, ja.

Waarom gaan sien u nie minister Malan nie? -- Omdat dit 'n bom was en omdat ek en Verster op daardie stadium 'n dispuut gehad het en my prokureur aanbeveel het, aangesien dit 'n bomvoorval was en dit 'n polisie-aangeleentheid was, ons die polisie moet sien in die aangeleentheid. (10)

Maar het u nie vir u prokureur gesê maar dit is 'n weermagaangeleentheid hierdie nie? -- Die bom was nie 'n weermagaangeleentheid nie.

Maar die persoon wat verantwoordelik was daarvoor is een van die hoë offisiere in die weermag, een van die offisier met die meeste mag in die weermag. -- Die aanbeveling van my prokureur was, aangesien dit 'n bomvoorval was ons die polisie in die aangeleentheid moet nader. (20)

VOORSITTER: U sien al wat hy vir u sê is dat, toevallig sê die Vrye Weekblad dat u het u prokureur gevra om vir u 'n afspraak met minister Vlok te reël omdat die bom in die minister se kiesafdeling ontplof het. Nou, dit is naastenby wat die advokaat vir u sê die gebeure is soos wat dit van sy kant af is. Is dit nou blote toeval dat die Vrye Weekblad en die minister vir 'n verandering moes ooreenstem?

MNR. VISSER: Dit is 'n partydige verslaggewing. -- Die feit aan die einde van die dag was, ek het op aanbeveling van (30)

my prokureur/..

my prokureur, aangesien dit 'n bomvoorval was, gegaan.

Wel, ek wou dit aan u gestel het, u sien, mnr. Botes, want dit lyk asof u verkeerd is in hierdie geval. Dit lyk asof dit tog waar is dat u afspraak met die minister gemaak is as 'n kieser omdat hierdie voorval plaasgevind het in sy kieswyk en 6 September is daar 'n volksraadsverkiesing en dit is hoe u by die minister 'n afspraak gekry het. -- Dit is nie waar nie. Soos ek dit gestel het my prokureur, en ek sal dit waardeer as hy dan getuig oor die aangeleentheid, het die afspraak gemaak en hy het die afspraak in die konteks gemaak van dit was 'n bomvoorval en gevolglik 'n polisie-aangeleentheid. (10)

Mnr. Botes, sal u aanvaar dat dit nie maklik is om by 'n minister 'n afspraak te reël nie? -- Ek aanvaar dit.

En toe u die dag by minister Vlok se kantore aangekom het, sou dit korrek wees om te sê dat u daar was voor hy? Hy het na u daar aangekom. U moes vir hom wag. -- Ek het vir hom gewag, ja.

En toe u uiteindelik in sy kantoor toegelaat is, het u die indruk gekry dat hy rustig was, al die tyd in die wêreld gehad het of het u die indruk gekry dat hy maar redelik haastig was? -- Hy was besig, hy was haastig, ja. (20)

Is dit korrek dat u vir minister Vlok darem vir uself sou voorgestel het? -- Ek het, ja.

En is dit korrek dat u vir hom probeer herinner het aan 'n geleentheid waarop u hom vroeër ontmoet het? -- Nee, dit is nie waar nie. Ek het hom by geen vorige geleentheid ontmoet nie.

En hy toe vir u gevra het het u 'n probleem, kan ek vir u help met iets of woorde tot dié effek? -- Op daardie stadium het hy vir my gesê vertel vir my waarom dit gaan. Na my wete was hy reeds/.. (30)

was hy reeds deur die prokureur wat my vanaf sy kantoor geskakel het op 'n vroeëre stadium ingelig, hy of sy - wat noem 'n mens die man wat by die deur sit?

Sy sekretaris. -- Sy sekretaris, was hy reeds voorgelig waaroor die aangeleentheid gegaan het.

Ons gaan nou weer terugkom op wat die minister op voorgelig was, het u vir die minister toe gesê ek is hier oor 'n bomontploffing in die Butano-gebou in Verwoerdburgstad? -- Ja, ek het dit vir hom gesê.

Het u toe vir hom gesê dat u weet wie daarvoor verantwoordelik is? -- Ek het vir hom gesê wie ek glo daarvoor verantwoordelik is, ja.

(10)

Het u vir hom gesê u glo dit is u werkgewer wat daarvoor verantwoordelik is? -- Dit is korrek, ja.

Het die minister toe vir u gesê maar as dit so is, dan kan u van hulp wees vir die speurders wat die aangeleentheid ondersoek? -- Hy het so gesê, ja.

Het u die indruk gekry dat minister Vlok - u het eintlik klaar die antwoord gegee, maar ek gaan dit vir u nou in die behoorlike konteks vra, het u toe die indruk gekry dat minister Vlok het reeds geweet van hierdie ontploffing? -- Ek weet nie of hy reeds geweet het van die ontploffing nie.

(20)

Maar u het nou net gesê dat u dink u prokureur het ... (tussenbei) -- In terme daarvan, in terme van die afspraak het hy geweet, ja. Ek weet nie of hy andersins daarvan geweet het nie, maar hy was voorgelig na my wete.

Hy was bewus van die ontploffing? -- Ja.

En het die minister toe sy sekretaris toe gevra om generaal Conradie, die speurhoof, alternatiewelik generaal Joubert, die adjunk-speurhoof, te ontbied na sy kantoor toe?

(30)

-- Hy het/..

-- Hy het op daardie stadium na my wete sy sekretaris gevra om twee persone te ontbied, een by die naam van generaal Van der Merwe, ek het nie 'n voornaam nie, en die ander persoon was generaal Jaap Joubert.

Ja, terwyl ons by generaal Van der Merwe is, ek wil dit aan u stel generaal Van der Merwe was nooit in enige stadium teenwoordig tydens die gesprek tussen u en die minister nie.

-- Hy was wel teenwoordig by die gesprek.

Goed. Wel, ek stel dit net aan u dit is nie so nie, en generaal Joubert het toe daar opgedaag. -- Dit is korrek, ja. (10)

Baie kort daarna. -- Dit is korrek.

Binne 'n minuut om die waarheid te sê. -- Beide generaals het kort daarna opgedaag, ja.

En het die minister toe vir u gevra om vir generaal Joubert te sê wat u vir hom gesê het? -- Dit is korrek, ja.

En het u toe begin om vir generaal Joubert te vertel wat u vir die minister gesê het? -- Ek het dit kortliks vertel, ja.

Soos wat ons dit netnou net ... (tussenbei) -- Soos wat ons netnou ... (tussenbei) (20)

Hier bespreek het. -- Dit is korrek, ja.

En het generaal Joubert toe voorgestel dat u hom moet vergesel na sy kantoor toe en vir hom die hele storie rustig en kalm te kom vertel? -- Dit is korrek. Generaal Van der Merwe het op daardie stadium gevra, aangesien speurdienste besig is, of hy mag onttrek, waarop ek geen beswaar gehad het nie en ons wel na generaal Joubert se kantoor is, ja.

Sou dit korrek wees om te sê dat die tyd wat u by die minister deurgebring het, alleen sowel as saam met generaal Joubert en 'n ander generaal wat u van praat, in die omgewing van drie minute kon gewees het? -- Dit was, ek gaan raai, (30)

sowat tien/..

sowat tien tot twaalf minute min of meer.

Die minister se herinnering is dit kon nie meer as drie minute gewees het nie, sê maar vyf op die maksimum, maar ons gaan nou nie hare kloof oor 'n paar minute nie. Dit was kort gewees. -- Dit is korrek, ja.

Is dit die rede waarom u die regstelling gemaak het van wat berig is in die Vrye Weekblad, C37, waar daar gesê is dat u die - wel, ek gaan vir u die paragraaf net lees:

"Intussen blyk dit dat die Minister van Wet en Orde, (10)
Adriaan Vlok, reeds in Augustus verlede jaar in die
teenwoordigheid van twee van sy generaals volledig
deur Botes oor die aard en omvang van die BSB ingelig
is"

dat u daardie regstelling gemaak het hier voor die kommissie?

-- Ek het dit gister reeds gestel dat ek op geen stadium die minister volledig ingelig het nie. So, daardie regstelling was gister reeds gedoen, ja.

Maar kan ons net by hierdie paragraaf stilstaan, moet u nie nog 'n verdere regstelling hier maak nie, mnr. Botes, in (20)
billikheid, en dit is dat u het glad nie die minister oor die
aard en omvang van die BSB ingelig nie? U het wel met
generaal Van der Merwe daarna gaan praat - ekskuus tog,
Joubert gaan gesels en u het met hom 'n lang geselskap gevoer.
-- Ek het met generaal Joubert 'n lang geselskap gehad. Ek
het wel op daardie stadium wat ek by die minister was, toe ek
aanvanklik by hom gekom het en vir hom verduidelik het, hy het
gesê sit en verduidelik vir my, vir hom verduidelik waarom
dit gegaan het, BSB, my betrokkenheid voorafgaande die
voorval, waar ek vandaan gekom het, uit Suidwes, wat ek daar (30)
gedoen het, wat my betrokkenheid daar was, die bomvoorval na

die dreigement/..

die dreigement, dit het ek wel met hom in detail bespreek.

So, met ander woorde u het nie net vir die minister gesê wat ek netnou flussies aan u gestel het nie, u het ook meer dinge aan hom vertel. -- Ek het aan die minister vertel die voorafgaande week ... (tussenbei).

Nee, die vraag is net u het meer as dit aan hom gesê. -- Meer as wat?

As wat ons netnou, toe ek aan u gestel het oor wat gebeur het by die minister. -- Ja.

U het meer as wat ons toe oor gepraat het vir die minister gesê. -- Ek kan nie onthou ... (tussenbei).

(10)

Laat ek dit herhaal vir u, ek wil u nie verwar nie, mnr. Botes. Ek het aan u gestel dat u vir die minister gesê het ek is hier oor die bomontploffing in die Butano-gebou in Verwoerdburgstad, ek weet wie daarvoor verantwoordelik is, dit is my werkgewer. Het u meer as dit vir die minister die dag vertel? -- Ek het meer as dit vir die minister vertel, ja.

Dan sal ons nou maar in detail moet vra vir u wat presies u vir die minister vertel het. Het u vir die minister die naam BSB genoem? -- Ja, na my wete het ek, ja.

(20)

Na u wete? Is u seker daarvan? -- Ja.

Was die woord, die naam BSB op 29 Augustus 1989 iets wat algemeen, publiek bekend was? -- Nee.

U sien, die minister sê dat dit selfs moontlik is dat u gepraat het van BSB, maar as u dit sou gedoen het, sou dit vir hom betekenisloos gewees het. Sal u daarmee saamstem? -- Dit kan wees. Ek het ook vir hom verduidelik aan wat my rol was in die BSB die voorafgaande week die voorval, wat my betrokkenheid was by BSB in kort.

(30)

Het u vir die minister gesê soos u in paragraaf 9 van u

beëdigde verklaring/..

beëdigde verklaring gesê het voor hierdie kommissie, dat dit 'n militêre onderneming van hoogs geheime aard is? -- Nee, ek het BSB as BSB aan hom verduidelik.

VOORSITTER: Nee, maar hoekom sê u beëdigde verklaring dan anders?

MNR. VISSER: Kom ons lees paragraaf 9.

VOORSITTER: Nee, nee, dit is nie - ekskuus. U het gestel asof die getuie dit vir die minister gesê het, die verklaring sê hy het dit vir die minister gesê.

MNR. VISSER: Nee, nee, dit is getuienis - verskoning. Ja, ek (10)
vra om verskoning. Ek sê nie dat u in paragraaf 9 gesê het dit is goed wat u aan die minister gesê het nie. Ek vra u nou oor wat van die BSB u aan die minister oorgedra het. Ek vra om verskoning vir die verwarring. -- Op daardie stadium ...
(tussenbei)

En een van die dinge wat u vir die kommissie vertel het van die BSB is dat dit 'n militêre onderneming van 'n hoogs geheime aard was in wie se diens u was. Ek vra of u dit vir die minister gesê het. -- Nee, ek het nie.

Het u vir die minister vertel dat u aanvanklik die koördineerder van die BSB in Zimbabwe was? -- Nee, ek het nie. (20)

VOORSITTER: Wel, ek aanvaar u het vir hom gesê dit is 'n privaat organisasie. -- Ek het aan hom dit gestel dat ek 'n lid van BSB is en dat ek op daardie stadium vir Joe Verster werk en hoe die kanaal gewerk het na generaal Webb toe.

Was generaal Webb se naam ook genoem? -- Generaal Webb se naam was genoem, ja.

Maar dit is 'n privaat organisasie wat niks met die weermag te doen het nie. -- Dit is korrek, ja.

U het vir hom gesê? -- Ek het nie vir hom gesê dit is 'n (30)
privaat organisasie nie. Ek het vir hom gesê ek werk vir BSB,
vir kolonel/..

vir kolonel Verster of vir mnr. Verster, nie kolonel Verster nie en militêr is dit gekoppel aan generaal Webb. Ek het in kort vir hom verduidelik waar ek die vorige week was, waaroor ek en mnr. Verster gestry het, die bomvoorval daarna en dat ek in my hart oortuig was mnr. Verster was daarvoor verantwoordelik en dit is die rede hoekom my prokureur met hom 'n afspraak gemaak het en hoekom ek in sy kantoor gesit het in kort. Dit is wat ek vir hom gesê het.

Is dit wat u vir hom gesê het? -- Ja.

(10)

Nou, vertel dit enigiets van die aard en omvang van BSB, die feit wat u die vorige week gedoen het? -- In kort, ja.

Hoe so? -- Ek het vir hom die operasie waarby ek persoonlik die vorige week betrokke was by die uitvoering daarvan kortliks verduidelik en dit het vir hom 'n aanduiding gegee van ... (tussenbei)

Wat is die relevantheid van die operasie by die bomontploffing? -- Dit was die voorafgaande - die aanloop tot die voorval, dit is hoekom ek dit vir hom verduidelik het.

Nee, die aanloop tot die voorval was die rusie gewees. --
Dit is reg, ja. (20)

En die rusie het gegaan oor finansies. -- Dit is korrek.

Nou, al wat ek by u wil weet is wat het die Suidwes-operasie te doen gehad met die rusie en die bom? -- Dit het daarmee te doen gehad dat ek daardie oggend van die rusie teruggekome het van daardie operasie af en ek vir hom verduidelik het waar ek was en wat ek gedoen het voordat die rusie plaasgevind het in kort.

Maar wat is die relevantheid daarvan? -- Op daardie stadium het dit verband gehou met my BSB-betrokkenheid. Ek
het vir hom gesê wat daar gebeur het, waaroor ons gestry het,
die bomvoorval/.. (30)

die bomvoorval en dat ek oortuig was dat mnr. Verster verantwoordelik was vir die bomvoorval en ek het dit geglo.

MNR. VISSER: Maar u sien, mnr. Botes, as ons net hierdie vraag 'n bietjie verder wil voer, daar is tog ander goed - u het netnou gepraat van ses mense wat dood is, hoekom vertel u nie vir die minister dit ook sommer nie? -- Op daardie stadium het die minister vir my gevra verduidelik vir my kortliks waarom dit gaan en na ek hom verduidelik het, het hy gevra dat die generaals kom, beide van hulle, en hulle het gekom en hy het dit oorhandig aan die generaals en generaal Joubert het daarna die ondersoek hanteer na my wete. (10)

Ag, net vir 'n verrassende verandering antwoord net 'n vraag, asseblief mnr. Botes. -- Seker.

Met alle respek teenoor u. Die vraag van die kommissaris aan u is 'n baie eenvoudige een. Wat het hierdie voorval in Suidwes-Afrika te make gehad met die rede waarom u by die minister was die oggend? Nou u het nog nie 'n antwoord verstrek daarop nie. Nou vra ek vir u dit, as u dit as relevant beskou het vir die kennis van die minister, hoekom vertel u nie vir hom van ses mense wat u laat doodmaak het nie? -- (20)

Omdat die gesprek nie so lank geduur het nie en ek het hom nie in detail voorgelig het nie. Ek het hom op daardie stadium gesê waar ek die voorafgaande paar dae was tot ek teruggekom het. Ek het die oggend van die voorval uit Suidwes uit teruggekom, as agtergrondkennis van die voorval self en die bomvoorval die volgende week na my kennis. Dit is wat ek aan die minister vertel het en ek het dit aan hom aangebied omdat ek die oggend van die voorval teruggekom het uit Suidwes, Namibië uit. (30)

En dit is die relevantheid? -- Dit was die relevantheid.

Dit is waar/..

Dit is waar ek vandaan gekom het op daardie stadium.

Was u, voordat u na die prokureur toe gegaan het die oggend van die 29ste, darem daar by die winkel aan om te kyk hoe dit daar lyk? -- Ek het by die winkel vir die prokureur gewag, ja.

En u het gesien wat daar gebeur het? -- Ek het gesien wat daar gebeur het, ja.

Goed, ons is nou besig om te praat oor wat u vir die minister vertel het. Nou, op 'n vraag van die agbare voorsitter het u nou gesê dat u het vir die minister vertel van BSB, van Joe Verster, dat u vir die BSB werk, dat u met 'n operasie besig was in Suidwes-Afrika. -- Dit is korrek, ja. (10)

Is dit alles korrek? -- Dit is korrek.

En Joe Verster is verantwoordelik vir die ontploffing. -- Dit is korrek, ja.

Het u ook vir hom vertel van die rusie wat julle gehad het? -- Ek het vir hom vertel van die rusie.

Is dit al wat u vir die minister vertel het of is daar nog goed wat u vir hom vertel het? -- Dit is maar wat ek kan onthou, was dit min of meer alles wat ek vir hom vertel het. (20)

Dit is al? -- Ja.

U sien, die eienaardigheid, mnr. Botes, is dat hier was getuienis gewees en daar was kruisverhoor van brigadier Mostert en brigadier Mostert het hier aan die kommissie te kenne gegee dat die eerste keer wat dit rugbaar geword het dat daar so 'n organisasie soos die Burgerlike Samewerkingsburo bestaan was in November of was dit Desember 1989 toe mnr. Ferdie Barnard in aanhouding was en daar inligting bekom is. Dit is die eerste keer wat daar kennis geneem is, openbare kennis, van die bestaan van 'n organisasie met die naam van (30)

BSB en daardie getuienis van hom is nooit bevraagteken deur enigiemand nie. -- Ek het nooit met hom as sulks gepraat nie. Ek het by twee geleenthede, as ek reg onthou, detailgesprekke gevoer met generaal Jaap Joubert oor BSB. Hy het baie beslis geweet wat BSB behels. Hy het my ingevra oor moontlike BSB-aktiwiteite by onder andere die Webster-moord.

Laat ek sommer dit nou aan u stel, die minister ontken dat u ooit mnr. Verster se naam teenoor hom genoem het. U het gepraat van 'n werkgewer van u. -- Dit is nie waar nie. Ek het vir die minister gesê ... (tussenbei) (10)

So, die minister lieg daaroor. -- Dan lieg die minister, ja.

Goed, hy sê dat u het nooit vir hom enigiets gesê van cholera-spore in water in Suidwes-Afrika, enige operasie in Suidwes-Afrika nie. -- Ek het hom die feite vertel soos wat ek dit nou aan u gestel het en dit was daarby ingesluit. Ek het dit vir hom gesê in persoon.

VOORSITTER: Ja wel, het u nou - ek is nie seker nie. -- Ek is seker, mnr. die Voorsitter. (20)

Nee, wag, ek is nie seker wat u sê nie. -- O.

Al wat ek wil weet is het u vir hom gesê ek was doenig in Suidwes en ek het die vorige - ek het teruggekom die oggend, ons het die rusie gekry of het u vir hom gesê ek was in Suidwes gewees, ek was besig om namens 'n privaat organisasie kieme in drinkwater by Swapo-vlugtelingkampe te gooi en mambas en pofadders gevang en sulke goeters? -- Ek het die cholera-operasie spesifiek aangespreek. Ek het vir hom van die cholera-operasie gesê en BSB. Ek het BSB by die naam BSB genoem. (30)

Nou, wie het hy nou gedink is hierdie organisasie,

hierdie/..

hierdie privaat organisasie wat cholera-kieme in die drinkwater in Suidwes loslaat? -- Ek weet nie wat hy gedink het nie. Hy het my wel na generaal Joubert, Jaap Joubert, verwys om die saak te ... (tussenbei)

Ja, maar ek bedoel dit moes seker 'n verrassing vir hom gewees het? -- Ek weet nie of dit was nie. Ek kan my nie daarvoor uitlaat nie.

Dat u as 'n privaat persoon of namens 'n privaat organisasie sulke goeters vrylaat? -- Ek het my aan hom aangebied as 'n lid van BSB .. (10)

Ja, dit is nou 'n privaat organisasie. -- Onder die indruk dat hy dra waarskynlik kennis aangesien daar vir my in die verlede aangebied was dat daar 'n formele ooreenkoms bestaan met die polisie ten opsigte van ons optrede.

Laas was dit die weermag gewees, dit was u wat die ooreenkoms gehad het met BSB. Ek het nou al drie weergawes by u wie die ooreenkoms met die polisie gehad het. -- Die ooreenkoms met die polisie was BSB ...

Ja, wie die party tot die ooreenkoms was. Die verklaring sê dit is die weermag, die Vrye Weekblad sê dit is u persoonlik, u sê nou onder eed dit is BSB. -- BSB, na my finale gesprek met generaal Webb word dan beskou as die weermag in hierdie verklaring. So, BSB en die weermag dan - na ons finale gesprek was dan beskou as weermag. (20)

MNR. VISSER: U sien, die sonde van u ontkenning van die BSB as 'n weermagorganisasie vang al hoe meer met u op, mnr. Botes. Die punt hier is dit gaan oor cholera-kieme wat u vir die stomme minister nou sê u as 'n lid van 'n privaat organisasie in die water gegooi het by, ek is jammer vir die woord stomme, dit was nie so bedoel gewees nie, maar hier sit u by die (30)

minister en/..

minister en kan juis - ek kan my sy verbasing voorstel as hy hoor van kieme wat gegooi word in die water in vlugtelingkampe, Swapo-vlugtelingkampe in Namibië, om die verkiesing te ontwrig, want ek wil dit aan u stel die eerste ding wat by hom op sou gekom het is, maar ons sal hierdie organisasie moet stop, want hulle is alles wat die regering daar te probeer doen te ontwrig. Hulle is dan juis besig om die vlugteling te vermoor of cholera te gee. -- Meneer, ek kan my nie uitlaat oor wat by hom op sou kom nie. Ek het dit aan u gestel (10) wat ek aan die minister gestel het en ek glo mnr. Van Zyl kan hier kom getuig oor wat hy aan die minister gestel het, hoe-kom ek graag op daardie stadium, kort voor die verkiesing, die minister graag sou wou sien.

Het die minister sy verbasing uitgespreek oor hierdie stelling van u, toe u dit vir hom sê? -- Die minister het my aangehoor en waarna hy sy sekretaris gevra het om die twee generaals te roep en hulle gevra het om die probleem aan te spreek.

Het die minister sy verbasing uitgespreek oor dat julle (20) Swapo-teenstaanders wou vermoor in Suidwes-Afrika, mnr. Botes? -- Die minister het geen verbasing uitgespreek of kommentaar gelewer nie. Hy het dit oorgelaat ... (tussenbei)

VOORSITTER: Hy het ook nie 'n medalje aangebied nie? -- Hy het dit oorgelaat in die hande van die generaals.

MNR. VISSER: Ja, maar wat duidelik is volgens die Vrye Weekblad, mnr. Botes, is dat u vir die minister vertel het of moes vertel het dat daar 'n bom in u kantoor in Verwoerdburgstad ontplof het. -- Ek het dit vir hom vertel, ja.

En hier in die kommissie of in kruisverhoor van my (30) geleerde vriend, mnr. Hattingh, het u gesê die bom het ontplof in 'n kantoor/..

in 'n kantoor wat u met mnr. Alf Campbell deel. -- Dit is korrek. Dit is een groot vertrek wat ons onderverdeel het met "rhino board" soos ek dit beskryf het.

Maar, mnr. Botes, dit is mos nou 'n leuen, 'n blatante leuen. -- Wat is 'n blatante leuen?

U weet mos nou voor u heilige siel dat hierdie kantoor-area, hierdie spasie, onderverdeel is, dat mnre. Campbell en Cronje nrs. 8 en 9 okkupeer. -- Ja.

En u nr. 7 okkupeer. -- Ja.

(10)

Dat dit verskillende ingange behels. -- Ja

Dat die ontploffing voor nr. 8 plaasgevind het. -- Ja.

En u kantoorruimte nr. 7 is. -- Ja.

Nou maar hoekom vertel u dan so 'n leuen? -- Nr. 7 en nr. 8 is, kom ek stel dit, een ruim vertrek soos dié wat onderling net met "rhino board" afgeskort word. Daar is twee deure, soos wat ons hier het, nader aan mekaar waarskynlik as wat hierdie twee deure sit, definitief nader aan mekaar ...

VOORSITTER: Ja, maar die hele punt wat die advokaat maak is dan is die dominee hierbo en ek in dieselfde kantoor. -- Aan die einde van die dag was dit wat tussen ons - wat ons geskei het met die ontploffing, alles het op die grond gelê. Daar was niks wat ons werklik geskei het behalwe die "rhino board" nie, alles was tot niet. (20)

Ja, maar die vraag is waar die bom geplaas is. -- Die bom was geplaas voor nr. 8 se deur. Ons het een groot vertrek in die - dit was een groot vertrek wat onderverdeel was en dit is waarom dit gegaan het.

MNR. VISSER: Waarom het u dan die leuentjie vertel, aan die minister en hier aan die kommissie tot nou toe? -- Dit was nie 'n leuen nie. (30)

Maar u het/..

Maar u het tot dusver die indruk geskep, mnr. Botes, dat daar 'n ontploffing was in u kantoor.

VOORSITTER: Nee, ek dink die getuie het gister gesê dit was voor die deur van nr. 8.

MNR. VISSER: Maar behalwe, mnr. die Voorsitter, hy het nou so pas gesê dat hy aan die minister gesê het in sy kantoor.

VOORSITTER: Ja nee, ek weet, maar hy het gesê hy het dit ook aan die kommissie nie reg gestel nie, hy het dit al hier reg gestel.

MNR. VISSER: Dit sou korrekter wees dan om dit te stel soos die kommissaris dit sê, dat u aan die kommissie voorgegee het dat die ontploffing plaasgevind het by 'n kantoor wat deur u en mnr. Campbell gedeel word. -- Dit is korrek, ja.

(10)

Maar dit is nie korrek nie, want dit het by 'n kantoor plaasgevind wat deur mnr. Campbell beset word.

VOORSITTER: Ja wel, u het u punt gemaak, mnr. Visser.

MNR. VISSER: Mnr. Botes, net om terug te keer tot hierdie gesprek met die minister, u sien omdat dit kort voor 'n verkiesing was, volksraadverkiesing op 6 September, en die minister die oggend vroeg te hore gekom het, gelees het of op die televisie gesien het van hierdie ontploffing, het hy onmiddellik navraag gedoen oor hierdie ontploffing. Nou wil ek vir u sê wat die minister se kennis was toe u by hom ingestap het. Sy kennis was dat hierdie ontploffing glad nie polities geïnspireerd was nie. Daar was geen politieke motivering vir hierdie ontploffing nie en dat die aanduidings toe alreeds was op die 29ste, voordat u by die minister aangekom het, dat hierdie ontploffing 'n kriminele karakter gehad het of 'n kommersiële karakter. -- Dit kan so wees, ek weet nie oor wat se inligting die minister beskik het nie.

(20)

(30)

En dat toe/..

En dat toe u daar aangekom het en u gesê het dit is u kantoor, het die minister onmiddellik geen verdere belangstelling in u gehad nie, want hy het geweet u kan die speurders help, dit het niks met politiek te doen nie. -- In daardie geval wil ek graag sê dat aangesien die prokureur die afspraak gemaak het en die minister dit reeds geweet het, hoekom het hy dit nodig geag om my dan persoonlik te woord te staan en nie doodeenvoudig vir 'n generaal dan opdrag te gee of 'n persoon aan te stel om dan met my te praat nie?

(10)

Mnr. Botes, as die minister oortuig was dat dit 'n blote kriminele daad was, sou u verwag dat die minister nou self sy aandag moet bestee daaraan? Is die aangewese metode om te volg nie om dit te verwys na die speurders toe nie en nogal die adjunk-speurhoof? -- Ek aanvaar dit is so, ja.

So, daar is hoë prioriteit gegee aan u klagte, mnr. Botes. -- Daar was baie definitief, ja.

En dit bring my eintlik by die kern van die vraag, wat het u verwag moes minister Vlok gaan doen of gedoen het na aanleiding van u gesprek met hom? Wat het u verwag? -- Minister Vlok het gedoen wat ek verwag het. Hy het die generaal aangestel. Ek het met die generaal die saak in detail bespreek.

(20)

En die dank wat hy daarvoor kry is 'n berig wat van u af ontstaan het wat geplaas word in die Vrye Weekblad van 11 Mei met die opskrif "BSB-bom bars. Adriaan Vlok het geweet". Adriaan Vlok het geweet, wat het hy geweet? -- Hy het geweet van BSB se bestaan. Ek het nie die opskrif geskryf nie.

Wel, u sê hierso - die berig begin op die voorblad om te verwys na Petrus Jacobus Pieter Botes, uself, tot in Februarie werksaam by die BSB en dan 'n paragraaf later sê die berig

(30)

"Intussen/..

"Intussen blyk dit dat die Minister van Wet en Orde, Adriaan Vlok, reed in Augustus verlede jaar in die teenwoordigheid van twee van sy generaals volledig deur Botes oor die aard en omvang van die BSB ingelig is". Daar word dan verwys na die bomontploffing, die cholera-kieme, 'n moordaan slag op Hidipo Mahothenya, sabotasie op Marti Athisaari se motor waarvan u nou erken die ruite moes stukkend geslaan word, wat u op - en hierdie laaste aangeleenthede wat uself vandag hier bevestig u nie eers vir die minister van vertel het nie. -- Ek het dit (10)
nie vir die minister vertel nie. Ek het dit aan hierdie kommissie vertel wat ek met die minister bespreek het.

Maar, mnr. Botes, hier is 'n koerantberig wat na bewering of wat gebaseer is op inligting wat na bewering van u verkry is, het u ooit, toe u hierdie berig gelees het, vir mnr. Pauw gesê maar u weet hierdie goed wat onder hierdie hoof staan het ek nie vir die minister gesê nie? U het dit nie gedoen nie? -
- Ek het dit nie vir hom gesê nie. Ek het aan hierdie kommissie nou vertel presies wat ek met die minister bespreek het en slegs dit was relevant met wat die minister geweet het. (20)

Kom ons blaai net om na bladsy 2 toe. Nou word dit "Vlok het geweet". Sien u die beklemtoning op die woord het? Ek stel dit aan u, mnr. Botes, dat hierdie artikel bevat 'n aantyging teen die minister, dat daar 'n sinistêre motief was vir die minister om iets te doen of iets nie te doen nie met kennis wat hy gehad het op 29 Augustus 1989. Stem u saam daarmee? -- Ja.

Wat sê u moes die minister gedoen het, u, anders as wat ons nou weet hy gedoen het? -- Dit het die minister gedoen wat hy moes gedoen het. (30)

En u was tevrede? -- Ek was tevrede dat die minister

gedoen het/..

gedoen het wat hy moes gedoen het.

Maar nie die Vrye Weekblad nie, want hy sê op bladsy 2 "Die Minister van Wet en Orde, Adriaan Vlok, is op 29 Augustus verlede jaar deur 'n streeksbestuurder van die Burgerlike Samewerkingsburo, BSB, oor die organisasie se bedrywighede in- K69gelig. Hy is oor die meesterplan vir Namibië ingelig en cholera wat in vlugtelingkampe se drinkwater gegooi is. Pieter Botes" ensovoorts, en dan die volgende paragraaf "Hy sê hy het Vlok volledig oor die bedrywighede van die BSB ingelig en aan (10) hom gesê dat sy kantore deur die BSB opgeblaas is. Vlok het die hoof van die veiligheidspolisie, nou kommissaris Johan van der Merwe, en die speurhoof, generaal Jaap Joubert, ingeroep en die saak na hulle verwys." Mnr. Botes, dit gaan verder ... (tussenbei)

VOORSITTER: Wag net 'n bietjie.

MNR. VISSER: Ons weet nou al wat in die berig staan.

VOORSITTER: Wag net so 'n bietjie. Mnr. Botes, as u net daar kyk na die eerste paragrafie, het u die woorde onderstreep "hy is oor die meesterplan vir Namibië ingelig en cholera wat in vlugteling- (20) kamp se drinkwater gegooi is." -- Dit is korrek. Dit gaan daar spesifiek hy is oor die meesterplan vir Namibië ingelig.

Dit is my probleem, hier onderstreep u as synde verkeerd dat u hom sou ingelig het dat die cholera wat in die vlugtelingkamp se drinkwater gegooi is. -- Die cholera het ek hom wel oor ingelig.

Maar hoekom het jy dit onderstreep? -- Ek het dit gemerk, want dit het spesifiek gegaan oor die meesterplan van Namibië. Ek het hom nie daarvoor ingelig nie.

Maar dit het nie daarvoor gegaan nie. Ek vra u hoekom het u die tweede deel van die sin onderstreep? -- Dit het (30) spesifiek/..

spesifiek gegaan oor die meesterplan. Ek het hom sover ingelig.

Dit lyk vir my ek kan nie veel staatmaak op u onderstreplings ook nie. Ek het gedog dat dit beteken dat dit nie so gesê is nie. Gaan maar voort.

MNR. VISSER: Wat is net u antwoord vir die rekord op daardie laaste vraag van die kommissaris? -- Ek het hom ingelig oor die cholera-gedeelte. Ek het hom nie oor Namibië se meesterplan ingelig nie. Die cholera het verband gehou met wat ek die week voorafgaande gedoen het. (10)

En die feit dat u dit onderstreep het, wat het u daarmee bedoel om daarmee te kenne te gee? -- Daarmee moes te kenne gegee word dat hy is oor die meesterplan van Namibië ingelig, dit is nie waar nie.

Dit is nie waar nie.

VOORSITTER: Ja, ek sien nou as ons na die derde paragraaf gaan "Hy sê hy het Vlok volledig oor die bedrywighede van BSB ingelig". Nou het u dit weer hierdie keer nie onderstreep nie. Nou sê u u moes dit eintlik onderstreep het. -- (20)
Ek het Vlok nie volledig ingelig nie.

Ja, maar u het dit nie onderstreep nie. -- Ek het hom ingelig soos wat ek hier aangebied het.

MNR. VISSER: Met ander woorde die boodskap wat ons nou van u kry, mnr. Botes, as ek dit vir u so mag opsom, het ek u aandag, mnr. Botes? -- Ek het u aandag.

Is dat u het nie die minister sogenaamd volledig ingelig nie. -- Hy was nie volledig ingelig nie. Hy was volledig ingelig rakende die voorafgaande week, die cholera-geval, my BSB-betrokkenheid as persoon, die bomvoorval en my mening oor wie verantwoordelik was daarvoor. In terme daarvan was hy (30)

volledig/..

volledig ingelig. Hy was nie oor BSB volledig ingelig nie.

Mnr. Botes, ek wil net vir u sê, miskien weet u dit, wat gebeur het. Ons weet reeds dat generaal Joubert is toe belas met die ondersoek van hierdie aangeleentheid. Terloops, die polisie het reeds op die 28ste, daardie aand, om 23h30, begin met hulle ondersoek, dit reeds die oggend van 29 Augustus 1989 voortgesit. Wanneer was u by die minister? Kan u onthou hoe laat min of meer? -- Ek gaan raai, as ek reg onthou was dit die middag in die omgewing van 13h30 of 14h00, daar iewers.

(10)

Dit was miskien 'n bietjie later, nê, maar dit was in die middag? -- Miskien 'n bietjie later, maar dit was in daardie omgewing, ja.

En dat daar opdrag uitgegaan het van generaal Joubert dat 'n bekwame speurder aangestel moet word in hierdie saak as ondersoekbeampste en dat majoor De Villiers inderdaad die ondersoek oorgeneem het en die ondersoek gehanteer het. Is u bewus daarvan? -- Nee, ek is nie bewus daarvan nie. Ek aanvaar dat daar iemand aangestel was. Ek weet nie wie aangestel was nie.

(20)

Nou, mnr. Botes, ons het uittreksels gemaak uit die ondersoekdossier - mnr. die Voorsitter, mag ek een aan u ophandig? Gee asseblief vir die getuie ook een. Dit is vir die regter. Ek wil vir u net baie kortliks deur hierdie dossier neem. Daar is afskrifte beskikbaar vir die getuie en vir ander belanghebbendes, mnr. die Voorsitter. Terwyl daar geskarrel word, mnr. Botes, kan ek dit aan u stel dat van die begin af tot aan die einde toe hierdie ondersoek doodgeloop het, want hy het doodgeloop, was daar net twee moontlike suspisies gewees. Die een is deur uself te berde gebring, die een teen mnr. Verster. -- Dit is korrek, ja.

(30)

En al wat/..

En al wat daar was by wyse van getuienis of feite wat daardie suspisie gestaaf het, was u bewering dat hy betrokke was. -- Dit is korrek, ja.

Ek wil dit aan u stel dat die polisie kon geen titsel getuienis vind wat daardie bewering van u gestaaf het nie en dit sal blyk uit 'n lees van die dokumentasie wat ons nou voorgelê het, maar daar was 'n tweede suspisie gewees, mnr. Botes, en u is bewus van hierdie tweede suspisie, nie waar nie? -- Dit is korrek, ja.

(10)

Wat is daardie tweede suspisie? -- Die suspisie was, en dit was deur generaal Jaap Joubert aan my gestel, dat ekself daarvoor verantwoordelik kon gewees het.

Dit was die hoof suspisie gewees, kan ons dit ook sommer vir mekaar sê en kom ons kyk nou oor waarom die polisie hierdie suspisie teenoor u gehad het. As u kyk na bladsy 72, eintlik 71 van die bundel wat aan u voorgelê word dan sal u sien daar is 'n getikte bladsy wat lees "ondersoekdagboek". Mnr. die Voorsitter, 'n woord van verduideliking hier, daar is van bladsy 72 af, liewer van bladsy 70 af begin die ondersoekdagboek, maar ons het die handskrif baie moeilik leesbaar gevind en gevolglik dit laat oortik totdat die persoon wat dit geskryf het genadiglik van die saak blykbaar afgehaal is en iemand wat beter of mooier geskryf het oorgeneem het. So, die oorgetikte gedeeltes loop tot en met C11 en dit is waar majoor De Villiers oorgeneem het. Ek wil dit net baie kortliks aan u, kernpunte uitlig uit hierdie ondersoekdagboek. Op Maandag, die 28ste - ek verwys na bladsy 71, 28 Augustus om 23h30 - nou is hier 'n inskrywing. Nou, die ontploffing wat plaasgevind het, sal u ontken of sal u saamstem dat daardie ontploffing tussen 23h10 sê nou maar die aand en 23h20 daardie aand van

(30)

28 Augustus plaasgevind het? -- Ek weet nie hoe laat die ont-ploffing plaasgevind het nie.

So, u kan dit nie ontken nie? -- Nee.

Die ondersoekdagboek sê, in die middel van bladsy 71, "Ons het ondersoek ingestel, nadat 'n rapport ontvang is, en vasgestel dat daar by kantoor nr. 8, Butano-gebou, 'n ont-ploffing was", dit is Campbell en Cronje se kantoor. -- Dit is korrek, ja.

Na bladsy 73 toe dan is daar 'n inskrywing op 29 Augustus 1989 om 06h30, begin hulle met 'n ondersoek, daar is 'n klomp mense op die toneel en die laaste sin op daardie bladsy lees "Daar was by kantoor nr. 8, Butano-gebou, Verwoerdburgstad 'n ontploffing reg voor die deure" en voorts op bladsy 75 "Van die kantoor op die sement (teëls) oppervlak" en dan vind daar 'n uiteensetting van skade plaas, mnr. Botes. -- Ja. (10)

En die persoon wat hierdie skryf, ek vergeet wie hy is, gaan dan van kantoor na kantoor en hy bepaal skade en wat hy beskryf is op bladsy 75(1), glasdeure, vensterrame en ventilasiegat is beskadig, (2) 'n glasdeur is gebreek by nr. 3, oor op bladsy 77, 'n glasdeur en twee vensterrame en so gaan hy aan, vyf was daar geen skade, vier was daar geen skade, dan kom hy by sewe op bladsy 77. Volgens die inskrywing hier is die skade by - dit is nie Grace Personnel nie, maar Grey, nie waar nie? -- Dit is korrek. (20)

Grey's Personnel, was die skade volgens observasie van die polisie 'n glasdeur wat verwoes is en twee voorvensters. Wel, laat ek sommer nou vir u vra, stem u saam met daardie verslag? -- Ek stem daarmee saam in die sin dit was verwoes en die res ook, die plafonne het op die vloer gelê en die binne-mure was tot niet gewees. (30)

Die plafonne/..

Die plafonne, was dit buite of binne-in die winkel? --
Nee, dit was binne-in die winkel. Dit het afgekom van die dak
af.

Maar dit is strukturele skade. -- Struktureel in die sin
van dit was nie deel van die struktuur van die gebou as sulks
nie. Dit was binne-in wat los - die plafonne hang los teen
die betonstruktuur van die gebou self.

Wat ons bedoel met strukturele skade is, dit is deel van
die bouwerk, dit is nie meubelment of ander toebehore, los
goed binne-in die winkel nie? -- Dit is korrek. (10)

So, die skade wat hierso bespreek word, is klaarblyklik
volgens hierdie observasie strukturele skade? -- Ja.

U sê daar kom plafonne ook nog by en ek dink u het vroeër
genoem die afskorting tussen u en Campbell en Cronje was ook
beskadig. -- Dit is reg, ja.

Dan kom hy by kantoor nr. 8 en hy sê "Die kantoor is
totaal verwoes, totaal en al verwoes, van die grond tot teen
die dak." -- Ja.

Sou u daarmee saamstem? -- Ja.

Sou u saamstem met die indruk wat geskep word by die
skade-observasie van hierdie persoon dat daar baie minder
skade was by sewe, u kantore, as wat daar by agt was? -- Ja. (20)

U het gister, as ek u getuienis korrek verstaan het, is u
gevra gewees of u skade minder was of meer was, ek is nie
seker hoe die vraag aan u gestel was nie, as dié by agt en toe
het u 'n antwoord gegee wat min of meer soos volg gelui het, u
het gesê pro rata het u en Campbell dieselfde skade gely. --
Dit is korrek, ja.

Nou, kan u net daardie antwoord vir ons verduidelik,
asseblief? -- Ek het daar gepraat in terme van (30)

besigheidsgewys/..

besigheidsgewys. Hulle kon nie werk nie, ons kon nie werk nie. Ons het probeer werk daarvan af en ons het aangegaan omdat al ons besigheid aangewese was op daardie perseel. Mnr. Campbell-hulle het weggetrek van daardie perseel af. Die skade wat wel gedoen was - ons was beperk normaalweg tot een kantoor, of 'n hoek. Ons het getrek soos wat die herstelwerk plaasgevind het. Die alternatief was ons moes heeltemal uit die gebou uit. Ons kon nie weggaan van ons telefone nie, dit is hoekom ons nie daar weggegaan het nie.

(10)

Is dit hoe u mnr. Hattingh se vraag verstaan het? -- Dit is soos ek die skade gesien het, ja.

Wel, laat ek dit dan vir u baie pertinent vra, was die skade aan u eiendom binne-in die perseel, binne-in die winkel dieselfde, pro rata as u wil, as die skade van die eiendom binne-in, nie die strukturele skade nie, van die bates binne-in die perseel van mnr. Campbell dieselfde? -- Ek weet nie wat mnr. Campbell verloor het nie.

Het u nie geweet dat hy rekenaartoerusting en programme daar het nie? -- Hy het rekenaartoerusting verloor. Ek weet nie wat hy verloor het nie. Ek het dit nie gesien vooraf nie. (20)

Ek het dit ook nie agterna gesien nie. Ek was slegs by een geleentheid vooraf in die ontvangs van sy kantoor gewees. Ek weet nie wat hy verloor het nie.

Maar, mnr. Botes, ek het vir u netnou gevra of u die oggend van die 29ste gegaan het na die toneel toe, toe sê u ja. Toe het ek vir u gevra, as u sal onthou. -- Ja.

Het u gekyk wat daar gebeur het? -- Ek het gekyk. Ek was voor die kantoor waar die ontploffing was en ek was binne-in my eie kantoor. Ek was nie in mnr. Campbell se kantoor nie.

(30)

Maar dan het u mos gesien wat daar gebeur het by nr. 8 en u het mos/..

u het mos gesien wat daarso aangaan binne-in sy kantoor. -- Ek het gesien, ja, maar ek weet ... (tussenbei)

Maar dan verstaan ek nie dat u nou sê dat u weet nie of daar skade was nie. -- Ek weet daar was skade, meneer. Wat ek vir u sê is ek weet nie wat presies hy alles verloor het nie. Ek het nie betwyfel dat die man skade gehad het nie. Ek weet nie wat hy alles verloor het nie.

As Campbell sê en Cronje sê dat hulle skade hier tussen R30 000 en R50 000 aan rekenaartoerusting en programme, sagte ware was, vergeet van verlies aan besigheid, sou u dit aan- (10)
vaar? -- Ek weet nie. Dit kan wees, ja.

Maar u het ook gister en weer vandag vir hierdie kommissie gesê dat die skade wat u gely het tussen R40 000 en R50 000 was. -- Dit is korrek, ja.

Waarom was hierdie skade aangerig? -- Hierdie skade was aangerig aan besigheidsgewys en ook aan van my toerusting.

VOORSITTER: Wat bedoel u besigheidsgewys? -- Besigheidsgewys beteken ek het van Septembermaand af of van na die bomontploffing af tot omtrent die einde van Februarie salarisse betaal sonder dat ons werklik produktief daar kon werk. Dit (20)
is waarom dit gegaan het.

Kan ons net asseblief, want ek glo nie iemand in hierdie gebou het dit so verstaan nie, kan ek vir u die eenvoudige vraag vra, wat was die koste van u fisiese, daadwerklike skade soos gely op 29 Augustus 1989? -- Ek het nie 'n presiese bedrag nie. Ek ..

Gee my naastenby .. -- Naastenby in die omgewing van R9 000 tot R10 000.

So, die res is nou u onvermoë om weer besigheid te dryf daarna? -- Ons kon nie besigheid bedryf daarna totdat dit (30)

herstel/..

herstel was nie.

MNR. VISSER: Kan u net vir die agbare voorsitter inlig wat presies beskadig is, by Grey's Personnel? Vergeet van die strukturele skade. -- By Grey's was beskadig twee lessenaars en drie stoele, 'n faksmasjien en 'n fotostaatmasjien as ek reg onthou. Dit was die skade gewees.

Ken u 'n mnr. Kotzenberg? Bladsy 15. -- Ja, ek ken mnr. Kotzenberg.

Wie is hy? -- Hy was 'n werknemer by my gewees.

(10)

Ten tyde van hierdie ontploffing? -- Dit is korrek, ja.

Sou 'n mens met redelikheid kon aanvaar dat hy vir die polisie sou gesê het wat die skade is wat u nou van gepraat het, lessenaars, faksmasjien en wat nog - 'n foto-afdrukmasjien? -- 'n Fotostaatmasjien, 'n faksmasjien, twee lessenaars en drie stoele. Dit was my ... (tussenbei).

Twee lessenaars, drie stoele. -- Dit is korrek.

R10 000 ongeveer. -- Ja.

Sou hy dit kon opgemerk het die oggend van die 29ste? -- Hy kon dit waarskynlik gedoen het, ja.

(20)

En 'n mens sou aanvaar dat as daardie skade wel aangerig was dan sou hy dit seker darem nou vir die polisie gesê het as hulle hom gevra het daarna, nie waar nie? -- As hy dit geweet het sou hy dit gesê het, ja.

Maar as hy dit nie gedoen het nie sou 'n mens ten minste verwag het u vrou, die bestuurderes, sou dit vir die polisie gesê het? -- Ek glo so, ja.

Kom ons lees wat sê hierdie mense, Kotzenberg, bladsy 15. "Ek is 'n volwasse witman, 47 jaar .."

VOORSITTER: Lees maar net die paragraaf.

(30)

MNR. VISSER: Twee, drie. Hy sê hy is werksaam by Grey's

Personnel/..

Personnel en dan sê hy Maandag is hy daar weg, hy het gesluit, alles was in orde, Dinsdag teruggekom en hy sê "by my kantoor is ek deur 'n polisiebeampte ingelig dat 'n ontploffing by die kantoorgebou plaasgevind het.

6. Op nadere ondersoek het ek vlugtig die volgende skade opgemerk: Die voorste glasdeur is totaal verwoes, albei voorste venster is verwoes. Daar kan nie op hierdie stadium verder vasgestel word van enige ander skade nie."

(10)

Hy is nou by die winkel. U eggenote is Joah-Mari Botes. -- Dit is korrek, ja.

Bladsy 18. Sy sê "Ek is die huurder van kantoor nr. 7, Butano-gebou" en dan sê sy sy was 11.30 daar, ons weet nou nie of dit in die aand of in die oggend was die vorige dag nie, maar laat dit nou maar soos dit wil, dan sê sy paragraaf 6: "Ek het om nege uur dieselfde dag by die kantoor aangekom en vasgestel dat daar wel skade aangerig is." So, sy stel die skade vas. Sy sê sewe: "Op hierdie stadium kan daar nie bepaal word wat die aard van die skade is nie. Ek is nie teen skade verseker nie. Ek het geen beserings opgedoen nie." Wat (20) eienaardig en treffend is, mnr. Botes, stel ek dit aan u, is dat hierdie persone kom en hulle gaan stel ondersoek in, hulle sien nie lessenaars wat stukkend is nie, hulle sien nie 'n faksmasjien wat stukkend is nie, hulle sien nie 'n fotostaatmasjien wat stukkend is nie, maar u sê al hierdie goed was stukkend gewees. Die polisie weet niks daarvan nie. -- Dit was stukkend. Dit is op 'n later stadium herstel, na my wete op daardie stadium, en ek weet nie hoe diep Kotzenberg binne in die kantoor was nie. Na my wete op daardie stadium het die (30) plafonne op die tafels gelê en hy kon in alle geval nie op

daardie stadium/..

daardie stadium sommer net so vasstel wat stukkend was en wat nie stukkend was nie.

VOORSITTER: Ekskuus tog, mnr. Visser, ek dink ons kan na iets meer vrugbaar gaan. Sê net dit vir my, moes u betaal vir die skade aan die faksmasjien? -- Ek het op 'n later stadium betaal vir die herstel van die faksmasjien, ja.

En moes u betaal vir die herstel van die ..(tussenbei) -- Die fotostaatmasjien was onder waarborg, hy was gratis herstel.

So, hy is gratis herstel, so u het nie daardie skade gely (10)
nie? -- Ek het daardie skade gely.

Hoe so? -- Die faksmasjien se skade, die fotostaatmasjien was verniet. Dit is die skade. Twee van die stoele het ek van ontslae geraak, van dit het ek weggegooi, die ander stoel staan op die oomblik in die bestuurder se kantoor en hy is nog steeds half stukkend.

MNR. VISSER: Maar u het gesê u sal dokumentasie voorlê ... (tussenbei) -- Dit is korrek, ek het die bestuurderes opdrag gegee om dit vir my bymekaar te kry, ja.

Nou, hierdie persoon Campbell staan hy by u bekend as Alf? -- Ja. (20)

Nou, wie presies is die persoon wat by hom ondergehuur het, winkel nr. 7 by hom ondergehuur het? -- Ek is die persoon wat by hom ondergehuur het.

Nie soos u eggenote sê dat dit sy was nie? -- Ek het ondergehuur, ek het die kontrak geteken. Die kontrak is in my naam.

En vertel vir die kommissaris iets van u verhouding met mnr. Campbell? -- Ek en mnr. Campbell het mekaar nie regtig geken nie. Ons het mekaar by een geleentheid gesien. Mnr. Campbell het 'n parkeerruimte aan my verhuur wat nie bestaan (30)

het nie/..

het nie en ek en nr. Campbell het 'n argument gehad oor die parkeerruimte wat nie bestaan het nie waarvoor ek vooruit-betaal het wat aanleiding gegee het dat mnr. Campbell vir my 'n alternatiewe parkeerplek gegee het waarna hy my gedagvaar het en ons in die hof gestaan het en dit in die hof aanvaar was dat dit wat ek hom toegevoeg het, dat hy 'n "cheat", 'n "thief", 'n "bull-shitter" en 'n "liar" was, hy die geding met koste gedra het. Dit was die uitkoms en dit was die verhouding tussen my en mnr. Campbell.

(10)

So, ons weet daar was 'n argument gewees tussen u en mnr. Campbell. -- Dit is korrek, ja.

Kan u net sê wanneer dit was? -- Ek kan nie die datum onthou wanneer dit was nie.

Was dit miskien so Februarie 1989? -- Dit kon gewees het, ja.

En u het toe 'n redelike ernstige woordewisseling met mekaar gevoer? -- Ons het 'n woordewisseling gehad, ja.

Het u 'n aanmaningsbrief ontvang van 'n prokureur van mnr. Campbell? -- Ja, ek het.

(20)

En het u daardie brief geïgnoreer? -- Ek het daardie brief na my prokureur geneem, mnr. Van Zyl, en op sy aanbeveling dit geïgnoreer, want my houding was dit wat ek gesê het sal ek staan by. Ek het betaal vir 'n parkeerplek wat nie gestaan het nie - wat nie bestaan het nie, wat my houding ... (tussenbei).

VOORSITTER: Ja-nee, ek dink ons wil net weet ... (tussenbei)

-- Ek het volstaan daarby. Ek het gesê as hy my wil dagvaar dan moet hy my dagvaar.

MNR. VISSER: En toe dagvaar hy u? -- Dit is korrek.

Nou, u is gister op twee geleenthede gevra gewees wanneer u die dagvaarding ontvang het en meer spesifiek of u hierdie

(30)

dagvaarding/..

dagvaarding van die prokureurs van mnr. Campbell ontvang het voor die ontploffing plaasgevind het, kan u dit onthou? -- Ek kan dit onthou en ek onthou ook dat ek gesê het ek kan nie onthou wanneer presies ek dit ontvang het nie.

Nee, nee, maar u het ook iets anders gesê, mnr. Botes. U het gesê, stel ek dit aan u, dat u glo nie dit was voor die ontploffing nie. -- Dit is korrek. Ek het gesê ek kan nie onthou, ek is nie seker of dit voor die ontploffing was nie.

Wel, ek wil aan u 'n afskrif wat ons bekom het van mnre. Blom en Kotzè toon. Hierdie afskrifte bevat in die eerste plaas 'n afskrif van 'n brief wat aan u gerig is ..(tussenbei) (10)

VOORSITTER: Ja, gee ons net die datums, mnr. Visser.

MNR. VISSER: Mnr. die Voorsitter, die datum van persoonlike betekening van die dagvaarding in die betrokke saak is 28 Julie 1989, presies een maand voor die bomontploffing.

VOORSITTER: Aanvaar u dit so? -- Ek aanvaar dit so. Die rede daarvoor is ek het nie veel aandag daaraan gegee het nie omdat dit my nie gepla het nie.

Ja-nee, solank u dit net aanvaar maak dit nie saak nie. (20)

-- Ek aanvaar dit so.

MNR. VISSER: Is dit iets wat dikwels met u gebeur? -- Nee, dit gebeur nie ... (tussenbei).

'n Normale ding dat u dagvaardings ontvang? -- Nee, dit is hoekom ek dit met my regsverteenvoerder bespreek het.

Hoekom is dit dat u dit so moeilik vind om te onthou wanneer u hierdie dagvaarding ontvang het?

VOORSITTER: Ag, mnr. Visser, ek dink kom ons los - kan ons na 'n ander onderwerp gaan, asseblief, wat 'n bietjie meer relevant is?

MNR. VISSER: In ieder geval, is u bewus daarvan dat daar by (30)

Campbell se/..

Campbell se winkel, by Campbell en Cronje, ingebreek is 'n rukkie vantevore en toe het hulle skade gely. Weet u daarvan of nie? -- Ek het die bewering gehoor dat daar ingebreek was, mnr. Kotzenberg het my so meegedeel.

Nou, toe kom daar nou op 28 Augustus hierdie ontploffing, en net vir die oorkonde, mnr. die Voorsitter, die getuie Cronje op bladsy 24, in die middel van die bladsy, sit die skade uiteen. Hy praat van tussen R30 000 tot 50 000 aan toerusting en sowat R40 000 aan die kantore. Ek wil vir u dit vra, die konstruksie van die kantore, die deure en die vensters en die plafonne, alles wat deel is van die konstruksie van die gebou, het u enigiets moes betaal vir die regstelling daarvan? -- Nee, ek het nie. (10)

Is dit korrek dat dit verseker was, die gebou en die konstruksie van die gebou verseker was deur die eienaar? -- Ek glo so, ja.

Dit sal blyk uit bladsy 35, mnr. die Voorsitter. U sien, net na die ontploffing of tydens die ontploffing liewer, bladsy 50, mnr. die Voorsitter, was daar 'n nagwag wat daar gesien het iets gebeur. Wat hy gesien het, is dat 'n motor wegjaag van die toneel af en as gevolg daarvan het die polisie sekere ondersoeke gedoen. Ek gaan nou vir u sê wat dit was, ek wil vir u net eers dit vra, ken u 'n persoon wat 'n rooi Ford Escort-voertuig bestuur? -- Nee, nie na my wete nie. (20)

Kan ek u geheue probeer verfris? -- Ja, u kan.

Oor die naweek van 9/10 September was daar 'n rooi Escort-voertuig wat by u aan huis was, 'n persoon met 'n rooi Escort-voertuig, by u aan huis. -- Mag ek in my dagboek kyk?

Ek sal vir u die registrasienommers ook gee. DWG591T. U kan dit maar neerskryf. -- Gee dit weer, asseblief. (30)

DWG591T. -- Ja.

Ken u so 'n persoon? -- Nee, ek kan nie dink dat ek so 'n persoon ken nie. Nie met 'n rooi Escort nie.

U sien, die nagwag se naam is Mafora en hy sê die aand van die 28ste het hy - ek gaan net met hierdie een aspek gou probeer klaar maak, mnr. die Voorsitter - het hy 'n rooi, ouerige motortjie, motor sien wegjaag in 'n westelike rigting uit die parkeerterrein by die Butano-gebou en daar was ander mense wat na bewering ook so iets gesien het en die polisie het toe begin navraag doen en begin ondersoek instel, want dit was hulle een leidraad, 'n rooi motor en Maandagoggend gaan ek vir u vra oor 'n rooi Mazda 323-voertuig wat op u naam geregistreer is. -- Dit is korrek, ja.

En voordat die pers miskien die ding verkeerd verstaan wil ek dadelik aan u stel dat u suster, of ten minste vir doeleindes van die pers stel dat u suster het 'n verklaring gemaak waarin sy gesê het u het daardie motor aan haar gegee en dit was by haar ... (tussenbei) -- Vir gebruik.

En dit was by haar in haar garage op die 28ste, niemand het dit gebruik nie. -- Ja.

Ons sal daar begin Maandagoggend.

VOORSITTER: Mnr. Visser, ons moet oppas dat ons nie te ver wegdwaal nie.

MNR. VISSER: Ja, mnr. die Voorsitter.

DIE KOMMISSIE VERDAAG TOT 28 MEI 1990.

Collection Number: AK2300

HARMS COMMISSION OF INQUIRY, Death squads 1990

PUBLISHER:

Publisher:- Harms Commission of Inquiry

Location:-

©1990

LEGAL NOTICES:

Copyright Notice: All materials on the Historical Papers website are protected by South African copyright law and may not be reproduced, distributed, transmitted, displayed, or otherwise published in any format, without the prior written permission of the copyright owner.

Disclaimer and Terms of Use: Provided that you maintain all copyright and other notices contained therein, you may download material (one machine readable copy and one print copy per page) for your personal and/or educational non-commercial use only.

People using these records relating to the archives of Historical Papers, The Library, University of the Witwatersrand, Johannesburg, are reminded that such records sometimes contain material which is uncorroborated, inaccurate, distorted or untrue. While these digital records are true facsimiles of paper documents and the information contained herein is obtained from sources believed to be accurate and reliable, Historical Papers, University of the Witwatersrand has not independently verified their content. Consequently, the University is not responsible for any errors or omissions and excludes any and all liability for any errors in or omissions from the information on the website or any related information on third party websites accessible from this website.

This document is part of a private collection donated to Historical Papers at The University of the Witwatersrand.